

**BIBLIOTEEKDIENS AAN BEJAARDES,  
MET BESONDERE VERWYSING NA PRETORIA**

**H.J.M. Retief**

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die  
vereistes vir die graad M.A.(Bibl.) aan die  
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.  
onder leiding van prof. H.C. van Rooy

**Potchefstroom  
1971**

## Erkenning

Dit is by my 'n behoefte om al die persone wat 'n bydrae tot hierdie studie gemaak het, te bedank. Sonder hulle hulp sou hierdie verhandeling nooit die lig kon sien nie. Graag sê ek vir een en almal, van wie ek hulp van watter aard ook ontvang het, baie dankie.

Graag wil ek die volgende persoonlik bedank: my studieleier, prof. H.C. van Rooy vir sy besondere hulp en leiding en vir die aanmoediging om met hierdie spesifieke tema voort te gaan; die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die hulp wat ek van dr. J.M. Lötter en veral van mnr. T.J. van der Walt ontvang het. Mnr. Van der Walt het uiters waardevolle hulp verleen met die samestelling van die ondersoekgroep vir die opname in verband met die bejaardes van Pretoria en met die opstel van die vraelys. Sy deskundige kennis was van onskatbare waarde; mnr. A. Viljoen van die Departement Biblioteekkunde en mev. D. Venter van die Rekenaarsentrum van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. vir hulle hulp met die verwerking van die gegewens van die opname; mev. M. Herbst van die Pretoriase Streeksraad vir die Welsyn van Bejaardes en dr. D. Louw van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir inligting in verband met bejaardesorg; die Stadsraad van Pretoria vir 'n studiebeurs om die opname te maak en vir toestemming om inligting wat ek in my werk opgedoen het, vir hierdie studie te gebruik; mej. M.A.J. Sweers van die Pretoriase Kollege vir Arbeidsterapie vir die gebruik van die standarde wat sy vir geboue vir liggaamlik gestremdes opgestel het; my plaaslike en oorsese kollegas in die biblioteekberoep wat my van in-

ligting oor hulle dienste aan bejaardes voorsien het; mev. C.M. Maree en haar personeel van die Pretoriase Openbare Biblioteek vir hulle moeite met die opspoor van publikasies; mnre. J.H. Fourie en J.H. Wandrag vir hulle hulp met die opname; mev. A. Lessing vir die tik van die verhandeling; mnr. C.J.H. Lessing van die Ferdinand Postma-biblioteek, Potchefstroom, vir sy waardevolle hulp met die publikasie van die verhandeling; en laaste, maar seker die belangrikste, die bejaardes van Pretoria sonder wie se heelhartige samewerking hierdie ondersoek nie onderneem kon word nie.

Die verdraagsaamheid, hulp en aanmoediging van my man, wat vir baie jare die ongerief van 'n studerende vrou geduldig verdra het, was die grootste aansporing om hierdie studie deur te voer.

# Inhoud

|     |                                                                  |     |
|-----|------------------------------------------------------------------|-----|
| 1   | Inleiding                                                        | 1   |
| 2   | Metode van ondersoek                                             | 12  |
| 3   | Beleid ten opsigte van bejaardesorg                              | 20  |
| 4   | Eienskappe van bejaardes wat 'n biblioteekdiens beïnvloed        | 34  |
| 5   | Lektuurvoorsiening aan bejaardes                                 | 46  |
| 5.1 | Die waarde van lees vir die bejaarde                             | 46  |
| 5.2 | Die leesbehoefte van bejaardes                                   | 48  |
| 5.3 | Die leessmaak van bejaardes                                      | 55  |
| 6   | Die openbare biblioteek se dienste aan bejaardes                 | 64  |
| 6.1 | Motivering vir die lewering van spesiale dienste aan bejaardes   | 64  |
| 6.2 | Vereistes vir biblioteekdienste aan bejaardes                    | 68  |
| 6.3 | Die aard van diens aan bejaardes                                 | 77  |
| 7   | 'n Algemene oorsig van bestaande biblioteekdienste vir bejaardes | 109 |
| 7.1 | Verenigde State van Amerika                                      | 109 |
| 7.2 | Brittanje                                                        | 110 |
| 7.3 | Nederland                                                        | 111 |
| 7.4 | Finland                                                          | 114 |
| 7.5 | Swede                                                            | 114 |
| 7.6 | Ander lande                                                      | 115 |
| 7.7 | Suid-Afrika                                                      | 116 |

|      |                                                                                                 |     |
|------|-------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 8    | Agtergrondsinligting oor bejaardes in Pretoria                                                  | 121 |
| 8.1  | Ouderdom                                                                                        | 121 |
| 8.2  | Huwelikstaat                                                                                    | 124 |
| 8.3  | Huistaal                                                                                        | 125 |
| 8.4  | Onderwyspeil                                                                                    | 127 |
| 8.5  | Inkomste                                                                                        | 131 |
| 8.6  | Beroepsverband                                                                                  | 132 |
| 8.7  | Woonplek                                                                                        | 134 |
| 8.8  | Mobiliteit                                                                                      | 135 |
| 8.9  | Gesigsvermoë                                                                                    | 136 |
| 8.10 | Klub- en verenigingslewe                                                                        | 137 |
| 8.11 | Vryetydsbesteding                                                                               | 139 |
| 8.12 | Die belangstellings en leessmaak van bejaardes                                                  | 147 |
| 9    | Voorgestelde program vir biblioteekdienste aan bejaardes in Pretoria                            | 155 |
| 9.1  | Motivering vir 'n aktiewe biblioteekdiens aan bejaardes deur die Pretoriase Openbare Biblioteek | 155 |
| 9.2  | Huidige stand van dienste aan bejaardes                                                         | 157 |
| 9.3  | Voorgestelde dienste                                                                            | 160 |
| 10   | Slotopmerking                                                                                   | 179 |

# Tabelle

|      |                                                               |     |
|------|---------------------------------------------------------------|-----|
| I    | Toename van bejaardes in Suid-Afrika                          | 5   |
| II   | Bejaardes volgens ouderdom                                    | 122 |
| III  | Bejaardes, wat feitlik die hele dag lees, volgens ouderdom    | 123 |
| IV   | Bejaardes, wat nog enige belangstelling het, volgens ouderdom | 123 |
| V    | Leessmaak van bejaardes volgens ouderdom                      | 125 |
| VI   | Bejaardes volgens huistaal                                    | 127 |
| VII  | Onderwyspeil van bejaardes volgens huistaal                   | 128 |
| VIII | Opvoedkundige peil van bejaardes in 1962 en 1970              | 130 |
| IX   | Mobiliteit van bejaardes                                      | 136 |
| X    | Gesigsvermoë van bejaardes                                    | 137 |
| XI   | Bejaardes se deelname aan klub- en verenigingslewe            | 138 |
| XII  | Vrye tyd van bejaardes                                        | 145 |
| XIII | Vrye tyd van bejaardes volgens woonplek                       | 146 |
| XIV  | Belangstellings van bejaardes                                 | 148 |
| XV   | Leessmaak van bejaardes                                       | 151 |

## Bylaes

- A Vraelys 181
- B Woonbuurte van Pretoria wat in die ondersoek betrek is 188
- C Ouetehuise wat in die ondersoek betrek is 189
- D American Library Association. Association of Hospital and Institution Libraries. Hospital Standards Committee. Standards for library services in health care institutions: The patients' library 190
- E Sweers, M.A.J. Suggestions for making public buildings usable by the physically handicapped 196
- F Voorbeeld van 'n rooster van die Live Long and Like it Library Club se biblioteekprogramme vir bejaardes 204

# 1 Inleiding

Die keuse van 'n onderwerp vir hierdie studie het op biblioteekdienste vir bejaardes geval om die volgende redes, afgesien van die belangstelling wat ek lank reeds in hierdie diens het:

i Die aantal bejaardes styg elke jaar en word tans in Suid-Afrika op minstens 7% van die Blanke bevolking geskat. Dit is dus reeds so 'n groot groep dat hulle behoeftes in ag geneem moet word.

ii Daar is nog nooit 'n ondersoek na die biblioteekbehoefte van hierdie groep in Suid-Afrika onderneem nie.

iii Daar word baie aandag aan afsonderlike biblioteekdienste vir kinders tot 12 jaar en jeugdige 12 tot 18 jaar bestee, maar die groep bo 18 jaar word gewoonlik net as een groep behandel. Of 'n persoon 18 jaar of 90 jaar is, word hy oor dieselfde kam geskeer. In ons land word daar nog baie min gedoen om 'n biblioteekdiens spesiaal vir diegene van 65 jaar en ouer te lewer, terwyl hulle definitief behoeftes het, wat eie aan die groep is.

iv Die bejaardes het hulle lewe lank belasting betaal, en al het hulle almal nie 'n groot geldelike bydrae gemaak nie, het hulle opgebou wat ons vandag geniet. Daar is reeds so min fasiliteite, wat deur belastings daargestel word, wat hulle nog kan gebruik. Die biblioteekdiens is een van die fasiliteite wat hulle wel kan gebruik en wat vir hulle groot waarde kan hê. Daarom is dit die taak van elke bibliotekaris wat betrokke is by die lewering van 'n openbare biblioteekdiens, om aan hierdie



groep so 'n goeie diens as moontlik te lewer. Ek hoop om deur hierdie ondersoek 'n bydrae te lewer tot 'n beter biblioteekdiens vir die bejaardes van Pretoria.

Graag haal ek die volgende aan uit mnr. P.J. Olivier, gewese Administrateur van die Kaapprovinsie, se openingsrede van die Nasionale Konferensie insake die Welsyn van Bejaardes, Kaapstad, 5 tot 7 Oktober 1955:

„Elke land het dieselfde probleme in hierdie opsig en 'n mens kan byna die peil van sy beskawing meet aan die versorging van sy jeug en van sy oues van dae.“<sup>1)</sup>

'n Biblioteekdiens vir die bejaardes in Suid-Afrika is nog heeltemal in die beginstadium van sy ontwikkeling. Daar word nog weinig deur die openbare biblioteke gedoen om in die behoeftes van hierdie ouderdomsgroep te voorsien.

Die resultate van enige gemeenskapsopname wat tans in Pretoria met sy fenomenale uitbreidings en bevolkingsontploffing onderneem word, sal nie lank geldig wees nie, maar aangesien die bejaardes nie veel deur die bevolkingsontploffing of die uitbreidings geraak word nie (dis die jongmense wat hierdeur beïnvloed word), en aangesien daar nog nooit 'n studie van die biblioteekbehoefte van Pretoria se bejaardes gemaak is nie, was 'n opname nodig om tendense te bepaal. Daar bestaan tans ook nog in Pretoria feitlik geen spesiale biblioteekdienste

1) NASIONALE Konferensie insake die Welsyn van Bejaardes. Verslag. Kaapstad, 5 - 7 Oktober 1955, p.3.

vir bejaardes nie, en om 'n diens van meet af in te stel, het 'n opname groot waarde. Oor 'n verdere 10 jaar sal sekere aspekte, soos die opvoedkundige peil en gevolglik ook die leesbehoefte van die bejaardes, wel heeltemal verander maar die basiese dienste sal nie ingrypend verander nie, en hulle kan dan uitgebou word om by veranderde omstandighede aan te pas soos wel die geval met alle biblioteekdienste is.

Die opname is ook belangrik omdat daar spesiale voorsiening gemaak moet word vir biblioteekdienste aan bejaardes, veral wat die huisgebondenenes betref, en hulle is oor die hele stad verspreid. Hulle moet opgespoor word want baie van hulle is nie in staat om hulle self by die Biblioteek aan te meld nie.

Die eerste vraag wat gestel moet word, voordat die bejaardes se biblioteekbehoefte ondersoek kan word, is „Wie is die bejaarde?" Volgens die 1962-verslag van die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing kan die begrip „bejaardheid" nie gegrond word op liggaamlike toestand, beroepsgeskiktheid, sielkundige toestande of sosiale betrekkings nie. Vir die doel van die Buro se ondersoek na die lewensomstandighede van bejaardes, 1959, is persone van 60 jaar of ouer as bejaard beskou.<sup>2)</sup> Maar vir die doeleinde van statistiek en wetenskaplike ondersoeke word dit vandag internasionaal aanvaar dat persone van 65 jaar en ouer as bejaard beskou word. Vir die doel van hierdie ondersoek word die ouderdomsgrens dan ook op 65 jaar gestel.

2) SUID-AFRIKA (Republiek). Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Die lewensomstandighede van bejaardes, p.4 - 5.

Hierdie studie is ook net beperk tot die Blanke bejaardes.

Die huidige geslag bejaardes in Pretoria is meesal van die platteland afkomstig, hulle het oor die algemeen 'n redelike lae onderwyspeil en hulle besit ook nog nie 'n leesradisie nie. Weë moet gevind word om by hulle die leesgewoonte aan te kweek, al is dit dan ook net vir ontspanning.

Die huidige benadering van die gemeenskap teenoor die bejaarde is nog alte dikwels een van verwerping. Daar word nie geglo dat die bejaarde nog kan leer en 'n bydrae kan lewer nie. Hulle word steeds as kinders beskou. Hierdie opvatting is wel stadig besig om te verdwyn, maar dit strem nog steeds 'n biblioteekdiens aan hierdie ouderdomsgroep. Daar word aanvaar dat die meeste van hulle te afgeleef is om te lees.

Die persentasie bejaardes styg aansienlik. In 1904 was 2% van die Blanke bevolking in Suid-Afrika bejaard terwyl dit vandag geskat word op minstens 7%. Tabel I toon die toename van bejaardes vanaf 1911 aan:

TOENAME VAN BEJAARDES  
IN SUID-AFRIKA

|      |      |      |                               |
|------|------|------|-------------------------------|
| 1911 | 2,4% | 1951 | 6,5%                          |
| 1921 | 3,6% | 1960 | 6,8%                          |
| 1936 | 4,9% | 1970 | 'n Geskatte 7%+ <sup>3)</sup> |

**Tabel I**

In die ouer Westerse lande was die persentasie bejaardes teen die begin van die eeu 5% tot 6% terwyl dit vandag 12% is en in die jonger Westerse lande word dit vandag op 9% gestel.<sup>4)</sup>

In die Verenigde State van Amerika was daar in 1961 ongeveer 17 miljoen bejaardes en in 1968 meer as 19 miljoen.<sup>5)</sup> In 1970 het die getal bejaardes 20 miljoen beloop.<sup>6)</sup> Die volgende voorspelling is van M. L. Plunkett afkomstig: Van diegene wat in 1900 gebore is, sal sewe uit elke 100 meisies en vyf uit elke 100 seuns die ouderdom van 85 jaar bereik, terwyl 30 uit elke 100 meisies en 17 uit elke 100 seuns wat in

3) DE BEER, J. Gesondheids- en mediese aspekte van bejaardesorg, p.8.

4) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Bejaardesorg in die Buiteland, p.1.

5) WHITE HOUSE Conference on the Aging to be held in 1971. Aging, Oct. - Nov.: 3, 1968.

6) U.S. President's Task Force on Aging. Report: toward a brighter future for the elderly, p.iv.

1975 gebore word, hierdie ouderdom sal bereik.<sup>7)</sup> In 1900 was 4% van die bevolking bejaard teen 9% in 1960.<sup>8)</sup>

Daar word geskat dat in 1975 in Engeland een uit elke sewe persone oor 65 jaar sal wees, d.w.s. 14,3% van die bevolking sal bejaard wees.<sup>9)</sup>

In Nederland was die persentasie bejaardes in 1950 7,7% terwyl dit in 1966 gestyg het tot 9,5% en in 1980 sal dit moontlik tussen 10,5% en 13% wees.<sup>10)</sup>

Daar word beraam dat in Swede 15% van die bevolking in 1970 aftree-ouderdom (67 jaar) sal bereik het.<sup>11)</sup>

Dr. A.P. Blignaut, voormalige redakteur van die Suid-Afrikaanse tydskrif vir geneeskunde som die toename in die getal bejaardes soos volg op: „Almal van ons wat belangstel in die samestelling van die gemeenskap waarin ons lewe en in die probleme wat daaruit voort-

7) PLUNKETT, M.L. Employment, retiring and budgeting in later years, p.15.

8) U.S. Department of Health, Education and Welfare. Free time activities, p.10 - 11.

9) LEWIS, M.J. Library service to handicapped readers. Library Association record, 70: 122, 1970.

10) COMMISSIE ad hoc Bibliotheekwerk Bejaarden, Rapport uitgebracht aan het Studiecentrum voor Openbare Bibliotheken, p.10.

11) THULIN, K. Library service for housebound readers. Libri, 19: 254, 1969.

spruit, is bewus van die feit dat ons voor die probleem van 'n toene=  
 mende aantal ou mense te staan gekom het, soos orals die geval is  
 waar daar gunstige lewensomstandighede en voldoende mediese dien=  
 ste bestaan. In 1911, byvoorbeeld was slegs een persoon uit elke 375  
 van die Blanke bevolking in ons land ouer as 80 jaar, terwyl die aantal  
 in 1966 een uit elke 95 was. Teen die huidige tempo sal die aantal per=  
 sone van 80 jaar en ouer binne die volgende 16 jaar verdubbel. ...  
 Hierdie syfers beteken egter nie dat mense werklik langer lewe as wat  
 voorheen die geval was nie. Gedurende die afgelope paar dekades het  
 die moderne geneeskunde daartoe bygedra om die gemiddelde lewens=  
 verwagting van pasgebore babas dramaties te verhoog, maar gedurende  
 die afgelope honderd jaar is bloedweinig bereik om die lewens van men=  
 se wat reeds die ouderdom van 65 jaar gehaal het, te verleng. Die  
 enigste verskil is net dat baie meer mense die ouderdom van 65 bereik.  
 In die jaar 1900 het 'n Blanke man van 60 jaar 'n gemiddelde verdere  
 lewensverwachting van nog 14 jaar gehad; vandag het die 14 jaar met net  
 twee vermeerder.<sup>12)</sup>

Die persentasie bejaardes verskil nie net van land tot land nie, maar  
 ook van stad tot stad en selfs van die een wyk tot die ander binne die=  
 selfde stadsgebied. Daar is reeds genoem dat die persentasie bejaar=  
 des in die ouer Westerse lande op 12% gestel word en in die jonger  
 lande op 9%. In Kaapstad is dit 9% teenoor 5% in Pretoria,<sup>13)</sup> omdat

12) BLIGNAUT, A.P. Voorbereiding vir die aftreetyd, p.56.

13) SUID-AFRIKA (Republiek). Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 6 Sep=  
 tember 1960. Boekdeel 7 no.1. Eienskappe van die bevolking in elke  
 landdrosdistrik en ekonomiese streek: ouderdom, huwelikstaat en huis=  
 taal, p.1 en p.19.

laasgenoemde 'n bevolkingsontploffing ondergaan het en dus baie jong mense, onder wie immigrante, bygekry het. In Pretoria sal Kilnerpark, 'n nuwe voorstad, feitlik geen bejaardes hê nie teenoor 'n groot aantal in 'n ou voorstad soos Wonderboom-suid. Louw verstrek die rede hiervoor soos volg: „Die algemene tendens is dat gebiede in 'n land waar daar groot ontwikkelings is, gewoonlik 'n lae persentasie bejaardes het, terwyl gebiede waar sosio-ekonomiese toestande vir 'n lang tydperk betreklik stabiel was dikwels 'n hoër persentasie bejaardes het. Dit is so omdat die jonger en meer lewenskragtige deel van die bevolking gewoonlik beweeg na die ontwikkelende dele wat aan hulle 'n beter toekoms bied.”<sup>14)</sup>

Die meeste van Pretoria se bejaardes is van die platteland afkomstig. Die industriële revolusie en die verarming van die platteland is grootliks hiervoor verantwoordelik. Die depressie van die dertigerjare en selfs die kwaai droogtes van die afgelope aantal jare het ook die ouer mense na die stad gedryf om 'n heenkome daar te probeer vind.

Hoewel die bejaardes nie 'n homogene groep is nie, is daar sekere beginsels en eienskappe wat eie aan ouerwordende persone is, en wat in aanmerking geneem moet word in die voorsiening van 'n biblioteekdiens. Nie net moet hulle eienskappe nie, maar ook hulle leefwyse, in gedagte gehou word. Hulle het baie vrye tyd om te lees, maar hulle lees stadig. Hulle liggaamlike beperkinge, soos verminderde mobiliteit en verswakte gesigsvermoë noodsaak 'n dienslewering wat anders

14) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Volkswelsyn en Pensioene, op.cit., p. 10.

is as dié vir die gewone leser.

Agtergrondinligting oor die bejaarde is belangrik vir die beplanning van 'n doeltreffende biblioteekdiens. Die geslagsverdeling van die gemeenskap, die ouderdomsgroepe, die huistaal, die onderwyspeil, die ekonomiese standaard, die beroep, die woonplek, die klub- en verenigingslewe, die belangstellings en stokperdjies en selfs die huwelikstaat oefen elkeen in mindere of meerdere mate 'n invloed uit op die biblioteekbehoefte van hierdie ouderdomsgroep.

Veranderde opvattinge oor bejaardesorg en veranderde beleid in verband daarmee beïnvloed die dienste wat die biblioteek moet lewer. So het die verskuiwing van die klem ten opsigte van huisvesting van bejaardes vanaf die ouerhuise na behuisingskemas meegebring dat die biblioteekdienste aan ouerhuise deur tuisdienste aangevul moet word.

Daar kan nie bloot aanvaar word dat die bejaardes, wat nie lesers is nie, nie wel potensiële lesers is nie. Omdat die waarde van lees en van 'n biblioteekdiens vir die meeste van die huidige geslag bejaardes totaal onbekend is, moet daar van die standpunt uitgegaan word dat feitlik alle bejaardes potensiële lesers is wat deur opvoedingswerk moontlik aktiewe biblioteekgebruikers kan word.

Dit is moeilik om die leessmaak van die bejaardes te bepaal. Die resultate van die talle opnames is so uiteenlopend dat die enigste gevolgtrekking waartoe geraak kan word, is dat die bejaardes geen homogene groep is nie en dat hulle leessmaak net so varieer as dié van enige ander ouderdomsgroep. Daar is ook faktore soos onderwyspeil en herkoms, wat veroorsaak dat die leesbehoefte van dieselfde gemeenskap oor 'n aantal jare heeltemal kan verskil.



Die ondersoekster moes haar deeglik vergewis van die ontwikkeling van dienste aan bejaardes in ander lande. Sommige lande soos Amerika en Nederland het op hierdie gebied reeds ver gevorder en baie kan geleer word uit wat hulle bereik het.

Daar is 'n verskeidenheid dienste wat aan die bejaardes van elke gemeenskap gelever behoort te word. Vir diegene wat nog die biblioteek kan besoek, moet daar voorsiening gemaak word, sodat hulle solank as moontlik van die dienste in die biblioteek gebruik kan maak om sodoende so lank as moontlik by die gemeenskap ingeskakel te bly. Vir diegene wat nie meer self na die biblioteek kan kom nie, moet of 'n diens in die ouetehuse, dienssentra of klubs vir bejaardes gelever word of by hulle eie huise. Bejaardes moet tydens hospitalisasie ook 'n diens ontvang.

Biblioteekprogramme het ook 'n belangrike plek in die biblioteek se bydrae tot bejaardesorg. Die biblioteek se taak ten opsigte van inligting aan en oor bejaardes moet ook aandag geniet.

Daar sal gepoog word om 'n voorgestelde program van dienste aan bejaardes vir die Pretoriase Openbare Biblioteek op te stel aangesien die ondersoekster haar dit ten doel gestel het om deur hierdie studie 'n daadwerklike bydrae tot die biblioteekdiens aan die bejaardes van Pretoria te lewer.

'n Verdere probleem waarteenoor die ondersoekster haar moes verantwoord is 'n geskikte benaming vir persone 65 jaar en ouer. In Engels is daar 'n baie mooi benaming vir die ouer mense, naamlik „senior citizens“. Dit is veral mooi omdat dit waardigheid aan die

ouer persone verleen. Die term word algemeen in Amerika en sommige ander lande en ook in Suid-Afrika gebruik.

C. Egas, voorsitter van die Nederlandse Federasie voor Bejaarden=zorg, verkies die term „ouer geslag”.<sup>15)</sup> Hierdie term, asook „ouer garde”, is aanvaarbaar omdat hulle die begrip bejaardheid nie so sterk beklemtoon as „oumense” en „oues van dae” nie. Ouderdom is tog in der waarheid nie 'n norm vir bejaardheid nie want die een per=soon is op tagtig jaar jonger van gees en meer aktief as die ander per=soon op sestigjarige leeftyd.

Louw meld in sy verslag Bejaardesorg in die Buiteland dat sommige lande van die „ouerwordende deel van die bevolking” praat.<sup>16)</sup> „Ouer=wordende persone” weerspieël die regte opvatting, omdat dit nie so seer die begrip afgeleefdheid na vore bring en ook nie die oumense as 'n groep isoleer nie. Maar die term is te lank en te lomp vir algeme=ne gebruik.

Prof. P.C. Coetzee, van die Universiteit van Pretoria, stel die bena=ming „senior mense” voor. Ek gee voorkeur aan hierdie term bo al die ander wat genoem is, veral omdat die woord „senior” 'n hoë status aan die groep verleen en dit is hoe ons hulle graag wil bejeën. In hier=die studie gaan ek egter die term „bejaardes” gebruik omdat dit die mees algemeen gebruikte term is.

15) EGAS, C. Social-cultureel werk voor bejaarden. De openbare biblio=theek, 13: 34, 1970.

16) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Volkswelsyn en Pensioene, op.cit., p.1.

## 2 Metode van ondersoek

Alvorens 'n ondersoeker hom op 'n bepaalde terrein kan begewe, is dit nodig dat hy 'n voorafverkenning sal doen van die veld wat hy met sy ondersoek wil betree. In die geval van die onderhawige ondersoek is dié voorafverkenning gedoen deur middel van 'n literatuurstudie.

Die aandag is in die literatuurstudie bepaal by gepubliseerde werke, sowel van plaaslike as oorsese oorsprong, wat oor bejaarde persone en hulle besondere behoeftes handel. Daar is nie slegs gelet op werke wat in die besonder die biblioteekbehoefte van bejaardes as onderwerp het nie.

Benewens die inligting wat uit gepubliseerde bronne verkry is, is ook waardevolle gegewens bekom deur kontak en korrespondensie met persone wat sowel in Suid-Afrika as in die buiteland met biblioteekdienste vir bejaardes gemoeid is. Verder is ook kontak gemaak met persone wat direk met bejaardesorg gemoeid is, en ook uit dié bronne is gegewens bekom wat van groot waarde in die voorafverkenning van die studieterrein was.

Na die voorafverkenning van die ondersoekgebied, is vervolgens oorgegaan tot die oorweging van moontlike metodes om 'n eie bydrae op die betrokke gebied te kan lewer. Oorleg is met persone gepleeg wat bekend is met moontlike metodes waarop die verlangde gegewens bekom kan word, en daar is besluit om 'n eie opname te doen en die vraelysmetode te volg.

'n Vraelys is opgestel nadat duidelikheid verkry is oor presies watter gegewens vir die doeleindes van die ondersoek belangrik is. Met die oorweging van die vrae wat in die vraelys vervat is, is eerstens besin oor wat presies met elke besondere vraag bereik wou word, en, tweedens, daarop gelet of die invoeging of weglating daarvan, enigsins betekenisvol sou wees wat betref die doel met die onderhawige ondersoek.

Die konsepvraelys is vervolgens vir kommentaar en tegniese versorging aan vraelysdeskundiges van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing voorgelê. In die finale vraelys is vrae vervat wat inligting oor die volgende sou lewer: die geslag, ouderdom, huwelikstaat, huistaal, opvoedkundige kwalifikasies, ekonomiese standaard, beroep en woning van die bejaarde respondente wat in die ondersoek betrek sou word. Vrae is ook ingevoeg met betrekking tot klubs en verenigings waaraan die respondent behoort, sy belangstellings, die soort boeke wat hy graag lees, gesigsprobleme wat hy mag hê, die hoeveelheid vrye tyd waaroor hy beskik, sy vermoë om 'n biblioteek te besoek, ens. Daar is onder andere ook aandag geskenk aan die respondent se vermoë om boeke te bekom, en sy begeerte om tuis deur die biblioteek bedien te word. 'n Voorbeeld van die vraelys verskyn in Bylae A.

Na finalisering van die vraelys is vervolgens aandag geskenk aan wie om inligting genader sou word. Daar is besef dat die gegewens op 'n gesistematiseerde en geordende wyse en volgens 'n wetenskaplik verantwoordbare metode ingesamel sou moes word. Andersins sou daar nie enige aanspraak gemaak kon word op die houdbaarheid van die gegewens as sodanig of van die gevolgtrekkings waartoe geraak sou word nie. Voorts is besef dat nie alle bejaarde persone in die geogra-

fiese gebied van Pretoria om inligting genader sou kon word nie, en dat, indien die seleksie van 'n beperkte aantal persone uit die universum persone wat vir opname in die ondersoek kwalifiseer, op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse geskied, dit nie nodig sou wees om alle bejaarde persone in die betrokke gebied te ondervra nie. Die samestelling van 'n steekproef persone vir insluiting in 'n ondersoekgroep, wat verteenwoordigend van die universum sou wees, is gevolglik onder die oë geneem. Die samestelling van die steekproef as sodanig word in die volgende afdeling in besonderhede bespreek.

Die volgende logiese stap in die navorsingsproses was die veldondersoek waartydens die vraelyste voltooi is ten opsigte van persone met wie ingevolge die steekproefvoorskrifte kontak gemaak is. Onderskeidelik 300 en 150 bejaarde persone is buite en binne ouetehuse in die ondersoek betrek.

Wat betref die 300 persone, wat nie in ouetehuse woon nie, is die vraelyste voltooi deur die ondersoekster en twee gevorderde universiteitstudente, wat vooraf in die gebruik van die vraelys, die steekproefvoorskrifte om respondente te selekteer, en die tegnieke van onderhoudvoering en die verkryging van rapport tussen onderhoudvoerder en respondent opgelei is. In die geval van die 150 bejaardes wat in ouetehuse woon, is die vraelyste deur die ondersoekster self voltooi.

Na afhandeling van die veldondersoek is oorgegaan tot die finale nasien van die voltooide vraelyste, en die klassifisering en kodifisering van responsies in die geval van die enkele vrae waar die antwoordmoontlikhede nie vooraf gekodifiseer was nie. Die gegewens in die voltooide vraelyste vervat, is daarop op ponskaarte oorgedra wat in 'n rekenaar

gesorteer is vir die verkryging van korrelasies tussen responsies op die onderskeie vrae en die gevolglike samestelling van die tabelle waarvan sommige in die verhandeling vervat is.

### Die Steekproef

In die voorafgaande afdeling is reeds daarop gewys dat 'n onderzoeker, wanneer 'n bepaalde verskynsel of groep ondersoek word, nie almal wat met die verskynsel gemoeid is of lede van die betrokke groep vorm, in sy ondersoek hoef te betrek nie. Met die voorbehoud dat daar wetenskaplik te werk gegaan word in die samestelling daarvan, is dit voldoende om 'n steekproef van die betrokke persone te ondervra. Dit word aanvaar dat gegewens ten opsigte van 'n wetenskaplik gefundeerde steekproef persone uit 'n bepaalde universum, naastenby ook geld vir die universum persone waaruit die steekproef getrek is.

Aangesien sowel bejaardes wat nie in ouetehuse woon nie as ouetehuisbewoners in die ondersoek betrek is, en dié twee groepe respondente nie 'n enkele universum verteenwoordig nie, is daar ten opsigte van elk van die twee groepe 'n afsonderlike steekproef getrek.

Vervolgens word oorgegaan tot 'n bespreking van, eerstens, die wyse waarop die twee steekproefgroepe waarvan in die ondersoek gebruik gemaak is, saamgestel is en, tweedens, die steekproefvoorskrifte met betrekking tot die seleksie van respondente. Waar daar van dié voorskrifte afgewyk is, word dié afwykings ook aangetoon en verantwoord.

### Nie-inwoners van ouetehuisse

Hierbo is reeds vermeld dat 300 bejaardes wat nie in ouetehuisse woon nie, in die ondersoek betrek is. Daar is aanvaar dat 'n monster van 300 nie-inwoners van ouetehuisse, wat na beraming 3,3% van die univ=  
sum uitmaak, 'n verteenwoordigende steekproef behoort te wees. Die uitgangspunt was dat, met die oog op die ontledings van die responsies wat beoog is, die getal respondente nie minder as 300 kon wees nie, omdat 'n kleiner getal sou meebring dat met gedetailleerde ontledings die getalle in die selle van die tabelle te klein sou wees, en geringe ge=  
talverskille in bepaalde kategorieë betreklike groot persentasieverskille tot gevolg sou hê.

Aangesien die mees resente sensusgegewens ten tye van die ondersoek reeds verouderd was, is die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (R.G.N.) om advies genader. Die R.G.N. het daarop gegewens wat tydens 'n ondersoek van die liggaam in Pretoria ingewin is, en wat die geslags- en ouderdomsverspreiding van bejaarde Blanke persone in bepaalde gebiede in Pretoria aantoon, tot die beskikking van die onder=  
soekster gestel.<sup>1)</sup> Op grond van hierdie gegewens is Pretoria se mu=  
nispale gebied in woonbuurte verdeel, verteenwoordigend van alle sosiale strata. Vir elk van hierdie gebiede is proporsioneel tot die grootte van die bejaarde Blanke bevolking bereken hoeveel van die beoogde totaal van 300 respondente, en hoeveel mans en dames on=  
derskeidelik, om inligting genader moes word.

Die straatblokke in elk van die gebiede is op 'n straatkaart van Pretoria

- 1) Aangesien die verslag van die vermelde ondersoek van die R.G.N. nog nie ten tye van die opstel van hierdie verhandeling gepubliseer is nie, kan daar nie verder na die ondersoek verwys word nie.

van links na regs en van bo na onder genommer. Vervolgens is die straatblokke in elk van die gebiede, wat besoek moes word, ewekansig getrek volgens die nommers wat aan hulle toegeken is. Dié werkmetode het verseker dat nie slegs 'n klein deel van elke gebied gedek is nie, want in sommige gevalle het die eerste blok wat besoek moes word in die een hoek van die gebied gelê en die tweede in 'n heel ander hoek.

In die geval van elk van die straatblokke wat besoek is, is daar as volg te werk gegaan: 'n aanvang is by die noordwestelike hoek van die straatblok (of die hoek wat die naaste aan dié windrigting geleë is) gemaak, en die huise in die betrokke blok is kloksgewys besoek, beginnende, nie by die hoekhuis nie, maar by die huis net langs die hoekhuis. In gevalle waar reg rondom die blok beweeg is en nog respondente kortgekom het, is die hoekhuis wat aanvanklik oorgeslaan is, besoek. Die hoekhuise is nie as beginpunte gebruik nie, omdat hoekwerke gewoonlik duurder as ander erwe is en deur telkens op hoekwerke te begin, die moontlikheid kon bestaan dat die bewoners van dié wonings oorverteenvoerdig kan word. Dit sou meebring dat die lede van die ondersoekgroep op ekonomiese gebied moontlik nie verteenwoordigend sou wees van die bewoners van die betrokke woonbuurt nie.

Waar bejaarde persone teëgekom is, wat vanweë verswakking of seniliteit nie in staat was om 'n onderhoud te voer en verlangde gegewens te verstrek nie, of die persoon op dié tydstip siek was, is hierdie bejaardes oorgeslaan en na 'n volgende respondent beweeg. 'n Paar gevalle het geweier om die veldwerkers te woord te staan en hulle is ook oorgeslaan. Die gevalle wat oorgeslaan moes word, het baie min voorgekom, en gevolglik kan aanvaar word dat dié optrede nie in 'n



besondere mate 'n effek op die bevindings sal hê nie.

In gevalle waar woonstelblokke in die gekose straatblokke teëgekom is, is die wooneenhede in dié gebou van bo na onder en van links na regs vanuit die vooraansig van die gebou besoek. Ouete huise en openbare geboue is oorgeslaan. Wat hotelle en losies huise betref is die hoekkamer naaste aan die ingang van die gebou eerste besoek en daarvan daan is die ander kamers kloksgewys besoek. In die geval van dubbelverdiepinggeboue is altyd by die boonste verdieping begin.

Die woonbuurte waarin die 300 respondente in die ondersoek betrek is en die getal manlike en vroulike bejaardes ten opsigte van wie vrae lyste in elk van die woonbuurtes voltooi is, word in bylae B tot die verhandeling aangetoon.

### Ouetehuisbewoners

Daar is 150 ouetehuisbewoners, wat 11,5% van die universum is, in die ondersoek betrek. As die 3,3% steekproef wat in die groep niebewoners van ouete huise gebruik is, hier toegepas word, sou die monster net uit 43 respondente bestaan het, wat te klein is vir die bepaling van tendense.

Uit inligting wat van die ouete huise bekom is, is daar vasgestel dat die verhouding dames teenoor mans in die ouete huise ses tot een is en geheel en al afwyk van die verhouding dames teenoor mans buite die ouete huise. Daar is besluit om nie die ware geslagsverhouding dames teenoor mans in die universum ouetehuisbewoners, naamlik ses tot een, te handhaaf nie, want dit sou meebring dat slegs enkele mans in

ouetehuisse in die ondersoek betrek sou kon word. Die gevolg sou wees dat geen geregverdigde afleidings ten opsigte van manlike ouetehuisbewoners gemaak sou kon word nie. Gevolglik is besluit om die persentasie mans in die ondersoekgroep drasties te verhoog vanaf ongeveer 14% in die universum ouetehuisse na ongeveer 33% en die persentasie dames te verlaag van sowat 85% na ongeveer 66%.

Die getal bejaarde persone, mans en dames onderskeidelik, wat in elk van die ouetehuisse in die ondersoek betrek moes word, is bereken proporsioneel tot die getalle persone in elk van die twaalf betrokke ouetehuisse. Die name van die betrokke ouetehuisse en die getalle mans en dames met wie in elk 'n onderhoud gevoer is, asook die totale getal inwoners en die getal manlike en vroulike inwoners van elk, word in bylae C vermeld.

Ten einde die persone te selekteer, met wie onderhoude gevoer moes word, is in die geval van elk van die ouetehuisse 'n naamlys van die inwoners bekom en daaruit ewekansig die benodigde getal persone getrek.

Omdat beseft is dat persone vir insluiting in die ondersoekgroep getrek mog word, wat nie in staat sou wees om 'n onderhoud te voer nie - dit gebeur dikwels dat totaal verswakke en selfs seniele persone getrek word - is ruim voorsiening vir alternatiewe gevalle gemaak. Net soos die persone wat aanvanklik vir insluiting in die ondersoekgroep gekies is, is ook die alternatiewe gevalle volgens ewekansige beginsels geselekteer.

### 3 Beleid ten opsigte van bejaardesorg

In sy proefskrif Die rol en betekenis van ouetehuse in die versorging van bejaardes in Suid-Afrika skets Louw die ontwikkeling van die houding van die gemeenskap teenoor die bejaarde vanaf die primitiewe gemeenskappe, waar die bejaarde 'n ereposisie ingeneem het, die agrariese gemeenskappe waar die bejaarde weens sy rype ervaring as leier en raadgewer op verskillende gebiede aanvaar is, tot die huidige waar die posisie van die bejaarde totaal verander het. „Industralisasie en verstedeliking het revolusionêre veranderings op sosio-ekonomiese gebied teweeggebring wat die posisie van die bejaarde grootliks verander het. Soms was die omwentelinge so ingrypend dat hy hom dikwels in omstandighede bevind het wat totaal vreemd aan hom was en wat hom in 'n groot mate op die agtergrond gedring het. Tegnologiese ontwikkeling was so vinnig dat die beroeps- en lewenservaring van die bejaarde as van weinig waarde geag is en lewensbeskouings en -waardes het ook aanleiding gegee tot 'n tydsgees waarin daar weinig waardering vir die bejaarde is.“<sup>1)</sup>

Die gemeenskap het nog te dikwels die stereotipe opvatting oor die bejaarde dat hy hulpeloos is en nie meer 'n bydrae kan lewer nie; dat hy soos 'n kind is en dat hy te gevestig in sy opvattinge is om nog te kan leer. In die inleiding tot die verslag van die Verenigde State van Amerika se President's Task Force on the Aging, 1970 word die gemeen-

1) LOUW, D. Pretoria, 1970, p.42 - 48.

skap se benadering tot die bejaarde soos volg beskryf: „Some Americans accept the elderly and respect them; some Americans fear the implications of aging and, therefore, shun the elderly; most Americans are indifferent to the elderly. They forget that life continues after 65.”<sup>2)</sup>

Hierdie houding van die gemeenskap kan baie leed veroorsaak. Dit ontnem die bejaarde sy selfvertroue en daardeur sy ontwikkelingsvermoë. Gelukkig is hierdie houding besig om te verdwyn. Vandag word daar geglo dat die bejaarde met die nodige hulp so lank as moontlik nuttig en selfstandig moet wees. Daar moet nie te veel maar ook nie te min van hulle verwag word nie. Deur so lank as moontlik te werk; deur aan sport, sosiale aktiwiteite en ontspanning deel te neem, deur te lees en op hoogte van gebeure te bly, bly hulle by die gemeenskap ingeskakel. Egas lewer 'n sterk pleidooi vir sosiaal-kulturele hulp deur die gemeenskap aan bejaardes. Hy wys daarop dat mense op 'n baie hoë leeftyd nog normale mense met normale behoeftes kan wees en dat die samelewing geleenthede vir ouer mense om 'n vol lewe te kan lei en vry van kompetisie in arbeidsprestasie behoort te skep. Sulke geleenthede om vir die bejaarde 'n sinvolle lewe te verseker hou in dat die bejaarde as 'n volwaardige normale mens gesien moet word tot op 'n baie hoë ouderdom; dat daar gedurige ontmoeting tussen ouer mense en jongeres moet wees; dat daar genoegsame voorsiening vir mediateke waar boeke, plate, bande, films, koerante en tydskrifte verkry kan word, sal wees; dat daar genoeg geleenthede vir skeppende aktiwiteite soos skilder en handwerk, en voldoende ge-

2) U.S. President's Task Force on the Aging, op.cit., p.1.

leentheid vir manifestasie van kulturele bedrywighede, byvoorbeeld, tentoonstellings, opvoerings en sanguitvoerings, sal wees; geleenthede vir verdere ontwikkeling soos lesings en kursusse voorsien word, en voldoende binnenshuise en buitenshuise sport.<sup>3)</sup>

Die veranderende houding van die gemeenskap teenoor die bejaarde blyk baie duidelik uit die aandag wat van owerheidsweë aan die bejaarde en sy probleme geskenk word.

In die Verenigde State van Amerika is die eerste National Conference on Aging in 1950 in Washington gehou en deur 800 afgevaardigdes van 30 state bygewoon. Tydens die Konferensie is 'n ontwikkelingsprogram opgestel wat as basis van toekomstige beplanning gedien het. 'n Voorstel dat 'n komitee vir bejaardesorg benoem word, is aanvaar. Daarna het die federale departemente saamgewerk en is 'n interdepartementele werksgroep vir bejaardesorg benoem en in 1956 'n Federale Raad vir Bejaardesorg op hoë vlak. Die Raad bestaan uit die sekretarisse van, onder andere, die Tesourie en die departemente Landbou, Handel, Arbeid, Gesondheid en Onderwys. Dit is dan ook geen wonder dat daar in 1961 die First White House Conference on Aging gehou is nie en dat die Second White House Conference in November 1971 sal plaasvind nie.

Die doel van die First White House Conference on Aging was om ooreenstemming te skep en oplossings te vind vir die probleme en die ontwikkeling wat vir individue, gesinne, gemeenskappe en die samelewing

3) EGAS, C. op.cit., p.37 - 38.

geskep word deur die skielike toename in die getal bejaardes.<sup>4)</sup>

'n Uitvloeisel van hierdie Konferensie was die Older Americans Act wat op 14 Julie 1965 van krag geword het en waardeur \$37 miljoen vir die jare 1966 tot 1969 vir bejaardesorg beskikbaar gestel is. In 1967 is 'n verdere \$43 miljoen bewillig vir verdere projekte.<sup>5)</sup> Die doel van hierdie wet is om dienste, geleenthede en fasiliteite te ontwikkel wat die lewe van die bejaardes sal verryk. Dit moet bewerkstellig word deur die daarstelling van 'n Administrasie vir Bejaardes in die Departement van Gesondheid, Onderwys en Welsyn om as verspreidingspunt te dien vir inligting oor alle aspekte van bejaardheid; deur toekennings aan die verskillende state te maak vir dienste aan bejaardes en deur fondse aan openbare en private instansies, wat gratis dienste lewer, beskikbaar te stel vir demonstrasies, opleiding en navorsing en dienste aan bejaardes.

Die beleid wat neergelê is, hou in dat sulke toekennings van die Sentrale Regering aangevul moet word met bydraes van die Staatsregerings en die betrokke instansies. Biblioteke maak ook van hierdie toekennings vir hulle programme aan bejaardes gebruik. Die biblioteek se bydrae bestaan in die reël uit die personeel se dienste.

Op 6 Oktober 1969 het President Nixon 'n verklaring uitgereik waar=

4) U.S. Department of Health, Education and Welfare. Federal organizations and programs in aging, p. iii.

5) Three years of progress under the Older Americans Act. Aging, January: 5, 1969.

volgens die Second White House Conference on Aging in November 1971 in Washington gehou sal word met die doel om 'n meer doeltreffende nasionale beleid vir bejaardesorg daar te stel. \$1,9 miljoen is vir die beplanning en die hou van die Konferensie bewillig.

In 1970 het die Regering 'n Task Force on the Aging benoem om die Administrasie te help met voorstelle en aanbevelings vir 1970 en die toekoms. Die opdrag van die taakmag is om die saak van die bejaardes te ondersoek met die oog daarop om die beste metodes te vind om aan hulle sekuriteit, waardigheid en onafhanklikheid te verseker. Hulle het bestaande programme ondersoek en verbeterings daarop aanbeveel en ook aanbevelings vir verdere programme gemaak, wat onder meer die volgende insluit:

i dat 'n afdeling vir bejaardesorg gestig word met statutêre magte om 'n nasionale beleid daar te stel, alle aktiwiteite te koördineer en prioriteite by die President aan te beveel;

ii dat die behoeftes van die bejaarde deur alle staatsdepartemente in ag geneem moet word in die beplanning van aktiwiteite wat die bejaarde mag raak, en dat sodanige aktiwiteite gekoördineer word;

iii dat alle bejaardes 'n leefbare inkomste moet hê sodat geen een van hulle in armoede sal leef nie;

iv dat voldoende mediese sorg, beide tuisverpleging en hospitalisasie, voorsien word, dat voldoende voorsiening vir hulle geestesgesondheid gemaak word en dat 'n raad vir navorsing op hierdie gebied gestig word;

v dat voldoende en geskikte vervoer vir die bejaardes voorsien word,

sodat hulle by die gemeenskap ingeskakel kan bly deur deelname aan die dienste wat beskikbaar gestel word;

vi dat daar in elke gemeenskap kanale geskep word om inligting oor alle dienste en fasiliteite vir bejaardes onder hulle aandag te bring;

vii dat goeie werkgeleenthede vir bejaardes geskep word;

viii dat die hulp van opvoedkundige inrigtings gewerf word om elke persoon van jongs af te leer om sy lewe, veral sy vrye tyd, ten volle te benut;

ix dat daar spesiale opleiding aangebied word vir persone wat die verskillende dienste aan bejaardes lewer.<sup>6)</sup>

Die taakmag se werk sal waarskynlik ook dien as voorbereiding vir die White House Conference van November 1971.

Uit hierdie ontwikkelinge in die Verenigde State van Amerika is dit duidelik dat die Amerikaners die probleem van bejaardesorg in 'n baie ernstige lig beskou. Dit wil ook voorkom asof, niesteenstaande alles wat reeds bereik is, hulle nog gladnie tevrede is met hulle beleid nie want telkens word daar weer aan komitees en ander betrokke instansies opgedra om 'n nasionale beleid te formuleer.

In Engeland snoer die National Old People's Welfare Council ongeveer 50 nasionale vrywillige verenigings, ses staatsdepartemente en ook persone wat in bejaardesorg belangstel saam. Hierdie Raad koördineer ook die werk van meer as 1500 welsynskomitees vir bejaardes en gee

6) U.S. President's Task Force on the Aging, op.cit., p.12 - 50.



voorligting en opleiding deur middel van literatuur, konferensies en kursusse. Soortgelyke rade bestaan ook in Skotland en Noord-Ierland. Verder is in Brittanje ook die National Corporation for the Care of Old People wat met behulp van die Nuffieldstigting fondse beskikbaar stel aan vrywillige organisasies vir bejaardesorg. Hierdie liggaam onderneem ook navorsing oor die welsyn van bejaardes. Die beleid van die Regering is ook dat die bejaarde so lank as moontlik in sy eie woning moet bly. Daarom word daar spesiale voorsiening vir behuising en die nodige tuisdienste gemaak.

In Nederland het die kerke en maatskaplike organisasies veral sedert die Tweede Wêreldoorlog intensief begin aandag skenk aan die probleem van bejaardesorg. Die toenemende wetenskaplike belangstelling in die vraagstuk het gelei tot die stigting van die Nederlandse Vereniging voor Gerontologie in 1947. In 1954 is die Nederlandse Federatie voor Bejaardenzorg gestig met as doelstelling „de bestudering van de sociale en medische aspecten van het vraagstuk der bejaarden en het bevorderen en behartigen van een doeltreffende bejaardenzorg.”<sup>7)</sup>

In Suid-Afrika het die saak van bejaardesorg ook reeds die aandag van verskeie kommissies geniet. In 1916 het die Administrateur van die Transvaal die Jeppekommissie benoem om ondersoek in te stel na metodes om die oues van dae te help. Die Pienaarkommissie (1926) het veral aandag aan 'n pensioenskema vir bejaardes bestee. Volgens Louw is dit hoofsaaklik na die Tweede Wêreldoorlog dat Suid-Afrika

7) COMMISSIE ad hoc Bibliotheekwerk Bejaarden, op.cit., p.63.

bewus geword het van die probleem van die toenemende getalle bejaardes wat dikwels onder moeilike omstandighede in die gemeenskap 'n bestaan moet vind. Ouetehuse, wat aanvanklik as losiesplekke vir bejaardes beskou is, is as een van die vernaamste oplossings vir die huisvesting van bejaardes beskou. Hierdie tehuise het dit gladnie as hulle taak gesien om die verswakte en sorgbehoewende bejaarde te versorg nie. Die hospitale het dit ook nie as hulle taak beskou nie. Omdat die gemeenskap aanvaar het dat die ouetehuse die gewenste huisvesting vir die bejaarde was, het die bejaarde self dit as 'n toevlugsoord beskou, en daarom het daar so 'n groot behoefte aan ouetehuse ontstaan dat „Suid-Afrika die Westerse land (is) waar daar die afgelope 15 jaar waarskynlik die grootste groei in ouetehuse plaasgevind het. Ongeveer 6% van alle Blanke persone in die Republiek van 65 jaar en ouer is reeds in ouetehuse - 'n persentasie wat hoër is as in enige Westerse land, uitgesonder Nederland. Hierdie persentasie is ook baie hoog in vergelyking met die 2% tot 3% van die bejaardes in Engeland en die V.S.A. wat in ouetehuse is.”<sup>8)</sup> Geleidelik het die ouetehuse egter die verantwoordelikheid aanvaar vir die verswakte bejaardes wat versorging nodig het.

Die opvatting oor bejaardesorg het ook 'n verandering ondergaan sodat dit algemeen aanvaar word dat die bejaarde so lank as moontlik 'n geïntegreerde en selfstandige lid van die gemeenskap moet bly. Die ouetehuis is nie die gewenste plek vir die bejaarde wat homself nog kan help nie, en wel om die volgende redes:

8) LOUW, D. Inrigtingsversorging van bejaardes, p.3.

i Die bejaardes word as 'n groep van die res van die gemeenskap geïsoleer.

ii Die bejaardes in ouetehuse het weinig in gemeen met mekaar behalwe dat hulle almal op 'n gevorderde leeftyd is, wat wissel van ongeveer 60 jaar tot oor 90 jaar, en dat hulle baie vrye tyd tot hulle beskikking het.

Volgens die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se opname van die bejaardes in ouetehuse in 1967 is daar bevind dat „'n betreklike groot groep van die bejaardes maatskaplik geïsoleer of dikwels eensaam in tehuse voel. Daar is waarskynlik meer bejaardes in ouetehuse wat dikwels eensaam voel as bejaardes buite ouetehuse. Hierdie bevinding word bevestig deur ander Suid-Afrikaanse ondersoeke en is ook in ooreenstemming met die bevindings van ondersoekers in ander lande, naamlik dat die persoonlike verhoudings in ouetehuse gewoonlik so vlak is dat daar baie bejaardes is wat geen emosionele bevrediging daaruit put nie. Weens die kunsmatige inrigtingsomgewing is daar baie inwoners wat nie betekenisvolle verhoudings met ander inwoners opbou nie.”<sup>9)</sup> Die probleem van vereensaming word nie opgelos deur mense in 'n groep saam te gooi sonder dat hulle aktief aan die gesamentlike aktiwiteite deelneem nie.

iii Die ouetehuse ontklee die inwoners van hulle individualiteit. „Hulle is geneig om 'n houding van afhanklikheid te ontwikkel. Feitlik alle stryd om 'n selfstandige bestaan is hulle ontnem en die gebrek

9) LOUW, D. Ibid., p.8.

aan teenprestasie van hulle kant vir die sekuriteit en dienste wat hulle ontvang, wek by baie die houding om hulle soos soet kinders te gedra om hulle dankbaarheid te betoon of om die guns van die personeel te wen."<sup>10)</sup>

iv Die ouetehuis bied nie die geleentheid om die normale lewe te lei waaraan hulle voorheen gewoond was nie. Daar is geen geleentheid vir kook, die gewone huiswerkies, tuinmaak, ens. nie. Tydens die opname in Pretoria het die ondersoekster maar alte dikwels dié soort antwoord ontvang as die bejaardes gevra is of hulle in kook, tuinmaak, houtwerk, diere, ens. belangstel: „O ja, ek het baie graag tuingemaak en my tuin was altyd pragtig, maar hier kan ek dit natuurlik nie doen nie"; „ek was baie lief vir bak en kook maar hier is daar nie geleentheid daarvoor nie"; „ek het altyd 'n kat of 'n hond gehad, maar hier mag ons natuurlik nie diere aanhou nie".

v Die bejaarde wil graag so lank as moontlik selfstandig wees en sy eie sake reël, waarvoor die ouetehuis min geleentheid bied.

Om die bejaarde so lank as moontlik selfstandig in die gemeenskap te hou, is dit essensieel dat vir hom geskikte huisvesting voorsien en die nodige hulpdienste soos mediese, voetkundige, welsyns- en dienste soos aanry-etes verskaf word. Ongelukkig is daar nog nie voldoende huisvesting of tuisdienste beskikbaar nie. Daarom is tans ongeveer twee derdes van die bejaardes, wat hulle in ouetehuse bevind, lig=

10) LOUW, D. Ibid.

gaamlik betreklik geskik om vir hulleself te sorg, en hulle behoort dus nog selfstandig in hulle eie huis of woonstel te woon.<sup>11)</sup>

Dit is jammer dat die vordering met die moderne opvatting van bejaarsorg in ons land so onnodig vertraag is. In 1950 is 'n Nasionale Konferensie oor die Welsyn van Oues van Dae in Bloemfontein gehou. 'n Voortsettingskomitee met die volgende opdrag is benoem:

i om 'n omvattende beleid vir die bevordering van die welsyn van bejaardes op te stel;

iii om voorlopige standaarde vir die versorging van oues van dae vas te stel, wat sal dien as 'n basis vir die dienste wat geleidelik ten behoewe van die bejaardes ingevoer sal word, insluitende die oprigting van 'n nasionale organisasie;

iii om die moontlikheid te ondersoek en verslag te doen oor die wenslikheid van die aanstelling van 'n Komitee van Onderzoek, wat die welsyn van oues van dae in al sy moontlike aspekte kan ondersoek en daaroor verslag doen.

In die kort tyd tot sy beskikking het die Komitee verbasend baie en goeie werk verrig deur 'n raamwerk vir beleid in verband met die versorging van bejaardes op te stel. Die Komitee noem sekere algemene riglyne wat in die hantering van die vraagstuk van bejaardesorg in gedagte gehou moet word. Die volgende van hierdie riglyne word genoem omdat hulle 'n biblioteekdiens aan bejaardes kan beïnvloed en ook die waarde

11) LOUW, D. Ibid., p.7.

van die boek in bejaardesorg beklemtoon:

i Daar is 'n groot toename in die getal bejaardes wat getuig van die ontwikkeling op mediese gebied en die verbeterde algemene lewensomstandighede.

ii Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie sluit gesondheid in „die liggaamlike, geestelike en sosiale welsyn van mense“, en dit geld dan ook die bejaarde.

iii Die bejaarde is belangrik vir die gemeenskap. Sy gevestigde uitkyk en rype ervaring teenoor die entoesiasme en bereidheid tot eksperimentering van die jeug help om die gebalanseerdheid van die gemeenskap te bewaar.

iv 'n Klein pensioen en plasing in 'n ouetehuis is geen versorging van die bejaarde nie. Arbeid en deelname aan die gemeenskapslewe is essensieel, met ander woorde, die bejaarde moet so lank as moontlik 'n geïntegreerde lid van die gemeenskap bly in plaas daarvan om in 'n ouetehuis afgesonder te word.

v Bejaardes vorm net so min as enige ander ouderdomsgroep 'n homogene groep.

vi Bejaardes moet na ouetehuisse verwys word alleen wanneer dit nie anders kan nie. Die toekomstige beleid vir die welsyn van bejaardes behoort op hul welsyn in die gemeenskap buite inrigtings te konsentreer.

vii Dis nie voldoende om slegs huisvesting en voedsel te voorsien nie. Sosiale en kulturele geriewe van verskillende aard en ook werkterapie is nodig.

viii As die bejaarde na siel en liggaam aktief besig gehou word en so=doende 'n belangstelling in die lewe kry, sal hy veel minder geneig wees om ouderdomspisioses te ontwikkel.<sup>12)</sup>

Die Voortsettingskomitee het aanbeveel dat 'n Komitee van Onderzoek benoem word om die vraagstuk deeglik in al sy aspekte te bestudeer en het 'n konsepopdrag vir die voorgestelde Komitee opgestel. Ongelukkig het die Voortsettingskomitee se aanbevelings iewers op 'n rak stof vergader. Was hulle wel uitgevoer, sou Suid-Afrika vandag een van die lande gewees het wat in bejaardesorg leiding aan die res van die wêreld kon gee. Eers meer as 'n dekade later, in 1961, toe ander lande reeds ver gevorder het met hierdie benadering, het Suid-Afrika dit ook begin toepas, toe die Departement van Volkswelsyn en Pensioene by wyse van 'n omsendbrief verklaar het dat ouetehuse net bestem is vir die bejaardes wat werklik inrigtingsversorging nodig het.<sup>13)</sup>

Op 22 November 1968 het die Minister van Volkswelsyn en Pensioene by geleentheid van die opening van 'n ouetehuis op Bethal die volgende beleidsverklaring in verband met bejaardesorg gedoen:

„Na oorweging van al die inligting het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die beleid wat ons in die verlede verkondig het, naamlik dat as grondslag van ons bejaardesorg aanvaar moet word dat die bejaarde 'n

12) NASIONALE Konferensie oor die Welsyn van Oues van Dae. Verslag van die Voortsettingskomitee oor die verrigtings, p.4 - 9.

13) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Omsendbrief 38 van 1961. Subsiëring van tehuise vir bejaardes en verswakte Blankes en Indiërs.

integrerende deel van ons gemeenskap is en dat hy in staat gestel moet word om so lank moontlik 'n volwaardige en gelukkige lid van die normale samelewing te wees, die enigste en regte uitgangspunt van ons bejaardesorg moet wees. Hierdie uitgangspunt moet steeds as rigsnoer vir ons welsynsdienste aan bejaardes dien. Dit is teweens ook die algemeen aanvaarde uitgangspunt in alle beskaafde lande van die wêreld. Ek vrees egter dat ons die klem te swaar laat val het op die daarstelling van tehuise vir oues van dae, en sodoende te gou en te maklik hulle onttrek het van die gemeenskap, en hulle in hierdie tehuise geplaas het, terwyl ons met dienslewering en die nodige woningvoorsiening op die regte wyse en plek ons ou mense baie langer en gelukkiger kan behou het as aktiewe deel van ons gemeenskapslewe.

Die navolging van hierdie beleid beteken dat ons ons gemeenskapslewe so moet inrig en toerus met die nodige dienste dat dit vir die bejaarde moontlik sal wees om so lank moontlik 'n gelukkige en nuttige deelgenoot van ons samelewing te wees. Dit moet vir die bejaarde moontlik wees om so lank moontlik in die woning waaraan hy gewoond is of verkies om te woon te bly. As hy weens omstandighede nie geskikte huisvesting het nie moet ons probeer om hom van 'n geskikte woning te voorsien wat by sy omstandighede sal aanpas. Vir die enkeles wat hulle nie in die gemeenskap kan handhaaf nie as gevolg van liggaamlike of geestelike verswakking of ineenstorting, slegs vir hulle moet ons voorsiening vir spesiale versorging in inrigtings maak en in hierdie gevalle is dit dan ook gespesialiseerde en dikwels mediese versorging.

My program van bejaardesorg het dus in hoofsaak drie belangrike aspekte. Ons kan dit ook so stel dat ons welsynskemas vir bejaardes op drie bene rus, naamlik -



- (a) dienste in die gemeenskap vir bejaardes;
- (b) spesiale behuising vir bejaardes; en
- (c) inrigtingsversorging vir bejaardes."<sup>14)</sup>

Die Minister meld ook dat 'n Afdeling Bejaardesorg in sy Departement gestig is om op gespesialiseerde wyse aandag aan bejaardesorg te bestee, maar dat die welslae wat met dienste aan bejaardes behaal sal word, sal afhang van die samewerking van verskillende staatsdepartemente, owerhede, kerke en die private welsynsinisiatief.<sup>15)</sup>

Die Departement beoog met sy beleid 'n gebalanseerde program van bejaardesorg waarin behuisingskemas, met hulpdienste en dienssentra, en ouetehuse elk 'n plek sal hê. Daarom word daar, in plaas daarvan om net ouetehuse op te rig, geskikte huisvesting in die vorm van netjiese klein huisies of woonstelle met dienssentra of die nodige tuisdienste voorsien. Die volgende is die fasiliteite wat deur 'n dienssentrum voorsien word:

- i Die nodige ruimte en toerusting vir gesellige verkeer en die bediening van verversings.
- ii Fasiliteite vir ongeorganiseerde en georganiseerde spele.
- iii Programme van 'n vermaaklikheids-, ontspannings- en opvoedkundige aard.
- iv Geleenthede vir werkterapie en die beoefening van stokperdjies en

14) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Bejaardesorgbeleid, p.3.

15) Ibid., p.2 - 3.

die verskaffing van voorligting in die verband.

v 'n Restaurantdiens vir middagetes.

vi Die dienste van 'n maatskaplike werker vir maatskaplike voorligting en beraad aan bejaardes."<sup>16)</sup>

Deur lid van 'n dienssentrum te word is die bejaarde by 'n groep ingeskel waar hy aktief aan die gemeenskaplike aktiwiteite kan deelneem en waar hy moet voldoen aan die standaarde, byvoorbeeld, ten opsigte van gedrag en voorkoms, wat daar deur die groep gestel word.

Durban het reeds sy Tafta met een van die grootste dienssentra in die Republiek. In Kaapstad is die Stedelike Behuisingsbond verantwoordelik vir gedesentraliseerde behuisingskemas vir meer as 800 bejaardes. Port Elizabeth beskik ook reeds oor behuisingskemas met tuisdienste. Ongelukkig is daar in Pretoria in hierdie opsig nog nie veel vordering gemaak nie.

Hierdie veranderde beleid ten opsigte van bejaardesorg het belangrike implikasies vir die lewering van biblioteekdienste aan bejaardes. Waar die openbare biblioteke voorheen feitlik net volstaan het met dienste aan ouetehuse, word die tuisdienste nou baie belangrik.

Op die Nasionale Konferensie oor Bejaardesorg wat in Maart 1971 in Pretoria gehou is, het die Departement van Volkswelsyn en Pensioene sy beleid ten opsigte van bejaardesorg herbevestig. Hierdie belangri-

16) LOUW, D. Die rol en betekenis van ouetehuse in die versorging van bejaardes in Suid-Afrika, p. 158.

ke Konferensie is die eerste nasionale konferensie oor bejaardesorg in die afgelope 15 jaar. Die vorige een was die Nasionale Konferensie insake die Welsyn van Bejaardes wat in 1955 in Kaapstad gehou is.

## 4 Eienskappe van bejaardes wat'n biblioteekdiens kan beïnvloed

Daar is sekere beginsels en eienskappe wat aan bejaardheid ten grondslag lê en wat by die beplanning van 'n biblioteekdiens aan bejaardes in ag geneem moet word.

Bejaardheid is 'n universele verskynsel. Dit is die gevolg van 'n normale proses, 'n proses wat eie aan alle groepe van die samelewing is. Elke persoon wat lank genoeg lewe, sal 'n bejaarde word. Dit is dus nie net een of ander seksie wat deur 'n biblioteekdiens aan bejaardes sal baat nie.

Ouderdom is nie werklik 'n norm vir bejaardheid nie. Nie almal word eenders oud nie. Elke mens het 'n sekere lewenspatroon wat by hom vasgelê is deur sy opvoeding en die voorbeelde wat sy ouers vir hom gestel het. Hierdie patroon kan nie sommer na willekeur verander word nie. Dit bly tot 'n groot mate by die mens tot hy te sterwe kom. Die lewe wat jy lei, jou werk, gesin, gesondheid, verstandelike vermoë, aardse besittings, ens. het elkeen 'n invloed op hoe 'n mens oud word. Mense wat in hul jonger jare baie aktief was, word gewoonlik nie so gou oud nie. Diegene wat wye belangstellings gehad het, sal sommige daarvan behou, en hulle sal dus 'n voller lewe lei as die ander met min of geen belangstellings nie. Selfs al kan 'n belangstelling nie meer beoefen word nie, kan verwag word dat dit by die bereiking van bejaardheid 'n invloed op die leesbelangstelling sal hê. 'n Sportman sal, byvoorbeeld, hoogswaarskynlik nog boeke oor sy geliefkoosde sportsoort

van vroeër lees. T. Collins raak die volgende wysheid in verband met bejaardheid kwyt: „Your retirement, while a baptism of sorts, is not going to change your soul or your heart. You are going to be just as dumb and just as smart as you were before. Just as lazy and just as efficient. Just as mean and just as gracious. In brief you're going to be the same person ... with time added.”<sup>1)</sup>

Die bejaardes is nie 'n tipe nie. Hulle vorm nie 'n homogene groep nie maar bestaan uit individue, net soos die geval met enige ander ouderdomsgroep is, elk van wie sy eie persoonlikheid, eie belangstellings, eie behoeftes, eie probleme en eie gewoontes het. Die bejaarde is maar net wat elkeen van ons oor 'n paar jaar sal wees. Net soos ons in ons jong dae van mekaar verskil het, net so sal ons op 'n gevorderde leeftyd van mekaar verskil, trouens, seker meer as voorheen, want daar sal meer ondervindinge agter die rug wees wat verdere verskille in die hand werk. Goewerneur Rockefeller van die Verenigde State van Amerika het in 1964 in dié verband die volgende van die bejaarde gesê: „Aging is an individual and lifelong process. Older persons are just as different from one another as youth from youth or a person of middle age from another person of middle age.”<sup>2)</sup> By die lewering van biblioteekdiens, moet die bejaardes dan ook as individue beskou word. Ten opsigte van hulle leesbehoefte vorm hulle 'n deursnee van die gemeenskap, en daarom moet die diens vir alle tipes lesers voorsiening maak.

1) COLLINS, T. Complete guide to retirement, p.147.

2) O'MALLEY, J.J. The library and the older adult reader. Bookmark, 23: 222, 1964.

Net soos enige mens het die bejaarde 'n behoefte aan erkenning, emosionele sekuriteit, ontspanning en nuwe ondervinding en 'n begeerte om nuttig te wees.<sup>3)</sup> Dr. P.O. le Roux lig hierdie behoeftes soos volg toe:

i Sekuriteit. Die bejaarde het behoefte aan beide ekonomiese en emosionele sekuriteit. Goedkoop behuising, voedsel en vry dienste help met eersgenoemde, terwyl liefde, aanvaarding en die wete dat hy nog nuttig is, belangrik vir laasgenoemde is.

ii Erkenning. Die bejaarde wil ook voel dat hy nog erkenning geniet. In ons jong dae het ons almal 'n mate van erkenning vir die een of die ander vorm van prestasie gekry. Dit beteken vir die bejaarde baie dat sy prestasies, hoe gering ookal, nog gewaardeer word. Sonder hierdie erkenning sal die bejaarde gefrustreerd wees, wat uiting sal vind in onvergenoegdheid en 'n aggressiewe en dominerende houding.

iii Selfrespek. Waar die vermoë afneem begin die bejaarde aan homself twyfel met 'n gevolglike afname in selfrespek. Hierdie minderwaardige gevoel laat hom hom onttrek van ander mense, en hy voel hom 'n verstoteling. Dit werk natuurlik vereensaming in die hand.

iv Nuwe belangstellings. Net soos alle ander mense moet bejaardes gedurig nuwe mense ontmoet en nuwe belangstellings hê om nie te ver=stok nie. Hulle kan nou aan aktiwiteite deelneem wat nie soveel lig=gaamlike inspanning vereis nie.

3) THERON, E. Ontspanningsbedrywighede, p. 186.

v Liefde en toegeneëtheid. Dit is waarskynlik die belangrikste vereiste vir 'n gelukkige oudag. Die wete dat die jonger geslag en ander mense vir jou werklik omgee, beteken baie.<sup>4)</sup>

Dr. J. de Beer, Direkteur van Hospitaaldienste in die Oranje-Vrystaat, het hierdie aspek in sy referaat aan die Nasionale Konferensie oor Bejaardesorg, wat in Maart 1971 in Pretoria gehou is, soos volg beklemtoon: „Die faktore wat die grootste nadelige invloed uitoefen op die wel-syn van die bejaarde is waarskynlik 'n gebrek aan onafhanklikheid, 'n gevoel van eensaamheid, afsondering, gebrek aan sekuriteit en die gevoel dat hy of sy 'n oorlas is vir die gemeenskap.”<sup>5)</sup> Wanneer vir bejaardes programme gereël word, moet in gedagte gehou word dat hulle nie bedien wil word nie maar eerder 'n aandeel in die organisasie en werk aan die programme verbonde wil hê.

Soos enige ander volwassenes het die bejaarde die reg om self sy lewenspatroon te bepaal. Bejaardes is nie soos kinders nie. Deur self hulle sake te reël, behou hulle ook hulle selfrespek. Dit moet in gedagte gehou word wanneer aan hulle boeke voorsien en vir hulle programme gereël word.

Bejaardheid is nie noodwendig 'n proses van agteruitgang nie. Dit moet eerder as 'n tydperk van ontwikkeling gesien word waarin die persoon

4) LE ROUX, P.O. Kursus in die versorging van bejaardes: Elementêre sielkunde, p.66 - 8.

5) DE BEER, J. op.cit., p.11.

die geleentheid het om dinge te leer wat hy voorheen nie geken het nie. Waar die liggaamskragte in sekere opsigte afneem, kan ander talente ontwikkel word. So kan die bejaarde, wat nie meer sy normale take kan verrig nie, omdat sy bene swak is, leer om handwerk te doen of sy tyd nuttig met 'n boek deur te bring. Waar 'n persoon voltyds 'n beroep soos onderwys of klerklike werk beoefen het en dan aftree, kan hy sy vrye tyd bestee deur sy ander talente te ontwikkel of stokperdjies te beoefen, waarvoor daar nie voorheen tyd was nie. Hy besit moontlik skeppende vermoë wat weens gebrek aan tyd nooit ontwikkel kon word nie. Hierin kan die boek 'n groot bydrae lewer. Die bejaarde is nog in staat om te leer. Dit mag wel so wees dat hy stadig leer, maar hy kan nog nuwe dinge bemeester. Die Live Long and Like it Library Club, 'n klub vir bejaardes in Amerika, se leuse is „I am still learning."

Hoewel konserwatisme 'n eienskap van bejaardheid is, is bejaardes wel vatbaar vir verandering. Hulle aanvaar verandering miskien nie maklik nie, maar dat hulle hul wel by veranderende omstandighede kan aanpas, blyk uit die wyse waarop hulle in die reël die groot ontwrigting by aftrede die hoof bied, wanneer hulle met 'n aansienlik kleiner inkomste moet klaarkom en wanneer hulle hulle woning van al die jare moet verruil vir 'n kleiner huis, 'n woonstel of 'n tehuis. Daarom is daar dan ook geen rede waarom 'n persoon wat nooit 'n biblioteekgebruiker was nie, nie op 'n hoë ouderdom die leesgewoonte kan aankweek nie.

Die bejaarde se benadering tot die lewe berus op opvattinge uit 'n ander tydperk. Daarom konformeer hy nie maklik met die hedendaagse jong mense nie. Hy stel dan ook nie belang in die moderne lektuur soos seksromans en wetenskapfiksie nie.



Dit is vir die bejaarde, net soos vir alle ander mense, noodsaaklik om omgang met mense van alle ouderdomme te hê. Die bejaardes moet derhalwe nie as 'n groep geïsoleer word nie. Isolاسie en vereensaming is algemene kenmerke van bejaardheid, wat ernstige probleme oplewer. Volgens J. Niemeyer, 'n Nederlandse gerontoloog, is die volgende faktore vir die vereensaming en isolاسie verantwoordelik:

i 'n Afname in aanpassingsvermoë bring mee dat die bejaarde minder inligting op 'n keer kan inneem en verwerk. Dit verklaar die traagheid wat by oumense te bespeur is en wat hulle aktiwiteite beperk en hulle hul laat terugtrek uit situاسies wat hoë eise aan die inneem en verwerking van inligting stel. Waar bejaardes nie so vinnig inligting kan absorbeer nie, word hulle baie meer gesteld op noukeurigheid. Deurdat dit vir hulle langer neem om nuwe dinge onder die knie te kry, hou hulle liewers by roetines waarmee hulle vertrou is, en dié word met groot noukeurigheid uitgevoer. Hierdie vasklou aan gevestigde roetines en uiterste nougesetheid is dan 'n vorm van aanpassing by die verlies aan vermoë tot vinnige absorbering van inligting.

ii Die bejaarde beweeg stadiger, sy gehoor en gesig verswak en hy herstel nie so maklik van siektes nie.

iii Die moderne maatskappy werk mee tot die terugtrekking en isolering van die bejaarde deurdat daar, eerstens, sulke snelle ontwikkelings op elke gebied van die sosiale lewe plaasvind. Die bejaarde van vandag het nooit geleer om vinnig om te skakel en aan te pas nie.

Tweedens, lê bejaardes die tuig vroeër neer as gevolg van verbeterde pensioenskemas. Verder is die verskil tussen die leefwyse van die jeug en van die bejaarde vandag so groot, dat die bejaarde nie meer

in die familiekring tuis voel nie. Voorheen het toestand nie so vinnig in die leeftyd van een mens verander nie. In vroeër jare is die bejaarde as die wyse aanvaar. Vandag word hy as oningelig beskou, en so=doende verloor hy sy gevoel van eiewaarde. In die stad bly die bejaarde vandag liewers tuis want hy kan nie meer so gemaklik soos in die ou dae oor die straat met sy druk verkeer stap nie. Die hedendaagse hoë lewenstempo is 'n belangrike rede vir die terugtrekking van die bejaarde.<sup>6)</sup>

As verdere faktore tot vereensaming en isolasie kan genoem word die feit dat baie vriende reeds oorlede is, die kinders reeds getroud is en meer in hulle eie gesinne geïnteresseerd is. Dit is moeilik om op 'n hoë ouderdom nuwe vriende te maak en die bejaarde verloor steeds meer kontak met die lewenswysse van die kinders. Die bejaarde moet soms verhuis omdat hy nie alleen in sy huis kan bly nie. Dikwels moet hy van die plaas na die stad trek, waar hy heeltemal vreemd is en moeilik aanpas. Baie bejaardes het as gevolg van swak gesondheid en geldelike nood feitlik geen sosiale kontakte nie. Maar selfs waar daar geen finansiële probleme is nie, skakel dit nog nie die probleme van isolasie, vereensaming en swak gesondheid uit nie. Boeke is 'n hulpmiddel om die bejaarde in voeling met die buitewêreld te hou en is goeie geselskap vir die eensame.

Ouderdom is nie noodwendig sinoniem met swak gesondheid nie. Deur=dat jy as jong mens 'n gesonde lewe lei, kan jy op jou oudag ook rede=

6) NIEMEYER, J. Het waarom en hoe van bibliotheekwerk voor bejaarden. De openbare bibliotheek, 11: 3 - 4, 1968.

lik vry van siekte wees Swak bene, swak oë en rumatiek is egter die mees algemene fisiese probleme waarmee die bejaarde te kampe het. Dit bring mee dat die bene hom nie meer by die biblioteek kan bring nie, die oë nie meer die gewone druk kan lees nie en die hande dit moeilik vind om swaar boeke, soos die Afrikaanse boeke in groot druk, vas te hou. In 'n navorsingsverslag van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad word die volgende fisiologiese eienskappe, wat eie aan bejaardheid is en wat die gebruik van 'n biblioteekdiens kan beïnvloed, genoem: beperkte armbereik, verminderde mobiliteit en fisiese vaardigheid, stadiger reaksies, weefsel en spiere wat nie meer so elasties soos voorheen is nie, 'n toenemende sensitiwiteit vir uiterste temperature, verswakking van gesigsvermoë, gehoor en reukvermoë.<sup>7)</sup>

Die feit bly egter staan dat bejaardes nie noodwendig hulpeloos is nie. Hulle kragte mag minder wees, maar daar is nog baie wat hulle kan doen. Daarom kan hulle goeie gebruik van boeke maak.

Biologiese en psigologiese verandering gaan nie altyd hand aan hand nie. Die liggaam verswak soms lank voor die gees of andersom. Dit is juis vir diegene wat aan die bed gekluister is maar van wie die verstand nog helder is, wat 'n biblioteekdiens baie lonend kan wees.

De Beer huldig die volgende mening oor die geestesveranderinge wat bejaardes ondergaan: „Alhoewel geestesveranderinge op sigself weinig, indien enige, uiterlike sigbare veranderinge meebring, het dit die

7) SOUTH AFRICAN Council for Scientific and Industrial Research. National Building Research Institute. A guide to special housing for aged people, p. 7.

mees diepgaande en verreikende invloed op die gedrag en persoonlikheid van die mens wat hom as 'n individu identifiseer ... Die grootste probleme wat verandering wel meebring, lê in hierdie geestesveranderinge opgesluit, want dit het die mees diepgaande invloed op die bejaarde self en die wydste trefkrag op die familie en vriendekring."<sup>8)</sup>

Die bejaarde se produktiwiteit is nie so hoog soos dié van 'n jonger persoon nie, maar dis nie vir hom nodig om so 'n hoë produktiwiteit te handhaaf nie want sy take is minder. Dit moet dus ook verwag word dat hulle stadiger sal lees.

Bejaardes voel soms gefrustreerd omdat hulle nie meer so 'n groot bydrae soos voorheen kan lewer nie. Mense tree gewoonlik af op die stadium waarop hulle die hoogste sport bereik, met ander woorde wanneer hulle 'n belangrike betrekking beklee, 'n baie aktiewe lewe lei en hulle werklik invloedryk is. Wanneer 'n persoon die toppunt van sy dienslewering bereik, bevind hy hom skielik in 'n posisie waar hy glad nie meer nuttig is nie. Daar moet in die biblioteekdiens soveel as moontlik van die bejaardes se dienste gebruik gemaak word, byvoorbeeld, in die administrasie van 'n biblioteekdepot of die reël van biblioteekprogramme vir bejaardes.

Bejaardes is gewoonlik beskeie en nie opdringerig nie, veral omdat die gemeenskap se houding teenoor hulle in die verlede so dikwels een van verwerping was. Die biblioteke moet hulle dienste vir die bejaardes aanbied en hulle aanmoedig om dit te gebruik want die inisiatief sal nie van hulle uitgaan nie.

8) DE BEER, J. op.cit., p.3 - 4.

## 5 Lektuurvoorsiening aan bejaardes

### 5.1 Die waarde van lees vir die bejaarde

Uit die eienskappe van bejaardheid, wat in hoofstuk 4 omlin is, kan die waarde van die boek vir die bejaarde herlei word.

Een van die ernstigste probleme van bejaardheid is isolasie en vereensaming. Lees is 'n uitstekende teenmiddel hiervoor. Wanneer die indiwidu in 'n boek verdiep raak, vereenselwig hy hom met die karakters en hulle ondervindings en belewenisse. Dan is hy onbewus daarvan dat hy alleen in die wêreld is. Die boek kan natuurlik nie die mens as gespreksgenoot volledig vervang nie, maar dit kan wel dien as interessante onderwerp van bespreking. Boekleefhebbers kan ure aaneengesels oor die boeke wat hulle gelees het. Hierdie bespreking van boeke gee die bejaardes dan 'n gemeenskaplike belangstelling en dit stimuleer sowel hulle denk en redeneervermoë as hulle leesvermoë.

Hoe meer geïsoleer en vereensaam 'n persoon is, des te meer sal boeke vir hom waarde hê deurdat dit hom met wat in die buitewêreld aangaan in kontak hou. Vir die ingeperktes en die swaksiendes behoort dit 'n groot seën te wees om toegang tot literatuur te hê. Dis dan ook 'n belangrike rede waarom die biblioteek 'n verpligting teenoor die bejaardes het.

Daar is reeds gewys op die frustrasie waaraan die bejaarde na aftrede onderhewig is, omdat hy nie meer so veel vir die samelewing beteken en nie meer so onmisbaar is soos voorheen nie. Lees is 'n goeie teen-

middel vir hierdie frustrasie want dan maak die afgetredene kontak met persone wat soortgelyke probleme ondervind het.

Ouerwordende persone is nog in staat om te leer en hulle kan dieselfde waarde uit die boek as die jonger lesers put. Hulle kan hulle kennis verbreed deur van ander lande, nuwe wetenskaplike ontwikkelinge, wêreldsake, ens. te lees.

Deur die bejaardes te help om stokperdjies te beoefen, lewer die boek 'n bydrae tot hulle liggaamlike en geestelike welsyn. Die persoon wat sy tyd op hierdie nuttige manier verwyd, vergeet van sy pyn en kwale. Die ondersoekster het telkemale in die ouetehuse bejaardes teëgekomm wat aan die bed gekluister is en hulle besig hou met weef-, brei- of hekelwerk en dan te gretig is om boeke oor hulle besondere handwerk te bekom. 'n Mens besef dan eers hoe baie elke takie, wat so 'n bed= gekluisterde nog kan verrig, vir hom of haar beteken.

Die boek kan waardevolle hulp lewer om die bejaarde se aanpassings= proses te vergemaklik. Deur lees kan hy op hoogte bly van nuwe ontwikkelinge, heersende tendense en opvattinge en van die nuwe lewens= wyse.

Vir baie van die ouer garde lê die groot waarde van lees daarin dat dit 'n aangename tydverdryf is. Lees vul die eentonige, ledige ure. Al sou die bejaarde min of selfs geen verryking uit die boek put nie, het lees nog groot waarde om die lang eensame ure te verwyd - ure wat dikwels veral lank kan wees omdat die leser strawwe pyne moet verduur. In sulke gevalle het lees ongetwyfeld terapeutiese waarde.

Lees hou ook die bykomende voordeel in dat die leser eenvoudig die

boek kan neersit en rus wanneer hy moeg word.

Hoewel kos, klere en huisvesting van primêre belang is, mag die waarde van die boek in die lewe van die bejaarde nooit onderskat word nie.

## 5.2 Die leesbehoefte van bejaardes

### 5.2.1 Inleiding

Die bejaarde, net soos alle ander lesers, se leessmaak word beïnvloed deur sy sosiale agtergrond, sy opvoeding en onderwys en deur sy vroeëre leesgewoontes. Bejaardes moet dus nie, ook wat boekvoorsiening betref, as 'n homogene groep beskou word nie. Daarom moet daar vir hulle net so 'n wye keuse van boeke gegee word as vir enige ander ouderdomsgroep. Daar is wel sekere probleme wat dikwels met bejaardheid gepaard gaan en wat in ag geneem moet word, soos afname in die gesigs- en gehoorvermoë, verswakking van geheue en gesondheid en verminderende kragte.

### 5.2.2 Tipes lesers

In die ondersoek van die leesbehoefte en leessmaak van bejaardes, moet drie leserstipes in gedagte gehou word, naamlik bejaardes wat in 'n leestradisie oud geword het, diegene wat nooit die leesgewoonte aangekweek het nie en bejaardes, wat as gevolg van fisiese gebreke, nie in staat is om gewone boeke te lees nie.

Bejaardes met 'n leestradisie se leesbehoefte en leesbelangstellings sal nie aanmerklik verskil van wat dit voorheen was nie. Onder die bejaardes in hierdie kategorie het die Engelssprekende in die Republiek

in die reël 'n baie ouer leestradisie as die Afrikaanssprekende. Hulle leessmaak sal net so kenmerkend hulle eie wees as die leessmaak van persone in elke ander ouderdomsgroep. Hulle sal moontlik nie die moderne seksroman of wetenskapfiksie geniet nie, omdat die idees daarin vervat vir hulle vreemd is.

Die oorgrote meerderheid van die huidige geslag bejaardes het egter nooit die leesgewoonte aangekweek nie. Dit kan veral toegeskryf word aan die feit dat so veel van hulle hul kinderjare op die platteland deurgebring het, waar skole en biblioteke skaars was. Deur die regte voorligting en prikkels kan hierdie groep se belangstelling gaande gemaak word, sodat hulle ware genot uit lees kan put. Aan die bibliotekaris stel dit hoë eise ten opsigte van geduld, takt, mense- en boekekennis. In hierdie diens is die beginsel belangrik dat die regte boek aan die regte persoon besorg word, en veral in die beginstadium terwyl hy nog nie werklik in lees geïnteresseerd is nie.

Tydens die opname het die ondersoekster telkemale gevind dat die bejaardes aanvanklik hoegenaamd geen belangstelling in boeke getoon het nie. Nadat daar egter 'n bietjie gesels is en uitgevra is oor die bejaarde se kontrei, sy kinderjare, sy gesin en hulle belangstellings, sy eie belangstellings, sy stokperdjies en ander aktiwiteite, (die bejaarde gesels graag hieroor) en daar aan hom verduidelik is watter boeke daar is wat hom moontlik sal interesseer, en watter dienste beskikbaar is, was daar feitlik in elke geval 'n ontluiking van belangstelling te bespeur. Die ondersoekster is dan ook oortuig daarvan dat feitlik elke bejaarde wat in staat is om te lees, 'n potensiële gebruiker van 'n biblioteekdiens is. Maar dit is essensieel dat sy belangstelling



gepeil word en dat hy die boeke kry wat hom werklik genot sal verskaf. Net so min as wat die bibliotekaris sy idees en smaak op jonger lesers mag afdwing, net soveel moet die bejaarde 'n vrye keuse hê in wat hy wil lees, met ander woorde, dis belangrik dat die regte leiding en aanmoediging taktvol en onopsigtelik gegee word.

In elke gemeenskap is daar potensiële lesers wat as gevolg van die een of ander liggaamlike gebrek nie van die gewone boek gebruik kan maak nie. Hoë ouderdom gaan dikwels met verswakkende gesigsvermoë gepaard. Gelukkig is daar in die jongste tyd hulpmiddele soos grootdrukboeke en fonoboeke ontwikkel om in die leesbehoeftes van hierdie persone te voorsien.

Sedert 1965 voorsien Suid-Afrikaanse openbare biblioteke boeke in grootdruk aan hulle swaksiende lesers. Die gewone druk van boeke varieer van ses- tot twaalfpunt, terwyl grootdrukboeke gewoonlik in agtienpunt geset is.<sup>1)</sup> Die Ulverscroftreeks, wat deur F.A. Thorpe in Engeland uitgegee word, is die eerste grootdrukboeke wat in Suid-Afrika beskikbaar gestel is. Hierdie reeks bestaan hoofsaaklik uit fiksie en populêre nie-fiksie. Tot ongeveer twee jaar gelede was boeke in hierdie reeks net in kwartoformaat ( $8\frac{1}{2}$ " x 11") beskikbaar. Vir die bejaardes wat graag in die bed lê en lees en wat dikwels aan gewrigspyne ly, is hierdie formaat moeilik hanteerbaar. Sedert die boeke in kleiner formaat verskyn, het hulle gewildheid verbasend toegeneem. Dit is jammer dat die grootdrukboeke nie in hulle oorspronke-

1) BEKKER, J. Leesstof vir swaksiendes: die verskyning van grootdrukboeke in Afrikaans. Suid-Afrikaanse biblioteke, 37: 4, 1969.

like stofomslae kan verskyn nie, want die enersheid van die huidige omslae doen afbreuk aan die gewildheid van die boeke. Dit is wel baie nuttig dat elke tipe verhaal sy eie kleur het, byvoorbeeld, Wilde Westestories is oranje, romans is rooi en speurverhale groen.

In Amerika word heelwat nie-fiksie, selfs woordeboeke, ensiklopedieë, koerante en tydskrifte, in grootdruk uitgegee. Die koerante en tydskrifte vul 'n groot leemte aan want die bejaarde is besonder lief vir sy tydskrifte en koerante. Die New York Public Library gee 'n boeklys in grootdruk uit van boeke wat in grootdruk verskyn het.

/Sedert 1969 verskyn Afrikaanse titels ook in grootdruk. Een van ons bekende uitgewers is hiervoor verantwoordelik en laat ongeveer tien titels per jaar die lig sien. Hierdie boeke voorsien in 'n werklike behoefte, veral omdat 'n groot persentasie van die bejaardes nie in Engels tuis is nie. Maar die Afrikaanse grootdrukboeke het ongelukkig heelwat beperkinge. Die enersheid van die omslae maak die voorkoms onaantreklik en oninteressant, die kwartoformaat is 'n baie groot nadeel, die prys van die boeke is hoog en 'n groot persentasie titels vind nie byval by die bejaarde lesers nie. Net uitgawes van die betrokke uitgewer verskyn in grootdruk, wat die keuse van titels beperk. As gevolg van die lae onderwyspeil van en die gebrek aan 'n leestradisie by 'n groot aantal Afrikaanssprekende bejaardes, lees hulle graag die ligte romans en speurverhale. Ongelukkig het baie min van hierdie tipe verhale nog in grootdruk verskyn. Die ondersoekster het reeds met die betrokke uitgewer onderhandel oor die moontlikheid om die grootdrukboeke in kleiner formaat te laat verskyn en om meer geskikte titels hiervoor te kies.

Tydens die opname het die ondersoekster bevind dat daar by die Afrikaanssprekende bejaarde 'n werklike behoefte aan kerklike publikasies in grootdruk bestaan. Vir menige bejaarde is sy Bybel en sy kerkblad die enigste publikasies wat hy graag lees. Gelukkig is die Afrikaanse Bybel reeds in grootdruk beskikbaar, wat 'n groot seën vir die bejaardes is, maar die kerkblaai kan hy as gevolg van die klein druk glad nie lees nie.

Fonoboeke is 'n waardevolle hulpmiddel vir diegene wat selfs nie meer die grootdrukboeke kan lees nie. Hulle is veral van groot waarde vir die bejaardes wat op 'n latere leeftyd hulle gesigsvermoë verloor het en dus nie Brilleskrif aangeleer het nie. Dit word vandag algemeen aanvaar dat dit die taak van die biblioteek is om fonoboeke aan blinde lesers te voorsien.

In Nederland word fonoboeke deur die openbare biblioteke voorsien. Die blinde lesers kan bandspelers teen 'n laer prys aankoop. Tydskrifte op band is baie gewild.

In die Verenigde State van Amerika word bandspelers en fonoboeke gratis aan gesertifiseerde blindes geleen. Boeklyste van die beskikbare titels word voorsien en die boeke kan dan per poskaart of telefoon aangevra word. Literatuur in Brille- en Moonskrif word ook voorsien en grammofoonplate word aan die huisgebondenenes beskikbaar gestel. Openbare biblioteke onderneem die reklame vir die diens aan blindes en hou ook 'n rekord van hulpmiddels soos prismabrilles, boekstuttes, apparaat om die blaai van boeke om te blaai en vergrootglase, wat by plaaslike welsynsorganisasies beskikbaar is.

In Solna, Swede, is daar 'n diens van koerante op band. Telefone is beskikbaar vir die blindes om na die koerantberigte te luister.

In Suid-Afrika word dienste van die aard gelewes deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes in Grahamstad en deur Tape Aids for the Blind in Durban. Die Skool vir Blindes in Worcester aanvaar intekening op sekere tydskrifte op band, byvoorbeeld, Die Huisgenoot en Personality. Voorheen was boeke net op oop bande beskikbaar en van die bandspelers wat hiervoor voorsien is, was groot en lomp en die blindes het dit moeilik gevind om die oop bande te hanteer. Vandag is kassette en klein kassetspelers beskikbaar. Dit is 'n groot verbetering op die vorige apparaat, veral vir die bejaardes in ouetehuse wat gewoonlik nie ruimte vir 'n groot apparaat op die klein tafeltjie in hulle enkelkamers het nie.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes stel die kassetspelers en die fonoboekes gratis beskikbaar aan alle blinde lesers, dus ook aan bejaardes. Die kassette en apparate word posvry heen en terug versend. Die beskikbare voorraad fonoboekes sluit in romans, speurverhale, Wilde Weste-stories, avontuurverhale en heelwat nie-fiksie, veral lewensbeskrywings en reisverhale. Ongelukkig is daar nog baie titels in Afrikaans beskikbaar nie, en dis juis daarvoor wat daar 'n groot aanvraag deur bejaardes is.

Die Pretoriase Openbare Biblioteek tree sedert November 1970 op as skakel tussen die blinde lesers en die nasionale biblioteek vir blindes. Dit is die eerste biblioteek in die Republiek wat die dienste van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes in Grahamstad aan sy lesers beskikbaar stel. Die Openbare Biblioteek van Roodepoort het ook on-

langs 'n dergelike diens ingestel.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes het natuurlik ook literatuur in Braille- en Moonskrif wat direk aan blindes beskikbaar gestel word en wat ook deur biblioteke op inter-biblioteeklening aangevra kan word.

Bejaardes met gehoorprobleme behoort ook spesiale aandag te geniet. Hulle is gewoonlik uitgesluit van die meeste kulturele aktiwiteite en onttrek hulle dikwels aan die gemeenskap. Hulle is soms selfs meer geïsoleerd as die blindes veral in 'n geselskap. Hulle woordeskat is dikwels baie beperk, dit wil sê, as hulle van jongs af doof was. Die radio, fonoboeke en plate is vir hulle van geen nut nie. Daar behoort vir die dowes spesiale kommunikasiemedie soos boeke in eenvoudige taal en met duidelike illustrasies en verklarende aantekeninge, video=band, films, skyfies en illustrasies, voorsien te word. Ongelukkig word daar nog bloedweinig deur biblioteke vir hierdie groep lesers gedoen. Sover uit die literatuur vasgestel kon word, is Swede die enigste land wat ernstig aandag aan die behoeftes van dowe lesers gee. Die volgende is 'n uittreksel uit 'n artikel van Thulin wat in 1969 verskyn het: „On account of their limited vocabulary, many of those born deaf have difficulties in reading daily newspapers, and in following debates on general and local matters among other things. They are shut out! In Malmö, we are at present discussing an idea which, if it can be realized, will be a new venture for us. We wish to provide the deaf with an equivalent to the tape-recorded newspaper for the blind. We think that a selection of pictures can be placed together on video tape, and shown in the library to groups of deaf people with the help of an interpreter, who explains the pictures and whatever text

there may be. Also, by taping the television news and interesting television programmes, perhaps it will be possible to stimulate the deaf to take part in these cultural activities, thus breaking their isolation. We must, of course, also make the deaf aware of the films, slides and paintings which can be borrowed from the library."<sup>2)</sup>

Die bejaarde wat op 'n latere leeftyd sy gehoorvermoë verloor het, kan of die gewone boeke of die grootdrukboeke lees. Maar wanneer hy beide sy gehoor- en gesigsvermoë verloor, kan die biblioteek vir hom geen diens lewer nie.

### 5.3 Die leessmaak van bejaardes

Sosioloë en bibliotekarisse het verskeie studies gedoen oor en opnames gemaak van die leessmaak van die bejaardes.

Volgens W. Geerts, Directeur Sociale Zaken te Zaandam, is dit 'n onjuiste bewering dat bejaardes in die verlede lewe, dat hulle terugkyk op hulle eie lewe en dat hulle gelukkig is om net toe te kyk hoe die lewe van hulle kinders ontwikkel. Hy is van mening dat hulle baie beslissings in sake van die dag belangstel en daarom wil hulle nie net van die verlede lees nie. Baie van hulle hou van avontuur- en speurverhale.<sup>3)</sup>

R.H. Millward van die Westminster Public Libraries is van mening

2) THULIN, K. op.cit., p.258.

3) GEERTS, W. Lezen op leeftyd. De openbare bibliotheek, 13: 51 - 2, 1970.

dat bejaardes lief is vir die bekende skrywers van vyftig jaar gelede. Dames lees graag romans en gesinsverhale terwyl mans speurverhale en Wilde Weste-stories lees. Moderne romans is gewoonlik nie gewild nie.<sup>4)</sup>

Volgens 'n ondersoek wat in 1968 in die Verenigde State van Amerika gedoen is, is dit opvallend dat daar so baie teorieë is oor wat bejaardes graag lees. Dit wissel van boeke oor die prestasies van ou mense, inligting oor betrekkings en mediese versorging, boeke oor die proses van oud word, boeke vol heimwee en verlange en boeke waaruit inspirasie geput kan word. Sommige is van mening dat die doelstelling van boekverskaffing aan bejaardes moet wees om die leser intellektueel aktief te hou deur, byvoorbeeld, boeke oor wêreldgebeure.<sup>5)</sup>

L. Austin Sapp, van die St. Louis Public Library, beweer dat bejaardes dieselfde boeke lees as dié waarin ander lesers belangstel, naamlik romans, lewensbeskrywings, speur- en avontuurverhale, boeke oor handwerk, kookkuns, binnenshuise tuinmaak, ens. Groot boeke met gekleurde illustrasies is baie gewild.<sup>6)</sup>

In die Milwaukee Public Library is die gewildste boeke dié oor kookkuns, handwerk, naaldwerk, biografie, asook prenteboeke, speurver-

4) MILLWARD, R.H. Library service to old people, p.149.

5) SINCLAIR, D. Materials to meet special needs. Library trends, 17: 63, 1968.

6) SAPP, L.A. Paper on the service to shut-ins by the St. Louis Public Library, April 1968.

hale, ligte romans en Wilde Weste-stories.<sup>7)</sup>

Tydens 'n simposium oor biblioteekdienste aan bejaardes wat in Oktober 1968 aan die Wayne State University gehou is, is die algemene mening gehuldig dat die leesmaak van die bejaardes net soveel varieer as dié van enige ander ouderdomsgroep.<sup>8)</sup>

Die Boston Public Library het in 1967 'n opname van die leesbehoefte van hulle bejaardes gemaak, wat aangetoon het dat speurverhale, ligte romans en biografieë baie gewild is. Daarop volg resente fiksie, natuur- en dierestories, reisverhale en Wilde Weste-stories. Kuns en musiek was nie in groot aanvraag nie. Heel onder aan die lys was humor, godsdiens, gedigte, klassieke skrywers, wêreldgebeure en politiek. Wetenskapfiksie, sport, wetenskap en sielkunde het ook nie byval gevind nie.<sup>9)</sup>

In 'n artikel oor die leesbehoefte van bejaardes trek Christa Buswell sterk te velde teen A. N. Barnett se opvatting wat hy soos volg uiteensit: "... to offer the aged books selected to raise their morale or help solve their personal problems or to help keep them laughing is to make of librarianship a form of bibliotherapy which is to keep the aged happy by means of cultural dope shots; it is to treat the aged as terminal

7) MILWAUKEE PUBLIC LIBRARY - "Over 60" service, p.2

8) STIBITZ, M. Institute on library service to the aging. ALA Adult Services Division, Newsletter, Fall: 3, 1969.

9) JAVELIN, M.C. Services to the senior citizen. American libraries, 1: 133, 1970.



cases."<sup>10)</sup> Volgens Buswell kan die biblioteek nie van sy inligtings=taak wegkom nie; en hoewel inligting, wat betref ekonomiese en praktiese aangeleenthede 'n belangrike aspek van lektuurvoorsiening is, sal die oorbeklemtoning daarvan, met die doel om die materiële probleme van bejaardheid te help oplos, die sosio-sielkundige aspekte verwaarloos. Sy som haar standpunt soos volg op: „It is not, and it cannot be, the rôle of the library to change the living conditions of the aged, but it is, and it must be, its concern to contribute knowledgeably to their continued function as whole human beings."<sup>11)</sup>

Buswell het 'n opname gemaak van die leessmaak van bejaarde mans in die Domiciliary Library, Veterans Administration Center, Los Angeles. Die volgende is 'n opsomming van haar bevindings: Die gemiddelde sirkulasie per leser is 142,6 boeke per jaar. Hiervan kan afgelei word dat lees 'n belangrike vorm van vryetydsbesteding is. Die verhouding nie-fiksie tot fiksie wat gelees word, is 1 tot 3. Lewensbeskrywings, veral van geskiedkundige figure en van die bejaardes se tydgenote, is baie gewild. Boeke oor diere en die natuur vind ook byval. 'n Kategorie waarin die ouer garde baie belangstel, is boeke oor die goeie oue tyd, byvoorbeeld, oor ou films en hulle sterre, opvoerings van ver= gange dae, veteraanmotors, -skepe en -treine. Christelike boeke, behalwe die Bybel, word min gelees. Boeke oor wêreldgebeure is glad nie in aanvraag nie. Haar bejaardes lees nie oor die rassevraag= stuk nie, en hiervan lei sy af dat rassevooroordeel by hulle baie sterk

10) BARNETT, A.M. Beyond librarianship; a critique of rationales of special library service to the aged. Library quarterly, 31: 183, 1961.

11) BUSWELL, C.H. Reading and the aged. Wilson library bulletin, 46: 470 - 1, 1971.

is. Al lees hulle nie boeke oor sake van die dag nie, is hulle baie lief vir nuustydskrifte en koerante, vermoedelik omdat hulle die politiek meer oppervlakkig behandel. Wat fiksie betref, het hulle 'n afkeer van die moderne seksromans. Die gunsteling van 'n aantal jare gelede, soos Yerby, Slaughter, Keyes, Turnbull, Wren, Sabatini en Oppenheim is nog hulle gunsteling. Die ouer gewilde speurverhale is nog gewild. Moderne skrywers soos Aarons, Prother en John D. Macdonald is populêr omdat hulle verhale en karakters nie ingewikkeld is nie. Wilde Weste-stories is eintlik die gewildste tipe verhaal. Die tydskrifte National geographic magazine, Outdoor life, Natural history, Life, Look, Readers' digest, Popular science en Popular mechanics vind baie byval. Inligtingsnavrae het betrekking op die naam van 'n persoon of 'n sitaat of 'n gediggie van lank gelede, wat die geheue ontglip het, of die betekenis van terme wat voorheen onbekend was, byvoorbeeld, „psychedelic“.

Opsommend sê Buswell: „The general trends in the reading interests and habits of the aged are a decided preference for the old and familiar, a tendency to return to the known pleasures of the past and to avoid a too-direct confrontation with a contemporary world grown incomprehensible. Curiosity and the desire to learn are not so much goal-oriented as they are designed to follow the whim and interest of the moment. Most of all, reading in the life of the older person is a source of pleasure to a much higher degree than it is in the life of the younger person, largely because the physical and economic limitations of old age preclude many of the leisure activities open to those in the

younger groups."<sup>12)</sup>

Buswell meld ook dat, hoewel die bevindings van haar opname baie ooreenstem met die resultate van 'n soortgelyke opname by die Cushing Hospital, Framingham, Mass., dit weer totaal verskil van die bevindings van June Delvalle en andere wat in 1966 in die AHIL quarterly gepubliseer is onder die titel Reading patterns of the aged in a nursing home environment. In laasgenoemde ondersoek is daar bevind dat daar weinig belangstelling in diere, die natuur, sport en Wilde Weste-stories is.<sup>13)</sup>

In Aberdeen is byna 75% van die huisgebondenenes dames en hulle lees graag gesinsverhale en liefdesverhale, veral hospitaalromans. Hulle hou nie van die openhartige seksromans nie. Die mans verkies speuren en avontuurverhale. Maar hulle hou nie van die moderne James Bond-tipe speurverhaal nie. Dis baie makliker om die mans tevrede te stel as die dames. Al die bejaardes verkies die ouer skrywers se werke. Wat nie-fiksie betref, was biografieë en reisverhale die meeste in aanvraag.<sup>14)</sup>

J. Scharioth, 'n Duitse sosioloog, het in 1969 'n opname van die lees van bejaardes in Hamburg gemaak. Hy het onder meer bevind dat televisie en radio geen afbreuk doen aan die bejaardes se lees nie.

12) BUSWELL, C.H. Ibid., p.475.

13) BUSWELL, C.H. Ibid.

14) CRITCHLEY, W.E. Library service for the housebound. Scottish Library Association 53rd annual conference, Aberdeen. Proceedings, 1967. p.36 - 7.

Deurdat hulle so baie vrye tyd het, reël hulle net hulle leestyd anders as daar interessante uitsendings is. Diegene wat self boeke besit en nie veel lees nie, is amper dieselfde persentasie as diegene wat baie lees en geen boeke besit nie, naamlik 20% teenoor 24% respektiewelik. Bekende familieromans met 'n diepte en 'n goeie geskiedkundige agtergrond en wat oor 'n paar geslagte van die karakters strek, is baie gewild. Selfs die swaksiendes, vir wie lees inspannend is, verkies die lwywige familieromans bo kortverhale. Bejaardes geniet veral die verhale wat afspeel in hulle jong dae en waarvan die skrywers hulle tydgenote is, want hulle leef graag in 'n droomwêreld van die goeie ou dae. Toestande en probleme van die hede interesseer hulle hoegenaamd nie. Hulle lees graag die ou gunsteling en hulle is ook lief vir suksesromans. Eendagsvliegies val nie in hulle smaak nie.

Hoewel die bejaardes voorkeur gee aan sekere tipes boeke, soos hierbo genoem, moet daar nie van hierdie leesstof as „oumensboeke” gepraat word nie, want die ou mense stel ook in baie ander tipes boeke belang. Meer as 25% van die mans wat ondervra is, lees graag nie-fiksie. Christelike boeke word baie min in Hamburg gelees, deur net 9% van die ondersoekgroep, niteenstaande daar 'n massa christelike boeke in grootdruk beskikbaar is. Op die platteland word daar egter baie meer christelike boeke gelees.

Daar is 'n groot tekort aan die goeie familieromans, belletrie en nie-fiksie in grootdruk.<sup>15)</sup>

15) SCHARIOTH, J. Das Lesen alter Menschen, p.71 - 2.

Uit die jaarverslag van die Johannesburgse Openbare Biblioteek, 1967/68 blyk dit dat die Johannesburgers nie baie lief vir reisverhale is nie, maar dat hulle besonder baie van ernstige werke hou.<sup>16)</sup>

Volgens die 1959-opname van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing lees 66% van die bejaardes koerante, 25% godsdienstige blaaië, 21% romans, romans, romans, ens. en 22% het geen insae in lektuur nie. Die 22% sluit diegene in wat nie meer kan lees nie. Die stadsbejaardes lees meer as die plattelanders. Hiervoor is die volgende twee faktore verantwoordelik: die beskikbaarheid van lektuur, en kulturele faktore en onderwyspeil. Die stedelinge lees meer koerante, romans, ens. as die plattelanders, terwyl laasgenoemdes meer godsdienstige lektuur lees.<sup>17)</sup>

Uit verslae wat van die Kaapse en die Natalse Provinsiale Biblioteekdiens ontvang is, blyk dit dat die lesers in die kusdorpe, waar hoofsaaklik Engelssprekende afgetredenes met 'n leestradië woon, 'n groot voorliefde vir biografie, reisverhale, boeke oor dierelewe en fiksie van beter gehalte het. Christelike boeke geniet hier nie 'n groot aanvraag nie.

Uit die voorgaande blyk dit dat dit uiters moeilik is om 'n duidelike patroon vir die bejaardes se leessmaak vas te stel. Omdat hulle nie 'n homogene groep vorm nie, is daar dieselfde verskeidenheid in hulle leessmaak as in dié van enige ander ouderdomsgroep. In die algemeen

16) JOHANNESBURG, p.32 - 3.

17) SUID-AFRIKA (Republiek). Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, op.cit., p.86.

kan wel 'n paar tendense bespeur word. Net soos enige ander ouderdomsgroep, het bejaardes ook hulle geliefkoosde skrywers, wat van selfsprekend skrywers uit hulle tyd sal wees. Hulle lees graag oor persone en gebeurtenisse wat aan hulle bekend is. Uit feitlik al die opnames het geblyk dat romans en speurverhale gewild is. Die bejaarde vind egter geen behae in, byvoorbeeld, die moderne openhartige seksroman nie. Die gewildheid van godsdienstige lektuur en Wilde Weste-stories toon aansienlike verskille in verskillende gemeenskappe.

Die feit dat daar so 'n groot verskeidenheid in die leessmaak van bejaardes is, en dat die leessmaak van plek tot plek sulke groot verskille toon, bevestig die noodsaaklikheid dat elke dorp of stad wat biblioteekdienste vir bejaardes beplan, 'n opname moet maak van sy bejaardes. Gegewens oor die resultate van die onderhawige opname van die leessmaak van bejaardes in Pretoria, word in paragraaf 8.13 verstrekk.

## 6 Die openbare biblioteek se dienste aan bejaardes

### 6.1 Motivering vir die lewering van spesiale dienste aan bejaardes

Uit die voorgaande blyk dit dat ons veral gedurende die afgelope paar dekades bewus geword het van die probleme verbonde aan bejaardheid en die behoeftes van bejaardes. Die saak van bejaardesorg geniet die ernstige aandag van owerhede en van 'n verskeidenheid liggame en organisasies en die vraag kan tereg gestel word of die openbare biblioteek nie ook 'n taak ten opsigte van die bejaarde het nie. Die eienskap van bejaardheid en die rol wat lektuur in die lewe van die bejaarde kan speel, soos in hoofstukke vier en vyf uiteengesit, dui daarop dat die openbare biblioteek 'n belangrike taak in dié verband behoort te vervul. J. Nuiwer, direkteur van die openbare biblioteek in Groningen, sê hieroor die volgende: „Waarom houden zoveel bibliotheken zich bezig met speciale dienstverlening voor bejaarden? Wat is de drijfveer? Wordt deze vooral gevonden in de overweging dat 'iedereen' aan bejaardenwerk doet en dat de openbare bibliotheek hierbij niet mag achterblijven? Stellig zal dit een rol spele, maar het voornaamste, principiële motief ligt elders. Het is het motief dat aan alle arbeid der openbare bibliotheken ten grondslag ligt; nl. dat de openbare bibliotheek een instelling is, die door de gemeenschap ten behoeve van ál haar leden gesticht en in stand gehouden wordt. Al haar leden, alle mensen die door middel van boeken en ook andere media in communicatie willen zijn met schrijvers, dichters, fotografen en

illustrators, kunstenaars, vaklieden, nieuwstgaarders, geleerden enz. enz. Alle mensen, ongeacht hun plaats in de samenleving, hun politieke of kerkelijke keuze, ongeacht hun inkomen, hun opleiding, hun woonplaats, ongeacht óók hun leeftijd of hun lichamelijke conditie. Dit is de betekenis van het begrip 'openbaar' in de term 'openbare bibliotheek': dat de bibliotheek niet alleen voor iedereen toegankelijk is maar ook voor iedereen bestemd.

Om aan die bestemming wezenlijk te beantwoorden moet de 'openbaarheid' van die openbare bibliotheek met actieve daden waargemaakt worden. De bibliothecaris moet proberen de bibliotheek aan geconstateerde, maar ook aan potentiële behoeften te doen beantwoorden. Hij moet de bibliotheek onder het bereik van de mensen brengen en allerlei hindernissen opruimen. En in dit kader tracht hij ook tegemoet te komen aan de behoefte van hen die door leeftijd of verminderde validiteit gehandicapt worden. Als de oudere mens niet meer in staat is zich door onze drukke en volle straten te bewegen, of als lichamelijke gebreken hem aan huis binden en hij niet meer de bibliotheek kan bezoeken, dan moet de bibliotheek naar hem toekomen."<sup>1)</sup>

Die diens aan ouerhuise, huisgebondenenes en ander bejaardes is dus net 'n deel van die biblioteek se normale dienste en moet nie as uitbreidingsdiens van die biblioteek beskou word nie. Vir elke ander ouderdomsgroep word daar besondere voorsiening gemaak, maar die bejaardes word so dikwels net as gewone volwassenes behandel, met

1) NUTWER, J. Bejaardenbibliotheekwerk: hoe? De openbare bibliotheek, 11: 6, 1968.



ander woorde, die groep 18 jaar en ouer word as een groep met dieselfde behoeftes beskou.

Die volgende opmerkings van G.M. Casey, een van die leiers op die gebied van biblioteekdienste aan bejaardes in Amerika, oor dienste aan inrigtings vir gestremdes kan dien as 'n goeie motivering vir doeltreffende biblioteekdienste aan bejaardes: „It would seem that our high sounding rhetoric about 'the highest standards of library service in all kinds of libraries' is indeed rhetoric when it applies to libraries for staff and inmates of hospitals and institutions. If the various standards and the Policy Proposal are to be more than pieces of paper, we in the library profession, as a start, need to stop playing word games with ourselves and answer these questions:

(1) Do we really believe that everyone has a right to library service - to access to the human record - or do we mean by everyone only those people who are strong, producing, educated, in a position to want and demand? Do we really think library services should be provided for the weak, the aged, the ill, the retarded, the delinquent, the criminal? If so, we need to reallocate our resources in state and public libraries;

(2) Do we really believe that reading and exposure to other library and information media can be meaningful as a part of the treatment of the mentally ill, the criminal? Are we aware that the librarian either is a part of the 'treatment team', as we so nobly affirm in our standards, or the librarian is unwelcome in an institution? Perhaps our failure to convince most institution administrators of the importance of the library stems from our lack of respect of the institution's aims. No one ever was admitted to any institution in order to read a book;

(3) Do we really believe that a fully qualified librarian is vital to library service? How many states are investing federal money granted under Title IV - A, Library Services and Construction Act, in collections of books and other materials scattered among all or most of the state institutions where, for lack of librarians, the material at best has marginal effect and at worst is wasted, not infrequently never unpacked? How many hospitals expect a clerk with a high school education to administer the staff library? How many public libraries are content to staff patients' library service with volunteers? How many public libraries imagine they have discharged their responsibility to the institutionalized aged in their communities by depositing collections of books in homes for the aged? Do we really believe that a librarian is an indispensable component of library service?

(4) Could we prove that quality library service in a hospital or institution would contribute significantly to patient care or to the rehabilitation of prisoners? Could we prove that real information services to staff would make a difference in the effectiveness of staff? Unless we dare to evaluate library service rigorously - in terms of the aims of the institutions which we serve, not our own library aims - we cannot expect to compete for money and space with other aspects of the institution program."<sup>2)</sup>

Dit is maar sedert die Tweede Wêreldoorlog dat biblioteke in erns begin het om die lesers te bereik wat nie in staat is om self die biblioteek te besoek nie. Vandag is dit 'n aanvaarde deel van die openbare

2) CASEY, G.M. If we are serious ...; a response to the library education and manpower policy proposal. American libraries, 1: 709, 1970.

biblioteek se normale taak om 'n diens te lewer aan hospitale, gevangesenisse, ouetehuisse, huisgebondenenes en ander geslote gemeenskappe waarvan die lede andersins geen biblioteekgeriewe sou hê nie.

## 6.2 Vereistes vir biblioteekdienste aan bejaardes

Tydens 'n vergadering van die Wayne Institute on Library Services to the Aging wat in Oktober 1969 in Amerika gehou is, is die volgende beginsels vir biblioteekdienste aan bejaardes aanvaar:

- i Die biblioteek het 'n verpligting teenoor die hele gemeenskap, waarvan die bejaardes 'n aansienlike persentasie uitmaak.
- ii Daar is sekere voorspelbare eienskappe van die bejaardes as 'n groep wat by die lewering van 'n biblioteekdiens in ag geneem moet word, byvoorbeeld, meer vrye tyd, minder aktiwiteite, minder onafhanklikheid en minder beweeglikheid.
- iii Die bejaardes se liggaamlike beperkinge moet in aanmerking geneem word by die beplanning van biblioteekgeboue, ten opsigte van sake soos beligting en maklike toegang tot die gebou.
- iv As gevolg van sommige bejaardes se gebrek aan mobiliteit moet biblioteke die bejaardes in hulle huise of ouetehuisse bedien.
- v Die personeel wat die bejaardes bedien, moet spesiale eienskappe hê en sorgvuldig opgelei word.
- vi Spesiale biblioteekprogramme moet vir die bejaardes aangebied word.
- vii Biblioteke moet inligting kan voorsien oor fonoboeke, apparate vir

swaksiendes, ens. wat beskikbaar is en waar dit verkry kan word.<sup>3)</sup>

In die Verenigde State van Amerika word daar in die standaard vir biblioteekdienste deeglik aandag aan die behoeftes van gestremdes gegee. In die Standards for library functions at the State level word die volgende standaard gestel wat op ouetehuse en bejaardes betrekking het, afgesien van die algemene standaard wat alle tipes biblioteekdienste raak:

„14. The state library agency must make provision for consultants sufficient in number to stimulate all libraries to develop their full potential. ... The consultant can provide guidance on problems of concern to local personnel, assistance in identifying problems not clearly recognized and identification of opportunities for increased or improved service to specific age and interest groups (as children, young adults, adults, students, the elderly, and the retired).

15. State library consultant service should emphasize guidance in special aspects of library service. ... The state library agency must recognize its responsible role for providing guidance in some special aspects of service as those to the disadvantaged, the handicapped, the institutionalized ...

35. Resources available within or near each state should include a full range of reading materials for the blind and handicapped.

49. A clear and continuing official relationship should exist between state library agencies and officials with responsibility for the libraries which the state maintains for its health, welfare, and correctional programs.

3) STIBITZ, M. op.cit., p.4.

50. The library programs maintained in state institutions should be an integral part of their treatment and rehabilitation programs."<sup>4)</sup>

In die Minimum standards for public library systems, 1966 geld die volgende standaarde vir die diens aan bejaardes:

„26. The library system serves individuals and groups with special needs.

The library has the responsibility to serve all the people in the community. Many individuals and groups, not having access to specialized libraries, require special attention that can be given through specialized materials and services of the public library.

These individuals and groups include, among others: ... The physically handicapped, such as the blind; the homebound, and patients and inmates of hospitals and institutions, the senior citizens and the retired ...

Service to these individuals and groups requires: Ease of access; new techniques of service; specialized materials; staff with special competence; financial support within or in addition to the annual budget.

Service may be made available in the library or outside the library, performed as a library-sponsored service, or in conjunction with other concerned agencies or organizations.

4) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. American Association of State Libraries. Standards Revision Committee. Standards for library functions at the state level. 1970.

These services to meet special needs should be reviewed periodically. As national, state, or local programs are developed, the library system's statement of purpose should be revised to provide service in support of these developments.

The library system should have materials for, and provide services to, individuals and groups with special needs."<sup>5)</sup>

Daar bestaan ook Standards for library services in health care institutions. (Kyk bylae D.) Hierdie inrigtings sluit in „hospitals and other institutions established for the diagnosis and treatment of both long-term and short-term patients, research centers, nursing homes, day-care centers, outpatient clinics, convalescent homes, rehabilitation centers, and home care programs". 'n Groot persentasie van die pasiënte in hierdie inrigtings sal hoogs waarskynlik bejaard wees. Die standaarde dek twee tipes biblioteke, naamlik die „health science library" wat die geneeshere, verpleërs en andere bedien en die pasiëntebiblioteek.

Die vernaamste opvattinge waarop hierdie standaarde vir die pasiënte se biblioteek gebaseer is, word soos volg saamgevat: „A qualified, competent professional librarian is the key to any successful program of library service.

Both the health science and the patients' libraries in the health care

5) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. Public Library Association. Standards Committee and Subcommittees. Minimum standards for public library systems. 1966. 1967.

institution should coordinate their programs with all other units and services in the institution itself and with others having similar objectives within the community or geographic area.

The librarians should plan, through contractual or other agreements, to dispense the best possible and most comprehensive total library service to their clientele."<sup>6)</sup>

Die British standards code of practice CP96: Part 1: 1967. Access for the disabled to buildings verstrek spesifikasies vir geboue vir gestremde persone en veral vir bejaardes. Aandag word in die publikasie geskenk aan gestremdes wat kan loop, rystoelgebruikers, blindes, swak-sigtiges en dowes.

Die Standards of public library service in England and Wales, 1961 bevat net een standaard wat betrekking het op dienste aan bejaardes, naamlik: „Standard 49. Public libraries should make arrangements to serve people in institutions or who are unable to visit the library for other reasons."<sup>7)</sup>

In die Standaard vir Suid-Afrikaanse openbare biblioteke, wat deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging opgestel is, kom die volgende verwysings na die behoeftes van bejaardes, pasiënte in hospitale, inwoners van tehuise en ander gestremdes voor:

- 6) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. Association of Hospital and Institution Libraries. Hospital Library Standards Committee'. Standards for library services in health care institutions, 1970.
- 7) GREAT BRITAIN. Ministry of Education. Standards of public library service in England and Wales, 1962, p.49.

Onder „Die doelstellings van die openbare biblioteek" word die volgende genoem:

„(g) Die voorsiening van spesiale dienste aan diegene wat fisies belemmerd is of wat om die een of ander rede nie in staat is om na die biblioteek te kom nie, byvoorbeeld, hospitaalpasiënte, gevangenes, halfblindes, matrose en diegene wat in afgeleë geografiese gebiede woon."

Onder „Diens, algemeen" word genoem:

„30. Spesiale dienste soos dié aan gevangenis, hospitale, bejaardes en immigrante, waar die behoefte daarvoor bestaan."

Onder „Ligging" word gemeld:

„108. 'n Stedelike openbare biblioteek en sy takbiblioteke behoort so geleë te wees dat al die gebruikers, volwassenes en kinders, binne maklike bereik van 'n dienspunt sal wees; dit behoort moontlik te wees vir primêre skoolkinders of bejaardes om so 'n dienspunt te bereik."<sup>8)</sup>

Hierdie drie standaarde is nie juis veelseggend nie. In die doelstellings word dié belangrike groep nie spesifiek vermeld nie. Standaard 108 in verband met die ligging van die biblioteek is nie prakties uitvoerbaar nie. 'n Openbare biblioteek en sy takbiblioteke word so ver as moontlik in die besigste deel van die stad of voorstad geplaas. Al woon die be=

8) SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Standaard vir Suid-Afrikaanse openbare biblioteke, 1968.



jaarde dan net 'n paar blokke van die biblioteek kan hy dit gewoonlik nie oor die besige strate waag nie. Standaarde vir die openbare biblioteek behoort ten opsigte van bejaardes duidelike bepalinge oor sake soos dienste, personeelvoorsiening, boekevorraad, veral wat die vorm van die literatuur betref, byvoorbeeld, grootdrukboeke en fonoboeke, geboue en uitrusting te bevat.

Op grond van hierdie studie wil die ondersoekster die ondergenoemde standarde vir openbare biblioteekdiens aan bejaardes voorstel.

### Dienste

#### a In die biblioteek

In ooreenstemming met die Regering se beleid dat die bejaarde so lank moontlik 'n geïntegreerde en selfstandige lid van die gemeenskap moet bly, moet die volgende standarde toegepas word om die bejaarde in staat te stel om die gewone dienste so lank as moontlik te gebruik:

i Daar moet geen afsonderlike voorsiening vir bejaardes gemaak word nie.

ii Bejaarde biblioteekgebruikers moet soveel individuele aandag as moontlik van die personeel geniet.

iii Daar moet geen boetegelde van hulle geïm word nie.

#### b Ouethuise, dienssentra en klubs

Die diens moet minstens een keer per week, vir 'n tydperk wat van die getal gebruikers afhang, gelewer word. Inwoners van 'n tehuis,

of gebruikers van 'n dienssentrum, wat nie in staat is om die biblioteekdepot self te besoek nie, moet in hulle kamers bedien word.

#### c Huisgebondenes

'n Huisgebondene moet minstens al om die ander week by sy huis bedien word.

#### d Hospitaal pasiënte

Bejaardes in hospitale en verpleeginrigtings moet dieselfde biblioteekdiens as die ander pasiënte ontvang.

#### e Groepaktiwiteite

'n Program vir bejaardes behoort minstens een keer per kwartaal by die biblioteek se groepaktiwiteite ingesluit te word.

### Geboue

#### a Biblioteke

Biblioteekgeboue moet beplan word volgens erkende standaarde vir openbare geboue om die gebruik daarvan deur liggaamlik gestremdes moontlik te maak.<sup>9)</sup>

9) Mej. M.A.J. Sweers van die Pretoriase Kollege vir Arbeidsterapie het standaarde om die gebruik van geboue deur liggaamlik gestremdes moontlik te maak, opgestel. n Uittreksel van hierdie standaarde verskyn in bylae E.  
Die publikasie „A guide to special housing for aged people" van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad is ook in dié verband van belang.

b Biblioteekdepots in ouetehuse, dienssentra en klubs

Die minimum vereiste is 'n aparte biblioteeklokaal met gemakstoele, koffietafels en boekaste met deure (nie skuifdeure nie) wat sluit. In= dien moontlik moet die uitleenlokaal met oop rakke afsonderlik van die leeskamer wees.

Meubels

Boekrakke moet nie hoër as 5'9" en nie laer as 9" van die vloer wees nie.

Gemakstoele moet voldoen aan die volgende spesifikasies van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: Die hoogte van die sitplek moet 17" wees. Die sitplek moet van voor na agter 15" tot 19" wees. Dit sitplek en rugleuning van die stoel moet opgestop wees en die stoel moet armleunings hê. Die rugleuning moet hoog wees sodat die kop daarteen kan rus en moet nie penregop wees nie, maar 5° tot 10° agtertoe kan leun.<sup>10)</sup>

Boekevoorraad

a Fisiese vorm

Boeke in gewone en grootdruk, prenteboeke en fonoboeke moet voor= sien word. Die boeke moet in MAN-formaat (8<sup>3</sup>/<sub>4</sub>" x 6") wees.

<sup>10)</sup> SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH, op.cit., p.36.

## b Inhoud

Die boekevoorraad moet dieselfde standaard van gehalte en verskeidenheid handhaaf as dié vir ander ouderdomsgroepe. Geskiedenis, biografie en werke van die ouer bekende fiksieskrywers moet beskikbaar wees.

## Personeel

Biblioteekdienste aan bejaardes, hetsy in die biblioteek, ouetehuis, dienssentrum of klub, of aan huisgebondenes en hospitaalsiënte moet gelewer word deur opgeleide bibliotekaris met die nodige kennis en benadering van die bejaarde en sy probleme.

### 6.3 Die aard van diens aan bejaardes

Biblioteekdiens aan bejaardes neem gewoonlik drieërlei vorm aan: diens in die biblioteek aan bejaardes wat in staat is om die biblioteek te besoek, diens aan inwoners van inrigtings vir bejaardes en diens aan huisgebondenes.

#### 6.3.1 Diens in die biblioteek

Die bejaarde moet so lank as moontlik die biblioteek saam met al die ander lesers gebruik om die volgende redes:

i Dit is in ooreenstemming met die aanvaarde benadering ten opsigte van bejaardesorg, naamlik dat elke mens so lank as moontlik by die gemeenskap ingeskakel moet bly en met alle ouderdomsgroepe omgang moet hê, met ander woorde, hy moet 'n gewone lid van die

gemeenskap bly.

if Die diens in die biblioteek is die hele dag beskikbaar, terwyl die diens aan tehuise en aan die huisgebondenes net op sekere vasgestelde tye gelewer kan word.

iii Elke leser, ook die bejaarde, moet toegang tot so 'n groot verskeidenheid leesstof as moontlik hê. Met die tuisdienste het die leser net toegang tot 'n beperkte voorraad. Hy kan wel enige boek aanvra maar daar is nie 'n redelike voorraad waarin hy self kan snuffel nie.

iv In die biblioteek word fasiliteite voorsien wat in die tuisdienste op beperkte skaal, of glad nie, voorsien kan word nie, soos 'n leeskamer met 'n goeie voorraad koerante en tydskrifte, 'n naslaandiens en die katalogus om die voorraad te ontsluit.

v Die personeel is in verskillende rigtings opgelei en hulle is daarom beter in staat om in elke gebruiker se behoefte te voorsien as wat die een persoon wat die tuisdienste lewer, dit kan doen. In die biblioteek is ook al die bronne tot die personeel se beskikking om 'n inligtingsdiens aan die gebruikers te lewer.

Die bejaardes moet dus in die biblioteek nie as 'n aparte groep behandel word nie. Hoewel daar nie vir hulle afsonderlike voorsiening gemaak word nie, moet daar deeglik met hulle behoeftes rekening gehou word. Baie bejaardes wat geen biblioteekgebruikers is nie, sou dit kon wees as ons geboue met inagneming van hulle behoeftes beplan is. Sommige van ons ouer openbare biblioteekgeboue is so ondoeltreffend dat 'n persoon wat enigsins liggaamlik gestrem is, hulle glad nie kan gebruik nie. Daar moet voorsiening gemaak word vir diegene in ry-

stoele, diegene met beperkte gehoor- en gesigsvermoë en diegene met swak bene.

In Amerika voorsien sommige biblioteke vir hulle bejaardes klein stootkarretjies soos dié wat deur dames vir inkopies gebruik word.

In Swede neem die openbare biblioteke reeds die behoeftes van liggaamlik gestremdes deeglik in ag met die beplanning van hulle geboue. Daar is geen drumpels nie en sommige geboue het spesiale toilette, hysbakke, ens.

Die Internasionale Vereniging vir Rehabilitasie van die Gestremde het aangekondig dat 'n kenteken aanvaar is, wat op geboue met fasiliteite vir rystoelgebruikers aangebring kan word. Die Departement van Arbeid beveel aan dat die kenteken ook in die Republiek gebruik word en dit is dan ook reeds op 'n paar geboue aangebring.<sup>11)</sup>

In die voorsiening van geskikte lektuur vir bejaarde lesers moet beide die fisiese vorm en die inhoud van die boek in ag geneem word. Hierdie aspek word in hoofstuk vyf bespreek, waar gehandel word oor lektuurvoorsiening aan bejaardes.

Aan bejaardes wat die biblioteek besoek, moet sover as moontlik individuele aandag geskenk word. Die prosedures moet eenvoudig en in besonderhede aan hulle verduidelik word. Hulle moet ingelig word oor die grootdrukboeke, fonoboeke, ens., hulle moet geneem word na die

11) 'n Kenteken op geboue wat vir gestremdes toeganklik is. Rehabilitasie in S.A., Junie: 72 - 3, 1970.

afdeling waar die boeke oor hulle belangstellings gehuisves is, want die gidse is nie altyd vir hulle duidelik nie, en hulle moet ingelig word oor watter skrywers ligte romans, geskiedkundige romans, speurverhale, ens. skryf en waar die boeke gehuisves word. Leserkundige hulp is baie belangrik. Baie van die ouer mense se geheue is nie meer goed nie en hulle is geneig om die name van die skrywers, wie se werke hulle graag gelees het, te vergeet. Die jonger skrywers is vir hulle onbekend. Om inligting in selfs 'n eenvoudige naslaanboek te vind is dikwels bo hulle vuurmaakplek.

Daar moet werklik moeite gedoen word om hulle belangstellings te peil en boeke daaroor aan te beveel. Aangesien die bejaarde gewoonlik beskeie is, en nie sommer inligting sal vra nie, moet die persoon hulle leer ken en taktvol en onopsigtelik hulp aanbied. Dit moet op so 'n manier gedoen word dat die bejaarde voel dat hy self kan besluit wat hy wil lees.

Soms kan die bejaarde nie die biblioteek besoek nie as gevolg van ongesteldheid of ongunstige weer. Hiervoor moet, waar prakties moontlik, toegewing gemaak word deur of 'n ekstra lenersakkie of verlenging van die leentydperk. Boetes moet nie onnodig vir hulle opgelê word nie, want die bejaardes se inkomste is maar alte dikwels baie klein. Daar behoort selfs oorweeg te word om bejaardes heeltemal vry te stel van boetegelde soos aanbeveel word vir die Pretoriase Openbare Biblioteek in paragraaf 9.3.1 Wanneer die bejaarde as gevolg van siekte nie die biblioteek kan besoek nie, behoort tydelik tuisdiens aan hom gelewer te word.

Die biblioteek moet met sy boekuitstallings nie die bejaardes vergeet

nie. Periodiek behoort daar uitstallings, wat spesifiek op hulle behoeftes toegespits is, aangebied te word. So kan daar 'n uitstalling wees van grootdrukboeke, boeke oor probleme wat eie aan bejaardheid is, boeke oor aftrede, boeke oor stokperdjies vir ouer mense en boeke om die ledige ure te verwyl. So 'n uitstalling behoort vergesel te wees van 'n boeklys oor die onderwerp van die uitstalling.

As gunstige omstandighede geskep word, naamlik 'n gebou wat dit vir die bejaarde moontlik maak om al die afdelings, wat hy gebruik, te besoek, 'n geskikte boekevoorraad en die nodige dienste, behoort die bejaarde, wat nog die biblioteek kan besoek, geen probleme te ondervind met die gebruik van die biblioteek nie. Hy sal dan voel dat hy net soveel lid van sy openbare biblioteek is as enige jonger mens.

#### 6.3.2 Diens aan ouetehuse, dienssentra en klubs vir bejaardes

Die openbare biblioteek stig depots vir geslote groepe wat op geen ander manier van sy dienspunte gebruik kan maak nie. Aangesien die openbare biblioteek en sy takbiblioteke gewoonlik in die drukste dele van die stad of voorstad geleë is, behoort depots in ouetehuse, dienssentra en klubs vir bejaardes gestig te word.

Daar behoort aan die volgende vereistes voldoen te word vir 'n doeltreffende biblioteekdiens aan inrigtings vir bejaardes:

##### 1 Huisvesting

In die beplanning van 'n ouetehuis behoort daar voldoende ruimte vir 'n biblioteekdepot voorsien te word. Die akkommodasie wat vir 'n



dienssentrum deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad aanbeveel word, sal ook geskik vir 'n ouetehuis wees. Daar behoort 'n leesruimte te wees wat redelik afgesonderd en stil is, sodat die gebruikers ongestoord kan sit en lees. In hierdie vertrek moet daar gemakstoel en koffietafels wees asook rakke met tydskrifte en koe= rante. Daar moet ook 'n lokaal vir die uitleen van boeke wees. Hier= die lokaal moet maklik toeganklik vir die gebruikers wees en stilte is nie belangrik nie. Hierin sal die rakke met boeke gehuisves wees. Twee liniêre voet rakruimte per inwoner en vyf vierkante voet grond= oppervlakte per inwoner vir die biblioteek en leeskamer word aanbe= veel.<sup>12)</sup>

## ii Boekevoorraad

Aangesien die boekevoorraad in 'n ouetehuis se biblioteekdepot redelik klein is, moet dit met groot oorleg en met inagneming van die inwoners se behoeftes gekeur word. Grootdrukboeke in Afrikaans en Engels, ro= mans, speurverhale, biografieë, geskiedkundige boeke en boeke met 'n godsdienstige strekking moet ingesluit word, want hierdie katego= rieë is gewoonlik by die ouer mense gewild. Daar moet ook vir indiwi= duele belangstellings voorsiening gemaak word. Minstens al om die ander maand moet 'n deel van die voorraad met nuwe boeke vervang word om 'n gedurige toevloei van nuwe boeke te verseker. Die biblio= teekpersoneel moet op hoogte bly met die gebruikers se belangstellings en leessaak en sorg dat die regte boeke in die voorraad opgeneem

12) SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH, op.cit., p.20.

word. Die depot behoort gereeld die openbare biblioteek se aanwinst te ontvang vir die lede wat die jongste boeke wil aanvra.

### iii Dienste

Die diens aan ouetehuse behoort deur opgeleide bibliotekaris met behulp van die inwoners van die tehuise gelewer te word. Hierdie diens moet gelewer word soos in paragraaf 9.3.3.2 voorgestel word vir die Pretoriase Openbare Biblioteek.

Die kleiner tehuise kan met vrug deur die reisende biblioteek bedien word. Diegene wat daartoe in staat is, kan dan self hulle boeke kom uitneem en diegene wat nie meer mobiel is nie, kan in hulle kamers met behulp van 'n boektrillie bedien word. Die voordeel van so 'n diens is dat daar altyd 'n nuwe voorraad boeke is en dat die diens deur opgeleide personeel gelewer kan word. Die Openbare Biblioteek te Deventer in Nederland het 'n groot bibliobus met 2 000 boeke wat al om die ander week al die ouetehuse besoek. Die bus is toegerus met 'n lae trap en 'n sitbank sodat die bejaardes dit met gemak kan gebruik. Daar is 'n „mobilofooninstallatie" in die bus en die bejaardes wat nie die bus self kan besoek nie, laat telefonies weet watter boeke hulle wil hê. 'n Boektrillie wat op 'n spoor uit die bus gestoot word, word deur die personeel gebruik om hulle dan in die kamers te bedien.<sup>13)</sup>

13) STUDIECENTRUM VOOR OPENBARE BIBLIOTHEKEN. De lectuurvoorziening voor bejaarden, zieken en gehandicapten; het vervoer van de boeken. Deventer. De openbare bibliotheek, 13: 42, 1970.

Die diens aan klubs vir bejaardes stem basies ooreen met die diens aan ouetehuse.

### 6.3.3 Diens aan huisgebondenes

#### 6.3.3.1 Inleiding

Die lewering van 'n tuisdiens aan individuele persone is 'n baie ou instelling. In Engeland was daar reeds in 1740 'n vorm van aflewering diens deur middel van boekaste waarin die boeke aan lesers versend is. In Amerika is 'n tuisdiens aan individue reeds vanaf 1879 gelewer. Hierdie diens was veral vanaf 1900 tot 1920 baie gewild. Hierdie aflewering diens was vir alle lesers, en nie net vir die huisgebondenes, beskikbaar nie. Dit was 'n soort aflewering diens soos die winkelier sy kruideniersware vir sy kliënte aflewer. Die toename in die gebruik van die motor, sodat feitlik elke gesin oor eie vervoer beskik, die totstandkoming van takbiblioteke, die toenemende waarde wat die gebruiker aan snuffellees en die eie keuring van boeke heg, die geldskaarste van die depressiejare en die personeelskaarste van die oorlogjare het hierdie diens 'n nekslag toegedien. Die Tweede Wêreldoorlog het dan ook finaal 'n einde aan hierdie soort tuisdiens gemaak want net essensiële dienste kon gelewer word.<sup>14)</sup>

Die diens aan huisgebondenes, soos dit vandag gelewer word, is heeltemal 'n nuwe ontwikkeling, wat sy ontstaan in 1941 in Cleveland, Amerika, gehad het. Die Cleveland Public Library het die baanbre-

14) JORDAN, R.T. Tomorrow's library, p.13 - 20.

kerswerk gedoen en lewer vandag nog een van die beste dienste ter wêreld aan huisgebondenenes. 12 000 lesers word tuis bedien en hulle lees 90 000 boeke per jaar. In Amerika lewer ongeveer een derde van die openbare biblioteke hierdie tipe diens.

'n Nuwe ontwikkeling in Amerika is die uitbreiding van die diens aan huisgebondenenes om 'n telefoniese diens in te sluit. Diegene wat nie die biblioteek kan besoek nie, kan dan tussen die besoeke van die bibliotekaresse boeke per telefoon aanvra. Die San Antonio Public Library het 'n toekenning ontvang om die koste van hierdie telefoniese diens aan alle gebruikers, ingesluit die huisgebondenenes, te ondersoek. Die eksperiment was so geslaagd, dat dit nou ook in ander biblioteke permanent ingestel is as 'n bykomende diens aan die gebruikers. Dit is 'n lonende diens wat baie nuwe lede vir die biblioteek werf. Hierdie diens is goedkoper as die tuisdiens, maar dit moet net as aanvullend tot die tuisdiens gebruik word en dit nie vervang nie, want dan is daar geen persoonlike kontak tussen die leser en die personeel nie met al die nadele wat dit inhou.

In Engeland is die diens van die Westminster Public Libraries baie bekend. Hulle lewer 'n tuisdiens aan 'n groot aantal huisgebondenenes. Enige bejaarde of gestremde persoon kan die diens ontvang deur net 'n poskaart aan die Biblioteek te stuur, of deur te telefoneer, of so nie, kan 'n vriend of familielid die reëlings tref. Daar is feitlik geen formaliteite wat aansluiting by die diens betref nie. Daar is ook heelwat ander openbare biblioteke in Engeland wat op dié wyse vir hulle huisgebondenenes sorg.

In Skandinawië was die Openbare Biblioteek van Malmö die eerste om 'n diens aan huisgebondenenes te lewer. Die diens is in 1955 op die patroon van Cleveland se diens ingestel. In Swede is hierdie diens nou reeds baie algemeen in swang. 'n Hele paar biblioteke in Noorweë lewer 'n dergelike diens, terwyl dit in Finland in 1967 feitlik nog onbekend was.

In Nederland was die ou tipe afleweringsdiens in gebruik vanaf 1918 tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Die diens aan huisgebondenenes is vandag 'n algemene verskynsel.

In Suid-Afrika lewer die Johannesburgse Openbare Biblioteek 'n diens aan ongeveer 180 huisgebondenenes. Dis 'n voorwaarde van die diens dat die lede op geen ander manier, selfs nie met die hulp van familie of vriende, boeke van die Biblioteek kan bekom nie. In Bloemfontein word die diens op beperkte skaal deur vrywilligers gelewer en in Vereeniging word 'n klein getal bejaardes weekliks deur die reisende biblioteek tuis bedien. Pretoria se diens met 'n voltydse opgeleide personeellid is goedgekeur en word eersdaags ingestel.

Soos daar reeds gemeld is, is dit die taak van die openbare biblioteek om 'n biblioteekdiens aan elke potensiële leser in die gemeenskap te lewer. As die leser nie na die biblioteek kan kom nie, moet die biblioteek na hom gebring word. In elke gemeenskap is daar 'n aantal persone wat nie meer daartoe in staat is om die biblioteek te besoek nie. Hulle is die liggaamlik gestremdes, swaksiendes en die bejaardes wat dit nie meer oor die besige strate kan waag nie. Critchley beskryf hierdie huisgebondenenes soos volg: „They are imprisoned in their homes by a harder judge than the law. They are imprisoned by

nature because of infirmities, old age or chronic illness. So often this imprisonment is for life and for many it is solitary confinement."<sup>15)</sup> Dit klink wel melodramaties maar in baie gevalle is dit maar alte waar. Die Cleveland Public Library stel die doelstellings van sy diens aan huisgebondenes soos volg: „For the blind, and for the physically, mentally and socially handicapped the objective is to provide resources for information, recreation and rehabilitation."<sup>16)</sup> Net soos wat daar vir hierdie persone voorsiening gemaak word vir hulpdienste wat betref mediese, geestelike, maatskaplike en ander behoeftes, moet die biblioteek ook vir hulle 'n diens lewer.

Die diens moet dieselfde standarde handhaaf as die gewone biblioteekdiens en dieselfde media en dienste moet beskikbaar gestel word. Net die besoek van die bibliotekaresse alleen beteken al baie vir die bejaarde, want dan voel hy dat iemand aan hom aandag skenk. Maar die bejaardes het ook 'n onafhanklikheidsgevoel en sommige is geneig om 'n tuisdiens as 'n vorm van liefdadigheid te beskou, wat hulle dan met 'n mate van agterdog bejeën. Daarom is dit belangrik dat die bibliotekaresse die saak vir hulle in die regte perspektief stel, naamlik dat dit die taak van die openbare biblioteek is om 'n vry diens aan elke leser te lewer, hetsy in die biblioteek, in 'n inrigting of by sy huis.

15) CRITCHLEY, W.E. op.cit., p.35.

16) McCROSSAN, J.A. Extending public library services to the homebound. American libraries, 1: 487, 1970.

### 6.3.3.2 Koste van 'n tuisdiens

Omdat die diens aan huisgebondenes 'n indiwiduele diens is, waar= van die lesers oor die hele stad versprei is, is die koste aan die diens verbonde hoog. Maar omdat die ingeperktes met hulle baie vrye tyd baie lees, is die koste per uitreiking nie buitensporig hoog nie. In die Verenigde State van Amerika is in 1966 die volgende deur die Cleveland Public Library in 'n opname bevind: Die jaarlikse koste per huisgebondene was \$34. Die koste per besoek was \$2-65. Die koste per uitreiking was \$-51 wat gunstig vergelyk met uitreikings= koste aan die gewone leser. Volgens McCrossan is die aanvanklike koste van 'n diens wat nuut ingestel is, heelwat hoër as dié van 'n gevestigde diens. Dit is dan ook die geval met die Central Michigan Library System waar die koste vir die eerste jaar \$100 per leser wat bedien is en \$11 per besoek beloop het.<sup>17)</sup>

In 1968 is in Aberdeen, Skotland, vasgestel dat deur gebruik te maak van eie personeel, naamlik 'n bestuurder vir die ligte afleweringswa en twee biblioteekassistenten, die koste op R6 per jaar per leser te staan gekom het.<sup>18)</sup>

In sy werk Tomorrow's library wat in 1970 verskyn het, meld Jordan dat sommige biblioteke vind dat die koste van 'n tuisdiens redelik laag is. Die Cleveland Public Library se diens, met insluiting van die boekevoorraad, maar sonder die indirekte koste, was 43c per

17) McCROSSAN, J.A. Ibid., p.490.

18) CRITCHLEY, W.E. Library services for housebound readers in Scotland. Book trolley, 2 (Sept.): 54 - 9, 1968.

uitreiking en dus laer as in 1966. Princeton Public Library, New Jersey, is van mening dat die tuisdiens 'n besparing van die personeel se tyd meebring omdat die personeel wat die diens lewer, haar werk goed kan beplan en haar boeke met deeglike inagneming van die gebruikers se behoeftes kan uitsoek, want sy weet elke dag presies wie sy moet bedien. Die bejaardes verg meer tyd en aandag as die ander lesers en as hulle dan onverwags in die biblioteek opdaag, sou die personeel beswaarlik die tyd vind om hulle so goed te bedien as wat die bibliotekaresse met die tuisdiens dit kan doen.

Daarenteen vind sommige ander biblioteke die diens aan huisgeboues te duur. By Peonia, Illinois, word die koste op \$5 per besoek beraam. Ander biblioteke lewer die diens op 'n beperkte skaal as gevolg van die hoë koste.<sup>19)</sup>

#### 6.3.3.3 Werwing van lede

Met die werwing van gebruikers moet daar, enersyds, verseker word dat alle persone, wat die diens behoort te ontvang, ingesluit word, en andersyds, dat elke geval, wat dit wil ontvang, 'n verdienstelike geval is. Hierdie diens is tydrawend, nieteenstaande die teorie van tydbesparing van die Princeton Public Library. Dit is 'n duur diens en is net bedoel vir diegene wat op geen ander manier van die dienste, wat die biblioteek aanbied, gebruik kan maak nie.

19) JORDAN, R.T. op.cit., p.22.



Omdat die leserskorps bejaardes baie wissel, is reklame belangrik. In Cleveland is, byvoorbeeld, een derde van die lesers altyd nuwe lede. Die verskillende maniere om lesers te werf, word in paragraaf 9.3.3.5.2 (d) beskryf.

#### 6.3.3.4 Personeel

Omdat die diens aan huisgebondenes 'n individuele diens is en derhalwe baie duur is, word daar soms van vrywillige werkers se dienste gebruik gemaak. Die vrywillige werkers kan egter nooit dieselfde kwaliteit diens lewer as die biblioteek se eie opgeleide personeel nie, omdat vrywilligers se dienste gewoonlik sporadies is, terwyl die rooster vir besoekediens net so nougeset uitgevoer moet word as wat enige ander dienste aan die publiek in die biblioteek gelewer behoort te word. Die biblioteekdiens aan huisgebondenes moet nie as 'n vorm van liefdadigheid bejeën word nie. Verder moet huisgebondenes nie as minderwaardige lede van die biblioteek beskou word nie. Hulle het alle reg om op 'n volwaardige kwalitatiewe biblioteekdiens en nie net 'n boekafleweringdiens aanspraak te maak nie. Soos reeds in die bespreking van die diens aan ouerhuisse genoem is, is leserkundige hulp baie belangrik in 'n diens aan bejaardes. Dit is dus belangrik dat die bibliotekaresse 'n goeie boekekennis moet hê en 'n insig in die bejaardes se belangstellings. Die bibliotekaresse moet ook help om belangstelling in stokperdjies en om sinvolle vryetydsbesteding by haar lesers te stimuleer. Soos reeds aangedui, kan die bejaardes nog leer en kan lees 'n hulpmiddel wees om talente en vermoë te ontwikkel waarvoor daar nie voorheen tyd was nie. Die bibliotekaresse

moet dus 'n inligtingsdiens aan haar lesers kan lewer, waarvoor sy 'n kennis van naslaanbronne, klassifikasie en katalogisering nodig het. Verder moet sy behulpsaam wees met die opbou van die boekevoorraad vir die bejaardediens. Sy moet dus enersyds op hoogte wees met die nuwe boeke wat verskyn, en andersyds met die behoeftes van haar lesers. Vrywillige werkers is ook soms geneig om die tuisdiens as welsynswerk te beskou. Die besoek beteken wel vir die bejaarde baie en die bibliotekaresse moet dit in ag neem, maar sy moet dit nooit uit die oog verloor dat sy 'n biblioteekdiens lewer en dat sy nie 'n welsynswerkster of gesondheidsbeampte is nie. Sy moet geduldig en simpatiek teenoor selfs die moeilikste bejaarde optree, maar sy moet nooit te emosioneel betrokke raak by haar lesers se privaat probleme nie. Welmenende vrywillige werkers kan deur 'n verkeerde benadering die biblioteekdiens in hierdie opsig heeltemal laat ontaard.

In Nederland word dit dan ook aanvaar dat hierdie werk net deur opgeleide personeel gedoen moet word. In Engeland maak sommige biblioteke nog van vrywilligers se dienste gebruik, maar uit die literatuur is dit duidelik dat die diens dan baie probleme oplewer. Volgens Jordan behoort daar noue samewerking tussen groepe in die gemeenskap en die biblioteek wat 'n tuisdiens lewer, te wees, maar hy haal talle gevalle aan waar biblioteke sonder sukses gepoog het om van vrywilligers se dienste gebruik te maak.<sup>20)</sup>

Daar word nog geen opleiding deur universiteite gebied vir bibliotekarisse wat diens aan bejaardes lewer nie. In Amerika word daar by

20) JORDAN, R. T. Ibid., p.22 - 3.

tye seminare oor hierdie aangeleentheid aangebied, maar in Suid-Afrika het dit nog nie gebeur nie. Dit is tans raadsaam om 'n opgeleide bibliotekaresse, wat 'n werklike belangstelling in die diens aan bejaardes het, te gebruik en haar dan indiensopleiding te gee en aan te moedig om deur lees en ondervinding haar kennis van alle aspekte van bejaardesorg uit te brei, soos die bejaardes se lewensbeskouing, hulle vrese, hulle behoefte aan sekuriteit, behoefte om nog nuttig te wees, behoefte om liefde te gee en te ontvang, dat hulle individue elkeen met sy eie voorkeure is, met ander woorde, die bibliotekaresse moet 'n studie van die sielkunde van die bejaarde maak.

Aangesien dit 'n belangrike funksie van die openbare biblioteek is om inligting te verskaf, moet die bibliotekaresse sorg dat sy op hoogte is met die basiese inligting wat die bejaarde mag verlang oor sake soos:

- i die verskillende tipes ouetehuse en die opnamebeleid ten opsigte van ouetehuse;
- ii geneeskundige hulp in tyd van siekte, onder andere, die beskikbaarheid van geriatriese en buitepasiënteklinieke, hospitaalafdelings vir chronies siek pasiënte en hoe die hulp van die distrikverpleegsters en -geneeshere verkry kan word;
- iii die beskikbare klubs en dienssentra en hoe van hulle fasiliteite gebruik gemaak kan word;
- iv hoe en waar om aansoek te doen om pensioene en staatshulp en bystand van trustfondse om die pensioene te vergroot;
- v watter hulpdienste beskikbaar is en hoe om van hulle gebruik te maak, byvoorbeeld, aanry-etes;

vi hoe lenings vir huise van die Nasionale Behuisingsfonds teen 'n lae rentekoers verkry kan word deur persone in die subekonomiese groep.

Die personeel, wat bejaardes bedien, moet alle vooroordele en wanbegrippe, byvoorbeeld, dat die bejaarde soos 'n kind is en geleer moet word, te bowe kom. Die bejaardes moet eerder as gelykes behandel word wat probleme saam bespreek en oplos. T.W. Rudd verklaar die volgende in verband met die houding van die maatskaplike werker teenoor die bejaarde, en dieselfde geld ook vir die biblioteekpersoneel wat die bejaardes bedien: „... a teaching approach, useful as it may be with other age groups, is inappropriate with old people and ... in its place, a equal-level approach should be substituted, in which the present needs of the individual are explored and ways of meeting them discussed.”<sup>21)</sup>

Personeel wat die tuisdiens aan die bejaardes moet lewer, moet baie deeglik gekeur word. Afgesien van opleiding en die gewone eienskappe wat van biblioteekpersoneel verwag word, is daar sekere eienskappe wat in hierdie diens besonder belangrik is, soos geduld, en waardering van die gebruikers se behoeftes, 'n besef dat daar in elke mens 'n waardigheid is, selfs in tye van teespoed, en goeie menseverhoudings. Gesondheid, energie, aanpasbaarheid, aantreklike voorkoms, opgeruimde geaardheid, hulpvaardigheid, 'n goeie stem wat deur die hardhorendes gehoor kan word en 'n gesonde oordeel oor die tipe boeke, wat inhoud en die fisiese samestelling betref, wat vir elke leser

21) RUDD, T.W. Human relations in old age, p.15.

aanbeveel moet word, is belangrik. Sy sal ook 'n gesonde oordeel moet hê oor wanneer sy leesstof moet aanbied of nie. As 'n persoon, byvoorbeeld, te siek is om te lees moet sy hom nie lastig val nie. Verder sal sy deur fyn waarneming van die foto's en tydskrifte in die huis kan vasstel wat die leser se godsdienstige en politieke sienswyse is en hierdie inligting in haar belangstellingsrekord aanteken.

Universiteite behoort in hulle kursusse meer aandag aan die opleiding van bibliotekaris se bedien, te bestee as om net van die studente te verwag om 'n taak oor dienste aan bejaardes uit te werk soos wat tans gedoen word.

#### 6.3.3.5 Boekevoorraad

Die voorraad behoort te bestaan uit boeke in gewone druk, grootdruk= boeke en fonoboeke. Die huisgebondenenes moet bedien word uit dieselfde boekevoorraad van die openbare biblioteek, waaruit die ander dienspunte vir bejaardes voorsien word. Dieselfde tipe boeke wat vir die ouetehuse voorsien word, soos in paragraaf 6.3.2 (ii) genoem is, moet ook vir die bejaarde huisgebondenenes voorsien word. Boeke wat nie baie in aanvraag is nie, kan van die ander dienspunte geleen word. Die boekevoorraad vir die dienste aan bejaardes word in hoofstuk nege in verdere besonderhede behandel.

- 6.3.3.6 In hoofstuk nege word verdere sake in verband met die diens aan huisgebondenenes, soos vervoer en prosedures, volledig behandel.

### 6.3.4 Biblioteekprogramme

#### 6.3.4.1 Die ontstaan van programme vir bejaardes

Die eerste White House Conference on Aging het sterk aanbeveel dat die gemeenskap die nodige fasiliteite vir bejaardes daarstel, sodat hulle by die gemeenskap ingeskakel word, om sodoende 'n vol lewe met baie belangstellings te kan lei. Uitvoering is hieraan gegee deur die Older Americans Act wat fondse vir programme beskikbaar gestel het. Dit is dan ook een van die vernaamste redes waarom so baie Amerikaanse biblioteke hierdie programme met groot sukses kan aanbied. Nie alleen word puik programme aangebied nie, maar al die fasiliteite soos 'n aantreklike vergaderplek, verversings en veral vervoer vir die lede na die biblioteek en terug word gratis verskaf.

Die Cleveland Public Library was, net soos in die geval van die diens aan huisgebondenenes, die baanbrekers in die reëling van biblioteekprogramme vir bejaardes. In 1946 het hulle die Live Long and Like it Library Club met die leuse van Michelangelo „I am still learning" gestig. In 1954 het hierdie klub reeds meer as 800 lede gehad. Ander biblioteke soos die Adriance Memorial Library, Poughkeepsie, met sy Literary Social Guild for the Homebound, die Milwaukee Public Library met sy boekbesprekingsgroep vir bejaardes en ander klubs met name soos Never too Late Group en Golden Age Club is gestig. In Cleveland word daar ook jaarliks 'n stokperdjieskou vir bejaardes gehou. Hieruit het 'n huisvlytwinkel ontstaan waar bejaardes hulle handwerk verkoop.

'n Paar jaar gelede is daar aan die Universiteit van Buffalo, N.Y. 'n

tweedaagse kursus in skeppende denke vir bejaardes gehou, wat deur 300 persone bygewoon is. Sake soos tegnieke om persoonlike probleme vinniger en beter op te los, vereensaming, finansies, gesondheid en huisvesting is behandel. Ander soortgelyke kursusse word ook elders in die Verenigde State van Amerika aangebied.

In Nederland het dr. W. Th. Seegers 'n kursus vir lede van die Algemene Bond van Bejaarden in Amsterdam georganiseer. Probleme in verband met huisvesting, hoe om op 'n klein inkomste te bestaan, verbetering van familieverhoudings, vereensaming, ens. is aangepak. Dit is verbasend hoe goed die bejaardes gereageer het en die probleme met mening aangepak het. Die bestaan en die waarde van boeke oor al hierdie probleme is beklemtoon, en dit was vir die bejaardes 'n openbaring. Die bejaardes is nog gretig om 'n hydrae te lewer en hierdie kursusse in skeppende denke stimuleer hulle om self skeppend te begin dink. <sup>22)</sup>

#### 6.3.4.2 Die aard van biblioteekprogramme vir bejaardes

Die biblioteekprogram vir bejaardes kan vergelyk word met 'n klub vir bejaardes wat in die biblioteek bymekaarkom en vir wie daar 'n program aangebied word. Praatjies, films, musiek-, sang- en balletuitvoerings, spellesing, voordrag, ens. word aangebied. Verversings word verskaf, en die lede word dan die geleentheid gegee om boeke uit die biblioteek te neem. Tydens elke byeenkoms is daar 'n

22) SEEGER, W. T. De openbare bibliotheek en de oudere mens en zijn creativiteit. De openbare bibliotheek, 13: 48 - 50, 1970.

boekuitstalling en boeke oor die onderwerp wat op die volgende vergadering behandel sal word, word aanbeveel sodat die lede vooraf daarvoor kan nalees. Die doel van die program is om beide opvoedkundig en ontspannend te wees. Films speel 'n baie belangrike rol in hierdie programme. Hulle behoort sowel ontspannend as opvoedkundig van aard te wees, byvoorbeeld, reisfilms wat ook inligting oor die ekonomie, die leefwyse, die kuns en die aardrykskunde van die betrokke land bevat. Daar is, onder meer, films oor Japan wat uitnemend vir hierdie doel geskik is. Hulle is pragtig kleurvol, baie informatief en daar is gewoonlik 'n verhaal van 'n gesin ingevleg. Bespreking van die films, wat vertoon is, kan baie interessant wees.

Die Cleveland Public Library het begin deur die programme al om die ander week aan te bied, maar as gevolg van die gewildheid daarvan, het hulle oorgeslaan na weeklikse aanbiedinge. Driemaandeliks word aantreklike, kleurvolle uitnodigings, wat 'n kwartaal se rooster bevat, aan die lede geos. Kyk bylae F vir 'n voorbeeld van sodanige rooster.

Reklame word deur die pers gedoen en die lede help daarmee deur uitnodigings aan hulle vriende uit te deel.

Vervoer vir die bejaardes na die biblioteek is essensieel want, veral in die stad, sal hulle alleen aan die programme kan deelneem as hulle daar besorg en weer na hulle woonplek teruggeneem word. In Cleveland word 'n bus gebruik wat so toegerus is dat dit ook die ry-stoele kan huisves. Die bus word met twee mans beman wat die bejaardes op en af kan help.



Die koste verbonde aan die uitvoering van programme behoort nie hoog te wees nie. Balletskole kan, byvoorbeeld, uitgenooi word om sonder vergoeding items aan te bied. Die dansskool kry dan die geleentheid om sy leerlinge voor die publiek te laat optree, repetering is nie nodig vir hierdie tipe program nie en dit bied gratis reklame vir die skool. Spelleesgroepe se dienste kan ook gratis verkry word. Films sal vir die doel ook besmoontlik gratis geleen kan word.

Die lokaal in die biblioteekgebou waarin die funksie plaasvind, moet aantreklik wees en 'n gesellige atmosfeer skep.

In Suid-Afrika en die ander lande, wat nie soos Amerika regeringsfondse vir hierdie programme beskikbaar stel nie, sal die programme nie so gereeld en op so 'n groot skaal aangebied kan word nie. Elke openbare biblioteek het egter sy groepaktiwiteite waarby daar ook programme vir bejaardes ingesluit behoort te word.

Rose Vainstein rig 'n waarskuwing tot diegene wat programme instel sonder om eers deeglik te besin oor wat die behoeftes is en oor wat die taak van die biblioteek en die taak van die welsyn is.<sup>23)</sup> Barnett lewer ook 'n baie sterk kritiek op sommige Amerikaanse bibliotekaries wat, volgens sy mening, die taak van die welsynswerker oorneem met die aanbieding van biblioteekprogramme vir bejaardes. Hy praat van „The genteel social salvaging operation of special library

23) VAINSTEIN, R. The role of the public library in education for the aging. Adult leadership, 9: 10 - 11, 28 - 30, May, 1960.

programs." <sup>24)</sup> Barnett is te verdoemend in sy kritiek, maar sy mening hou wel groot verdienstelikhed in. Daar behoort sterk daarteen gewaak te word dat die biblioteek nie take vir homself toeëin wat nie op sy weg lê nie. Biblioteekprogramme kan alleen geregverdig word op grond daarvan dat, soos in die geval van al die ander groepaktiwiteite van die biblioteek, die doel is om die gebruik van die boek te bevorder. Omdat die programme vir bejaardes net 'n deel van die biblioteek se groepaktiwiteite moet uitmaak, behoort dit nie die aandag te geniet wat in Amerika daaraan bestee word nie, en behoort dit ook nie so gereeld aangebied te word nie. Dit kan moontlik kwartaalliks of, indien die belangstelling dit regverdig en die fondse beskikbaar is, hoogstens maandeliks aan die beurt kom. Dit is egter belangrik dat die programme nie sporadies aangebied word nie, maar wel met gereelde tussenposes.

Die Live Long and Like it Library Club baseer sy program op die beginsels dat bejaardes nie so vatbaar soos die jong mense is om in 'n voorgeskrewe patroon in te pas nie omdat hulle uit jarelange ervaring vaste idees ontwikkel het en soms baie skepties teenoor nuwe idees staan en dat geen program afgedwing moet word nie, maar die groep se mening altyd ingewin moet word oor wat aangebied gaan word.

Die Cleveland Public Library was ook nie tevrede om net programme aan te bied nie. Hulle het gevoel dat die bejaardes 'n groter aandeel in die verrigtinge moet hê as om net aanbevelings vir die programme

24) BARNETT, A.N. op.cit., p.185.

te maak. Hulle wou graag sien dat die lede aktief deelneem en sodoen=de meer waarde daaruit put. Daarom is besprekingsgroepe ingestel op die beginsel soos deur L.K. Frank gestel is: „... the necessity of helping the older individual in every way that is compatible with his personal dignity and integrity to build and maintain a feeling of his own worth and the validity of his own interest and to develop his self-confidence and establish or re-establish a dynamic relation with people and with ideas.”<sup>25)</sup>

Aan lede word die keuse gelaat om self te besluit aan watter van die volgende bestaande besprekingsgroepe hulle wil behoort: boekbespreking, sake van die dag, musiek, reise, gedagtewisseling of herinnerings.

Die sake van die dag-groep se lede bring elkeen 'n koerantuitknipsel wat hom besonder geïnteresseer het en lei 'n kort bespreking daaroor in. Vooraanstaande persone van die pers word ook genader om die groep by geleentheid toe te spreek. In die gedagtewisselinggroep bespreek elkeen sy besondere belangstelling en vertel van interessante ervarings. Hierdie bespreking neem die vorm van 'n heel informele geselsie aan. Die herinneringsgroep vertel hulle herinneringe van Cleveland in die ou dae. Dit het 'n lêer met waardevolle inligting oor Cleveland ten gevolg gehad. Hierdie inligting het vir die nageslag groot waarde want dit vorm deel van die geskiedenis van Cleveland wat in geen publikasies gevind word nie.

25) DORR, M. & LONG, F. Report on project of experimental group development with older people, p.2.

Die sukses van hierdie besprekingsgroepe is daaraan toe te skryf dat die bejaarde wat beskeie is en in die groot groep nie maklik sy mening lug nie, wel in die klein groep makliker aan die besprekings deelneem. Omdat die onderwerpe nie vir hom vreemd is nie, neem hy nou aktief aan die beplanning van die programme deel. Die klein groep bied ook die geleentheid vir die lede om mekaar beter te leer ken as in die groot groep.

Programme vir bejaardes hoort by die openbare biblioteek eerder as by die klub vir bejaardes tuis, omdat 'n klub hoofsaaklik dien as 'n gesellige bymekaarkomplek vir die lede en om, in die geval van behoefte bejaardes, hulp te verleen in die materiële behoeftes van die lede. Dit is dus welsynswerk terwyl die biblioteekprogramme opvoedkundig en ontspannend is. Die programme sluit aan by die ander groepe aktiwiteite van die biblioteek, byvoorbeeld, storie-ure vir kinders, plateprogramme, lesings en boekbesprekings. Die biblioteek beskik dus oor die nodige fasiliteite om die programme kosteloos aan sy lede aan te bied. Die vernaamste rede waarom die biblioteek die programme moet aanbied, is dat die films, praatjies, boekbesprekings, ens. aan boeke gekoppel word. Tydens elke vergadering is daar 'n boekuitstalling en boeke oor die onderwerp vir die volgende vergadering, asook boeke oor probleme van bejaardheid word onder die lede se aandag gebring. Dit bring die bejaarde tot die besef dat daar nie net boeke vir ontspanning is nie, maar ook boeke oor elke probleem.

Deelname aan die biblioteekprogramme bied die huisgebondene die geleentheid om periodiek die biblioteek te besoek en self sy boeke uit te soek.

#### 6.3.4.3 Die waarde van biblioteekprogramme vir bejaardes

Die biblioteekprogram kan vir die bejaarde baie beteken en wel in die volgende opsigte:

i Die openbare biblioteek lewer reeds 'n hydrae om die bejaarde so lank as moontlik by die gemeenskap ingeskakel te hou deur sy gebou en dienste te beplan met inagneming van dié bejaarde se behoeftes, en deur die diens aan huisgebondenenes en ouetehuisse. Wanneer 'n persoon die biblioteek besoek, kommunikeer hy egter nie juis met die ander gebruikers in die biblioteek nie. Deur die diens aan huisgebondenenes hou hy wel in 'n mate kontak met die gemeenskap deur te lees, maar dit bied nie geleentheid vir gedagtewisseling met ander persone nie. Die doel van die programme is om die lede in staat te stel om met ander bejaardes van die gemeenskap te kommunikeer en gedagtes te wissel soos hulle in hulle jonger jare gedoen het.

ii Deurdat die bejaarde die geleentheid kry om aan groeplewe deel te neem, werk die programme vereensaming en isolasie teë. Volgens Louw kan die probleem van vereensaming nie opgelos word deur bejaardes in 'n ouetehuis saam te groepeer nie, tensy daar iets daadwerkliks gedoen word om die groepsituasie so te hanteer dat die lede van die groep gemeenskaplike belange opbou en aktief deelneem aan sekere gesamentlike aktiwiteite.<sup>26)</sup>

iii Die bejaarde kan nog leer. Die films, praatjies en boekuitstallings help hom om te leer van die dinge waarvan hy baie min weet en

26) LOUW, D. Inrigtingsversorging van bejaardes, p.8.

om sy kennis uit te brei oor die onderwerpe waarvan hy wel reeds kennis dra. Dit stimuleer dus die bejaarde geestelik en verstandelik.

iv Die programme kweek by die lede nuwe belangstellings aan en dra by tot 'n voller lewe.

v Bywoning van die programme help om die lang eensame ure te ver=

wyl. Dit het dus groot ontspanningswaarde.

vi Dit lewer 'n bydrae tot die aankweek van 'n leesgewoonte. Daar is altyd 'n boekuitstalling, boeke word gereeld aanbeveel en boekbespre=

kings is 'n belangrike item op die program.

vii Deurdat die programme uitsluitlik vir bejaardes bedoel is, het die lede meer vrymoedigheid om aan die besprekings deel te neem. Die bejaardes dink in die reël stadiger as jong mense, hulle is beskeie en word gewoonlik maklik deur die jongeres oorheers. Dit is dan ook die rede waarom die programme slegs vir die bejaardes aangebied word terwyl hulle die biblioteek saam met ander ouderdomsgroepe gebruik.

viii Dit bied die bejaardes die geleentheid om self boeke, waarin hul=

le belangstel, uit die biblioteek te neem.

ix Deelname aan die programme skep die geleentheid om vriende te maak. Die lede ontmoet tydgenote met gemeenskaplike probleme en met wie hulle gesellig kan verkeer en gedagtes kan wissel.

x Deurdat baie bejaardes alleenlopend is, neem die groep tot 'n mate die plek van die gesin in.

### 6.3.5 Inligtingsdiens

Een van die belangrikste take van die openbare biblioteek, trouens van alle biblioteke, is die verskaffing van inligting. Wat die diens aan bejaardes betref, speel die verskaffing van inligting 'n rol in die volgende opsigte:

#### 6.3.5.1 Om die gemeenskap in te lig oor die behoeftes van die bejaardes en oor metodes van hulpverlening

Die hele gemeenskap behoort opgevoed te word om die probleem van bejaardesorg die hoof te bied: die gesin, die werkgewers, kollegas en almal wat met die ouer mense te doen het. Die biblioteek kan bydra tot 'n positiewe, gesonde opvatting van bejaardheid en bejaardes deur inligting oor die bejaarde en sy probleme te verskaf aan die professionele persoon en die leek wat met bejaardes werk; deur spesiale literatuurlyste vir hierdie persone saam te stel; deur gereelde boekuitstallings van publikasies oor bejaardes; deur elke geleentheid om groepe toe te spreek te benut en deur die bereidwilligheid van bibliotekaris om op komitees vir bejaardesorg te dien.

#### 6.3.5.2 Om inligting aan bejaardes te verskaf

Die biblioteek moet alle basiese inligting wat die bejaarde mag benodig, paraat hê, byvoorbeeld, inligting oor ouderdomspensioene, werkgeleenthede, behuisingskemas en ander onderwerpe van belang soos in 6.3.3.4 genoem is. Daar behoort gereeld uitstallings van boeke

oor bejaardheid en boeke vir bejaardes te wees in die biblioteek, by konferensies oor bejaardesorg, by klubs vir bejaardes en by ander geleenthede waar bejaardes en persone wat in bejaardesorg belang=stel, bymekaarkom. Die dienste wat die biblioteek aanbied, moet bekendgestel word, en die bejaardes moet aangemoedig word om die volle gebruik daarvan te maak.

#### 6.3.5.3 Om alle instansies wat met bejaardesorg gemoeid is in te lig oor die rol wat die biblioteek in dié verband speel

In die 1968/69-jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir die Welsyn van Bejaardes word gemeld dat die gebrek aan koör= dinering van dienste wat gelever word, die vordering met die ver= sorging van bejaardes strem.

Owerhede van inrigtings en ander instansies wat met bejaardesorg gemoeid is, en selfs staatsdepartemente, is gewoonlik nie bewus van die waarde van lees vir die ouer mense en van die dienste wat deur biblioteke spesifiek aan hierdie ouderdomsgroep gelever kan word nie. Die gevolg hiervan is dat, aan die een kant, die biblioteke nie ingelig is omtrent wetgewing en beleidsverklarings wat biblioteek= dienste aan bejaardes raak nie en, aan die anderkant, dat wanneer daar van owerheidsweë huisvesting en dienste vir bejaardes beplan word, biblioteekgeriewe afgeskeep word. Die Suid-Afrikaanse Biblio= teekvereniging behoort die verantwoordelikheid te aanvaar om die betrokke instansies ingelig te hou en om te sorg dat die biblioteek= professie op hoogte bly met verwickelinge wat sy diens kan beïnvloed. Met die oog hierop, sal die volgende beskrywingspunt op die 1971-jaar=



kongres van die Vereniging behandel word:

„Dat die S.A.B.V. dit oorweeg om 'n vaste Komitee te benoem vir biblioteekdienste aan bejaardes met die opdrag om:

i Ontwikkelinge op hierdie gebied plaaslik en oorsee deur middel van Suid-Afrikaanse biblioteke bekend te maak;

ii Wetgewing asook ander maatreëls wat deur staatsdepartemente, welsynsorganisasies en andere ingestel word en wat biblioteekdienste aan bejaardes raak onder die aandag van bibliotekarisse te bring;

iii Sorg te dra dat alle owerhede van staatsdepartemente en ander instansies wat met bejaardesorg gemoeid is, deeglik ingelig word oor die dienste van biblioteke aan bejaardes, die behoeftes vir huisvesting en dienste sover dit biblioteke vir bejaardes aangaan;

iv Te sorg dat die S.A.B.V. waar moontlik op konferensies en vergaderings wat met bejaardesorg te doen het, verteenwoordig word;

v Waar die geleentheid hom voordoet inligting oor biblioteekdienste aan bejaardes te versprei deur artikels in die pers, groepe oor die aangeleentheid toe te spreek, ens.;

vi Gereeld aan die Raad verslag te doen en om sake, wat die Raad se aandag mag verg, aanhangig te maak."

#### 6.3.5.4 Om inligting te verskaf ter voorbereiding vir aftrede

Die huidige geslag bejaardes het sonder enige doelgerigte voorberei-

ding die dag van aftrede bereik. Vandag word aftrede beskou as 'n normale fase in die lewe van die mens. Daar is minstens net sulke voorbereiding daarvoor as vir enige ander fase nodig, en aftrede moet deeglik beplan word. Daarom het sommige stede, soos Johannesburg en Kaapstad, 'n raad vir voorbereiding op aftrede, wat onder andere kursusse vir persone wat binne vyf jaar aftree, aanbied, wat insluit inligtingsvoorsiening oor geldsake, werkgeleenthede, persoonlike en sosiale verhoudings, huisvesting, gesondheid en ontspanning.

Ongelukkig begin mense maar gewoonlik 'n jaar of twee voor aftrede om daarvoor te beplan. Die programme wat deur die nywerhede en ander instansies vir hulle werknemers aangebied word, is ook gewoonlik net vir diegene wat haas moet aftree.

In sy referaat voor die Nasionale Konferensie oor Bejaardesorg in 1971 stel De Beer die volgende: „In die algemeen behoort elke lid van die bevolking in die middeljarige leeftyd, tydig ingelig te word deur middel van opvoedkundige media of metodes oor kenmerke van bejaardheid en wat van hulle te wagte kan wees ... Indien ons presies weet wat met ons liggaam gaan gebeur in die proses van veroudering en selfs ook voorbedag is op psigiese veranderinge, kan daar veel frustrasie, ongelukkigheid en teleurstelling uitgeskakel word. Dit is die indiividu se taak om hom geestelik vir die najare voor te berei.”<sup>27)</sup>

In hierdie voorbereiding van die mens vir aftrede kan die biblioteek

27) DE BEER, J. op.cit., p.11.

'n belangrike rol speel deur gepaste inligting te versamel en bekend te stel deur boekuitstallings, literatuurlyste, artikels in die pers, ens. Hierdie inligting moet nie slegs onder die aandag van persone van alle ouderdomsgroepe, met die oog op hulle eventuele aftrede, gebring word nie, maar ook van diegene wat met bejaardesorg, en in die besonder met voorbereiding van mense vir aftrede, gemoeid is.

## 7 'n Algemene oorsig van bestaande biblioteekdienste vir bejaardes

### 7.1 Verenigde State van Amerika

Die Amerikaners is baie besorgd oor hulle oues van dae. Dit blyk uit die konferensies en programme vir bejaardesorg wat veral gedurende die afgelope twee dekades aangebied is en wat in hoofstuk drie vermeld is.

Die aandag wat op die hoogste vlak aan bejaardes bestee word en die fondse wat beskikbaar gestel word, is waarskynlik die rede waarom die Amerikaanse biblioteke hulle dienste en programme vir bejaardes op 'n groter skaal as feitlik enige ander land ontwikkel het. Hulle het reeds etlike konferensies en simposia oor biblioteekdienste vir bejaardes gehou. In Junie 1959 is daar 'n vyfdaagse simposium oor hierdie tema gehou ter voorbereiding vir die White House Conference on Aging in 1961. Die referate van hierdie konferensie is deur die American Library Association uitgegee onder die titel Library service to an aging population. In Oktober 1969 is daar weer, waarskynlik ter voorbereiding vir die White House Conference on Aging van 1971, 'n vyfdaagse simposium oor biblioteekdienste aan bejaardes by die Wayne State University gehou. Van die referate het in 1970 in verskeie aflewings van American libraries verskyn.

Die American Library Association het 'n vaste komitee vir biblioteekdienste aan bejaardes. Sedert 1957 beywer hierdie komitee hom om die biblioteekbehoefte van bejaardes te bepaal, om bibliotekarisse

spesiaal vir hierdie diens op te lei en om biblioteke aan te moedig om in die bejaardes se behoeftes te voorsien.

Uit die lektuur is dit duidelik dat Amerikaanse openbare biblioteke in die reël besondere aandag skenk aan die behoeftes van bejaardes. Die strewe is om met spesiaal opgeleide personeel dienste te lewer aan bejaardes in die biblioteek en in inrigtings en ook aan huisgebondenenes. Boeke in grootdruk is vrylik beskikbaar en sluit nie slegs fiksie en populêre nie-fiksie in nie, maar ook naslaanwerke soos ensiklopedieë en woordeboeke. Baanbrekerswerk is gedoen met die instelling en ontwikkeling van biblioteekprogramme vir bejaardes wat in die biblioteek en selfs in ouetehuse aangebied word. Diens aan inrigtings vir bejaardes word gereeld gelewer met behulp van voertuie, toegerus met rakke vir gewone en grootdrukboeke, tydskrifte, plate en kunsreproduksies, terwyl boektrillies gebruik word om die bedgekluisertes te bedien. Boeklyste word beskikbaar gestel en huisgebondenenes kan boeke per telefoon daaruit aanvra. Apparaat soos bandspelers, plafonprojektors en vergrootglase word in bruikleen aan liggaamlik gestremdes voorsien.

In die staat California word selfs die voorsiening van ontspanningsfasiliteite, wat biblioteekgeriewe insluit, as vereiste vir die registrasie van inrigtings vir bejaardes gestel.

## 7.2 Brittanje

Hier is eers 'n biblioteekdiens aan hospitale ontwikkel en daarna het die bejaardes aan die beurt gekom. Sommige biblioteke lewer 'n

tuisdiens met die hulp van vrywillige werkers. Ander biblioteke, soos die Westminster Public Libraries en die Aberdeen Public Library, lewer 'n diens aan huisgebondenes deur opgeleide personeel. Met die oog op lesersgidstdiens stel die personeel vas wat die bejaardes se belangstellings is, en hou rekord van die tipe boeke wat hulle graag lees. In 1968 het 150 biblioteke in Brittanje 'n diens aan huisgebondenes gelewer.<sup>1)</sup> Biblioteekdepots word by sommige klubs vir bejaardes gestig, terwyl ander klubs weer deur reisende biblioteke bedien word.

In Brittanje word die diens aan bejaardes op 'n baie meer beskeie skaal as in die Verenigde State van Amerika gelewer. Die fondse wat in Amerika van owerheidsweë vir die doel beskikbaar gestel word, is waarskynlik vir hierdie verskil verantwoordelik.

Uit Ierland het die ondersoekster verneem dat bibliotekarisse die noodsaaklikheid van 'n diens aan bejaardes sterk aanvoel, en dat heelwat beraadslagings daarvoor plaasvind, dog dat gebrek aan finansiële middele tot dusver die instelling daarvan verhoed het.<sup>2)</sup>

### 7.3 Nederland

In teenstelling met Engeland, is biblioteekdiens aan bejaardes in

1) CRITCHLEY, W.E. Library services for housebound readers in Scotland, p.54.

2) Persoonlike korrespondensie met die Library Association of Ireland.

Nederland eers ontwikkel en daarna die diens aan pasiënte, en ongeveer die helfte van die openbare biblioteke lewer reeds die een of ander vorm van sodanige diens. Uit die literatuur word 'n mens getref deur die wetenskaplike benadering wat ten grondslag van die diens lê. In baie gevalle lewer opgeleide personeel self die diens aan die tehuse, en baie aandag word aan leserkundige hulp bestee. Sommige tehuse word deur die reisende biblioteke besoek. Die diens aan huisgebondenenes is in baie plekke reeds goed georganiseer. In Gelderland is die lektuurvoorsiening aan bejaardes in die hele Provinsie gekoördineer deurdat De Stichting Contact Gelderse Openbare Bibliotheken 'n skakelbeampte het wat al die ouetehuse, klubs en inrigtings vir bejaardes besoek en die skakeling tussen hierdie instansies en die openbare biblioteke bewerkstellig. Die Provinsie dra die koste hiervan.

Die feit dat daar reeds 'n paar kommissies vir biblioteekdiens aan bejaardes benoem is, is 'n bewys dat Nederland die taak van die biblioteek teenoor sy bejaarde gebruikers as 'n saak van erns beskou. In 1954 is die Kommissie voor Lektuurvoorziening van Ouden van Dagen benoem wat 'n opname gemaak het van die organisasie van bejaardebiblioteekwerk. Die verslag van die kommissie was in 1955 gereed, maar dit is nooit gepubliseer nie. Die aktiwiteite van hierdie kommissie het egter 'n hele aantal openbare biblioteke gestimuleer om besondere aandag aan die saak te skenk. In 1964 is die Kommissie Bibliotheekwerk Bejaarden van die Studiecentrum voor Openbare Bibliotheken in die lewe geroep met die opdrag „zich te bezinnen op de problematiek rond het bibliotheekwerk voor bejaarden; dit te inventariseren en aan te geven welke organisatorische en financiële

maatregelen noodzakelijk zijn om dit werk te stimuleren en te intensiveren."<sup>3)</sup> Hierdie is 'n baie belangrike kommissie en sy verslag wat in 1966 verskyn het, is 'n waardevolle dokument oor biblioteekdienste aan bejaardes. Die Kommissie skenk veral aandag aan norme vir die organisasie en metode van hierdie diens, die finansiële aspekte, opleiding van personeel, leesbehoefte van bejaardes, watter rol die biblioteekdienste in bejaardesorg kan speel en wat die eintlike taak en die grense van bejaardebiblioteekwerk is.<sup>4)</sup> Die Kommissie het tot die slotsom geraak dat die diens aan bejaardes nog deur te veel biblioteke as net 'n ondergeskikte funksie beskou word en dat daar oor die algemeen nog nie veel sprake van 'n werklik doeltreffende biblioteekdiens vir bejaardes is nie, hoewel die biblioteekarise dit eens is oor die noodsaaklikheid van hierdie diens. Daar is bevind dat daar ook nog nie genoeg samewerking is tussen die biblioteke en die ander organisasies wat met bejaardesorg gemoeid is nie.

Etlike publikasies oor biblioteekdienste aan bejaardes het sedert 1957 in Nederland verskyn, onder andere, Bibliotheekwerk voor bejaarden waarin riglyne vir hierdie diens verstrekkend word, 'n reeks publikasies van die Protestantse Stichting met die titel Boek en bejaarde en De bibliotheekvoorziening voor bejaarden in Gelderland van die Stichting Gelderland voor Maatschappelijk Werk. In die tydskrif De openbare bibliotheek verskyn gereeld artikels oor hierdie diens en soms word 'n hele nommer van die blad daaraan gewy.

3) COMMISSIE ad hoc Bibliotheekwerk Bejaarden, op.cit., p.5 - 6.

4) Ibid., p.7.



## 7.4 Finland

In Finland kan biblioteke kragtens die Finse biblioteekwet van 1961/62 aansienlike staatshulp ontvang vir biblioteekdienste aan hospitale en ouetehuse wat aan die Staat of 'n munisipale owerheid behoort. Dit het meegebring dat baie plattelandse plaaslike owerhede biblioteke in ouetehuse gestig het. In 1967 was daar biblioteke in ongeveer 100 ouetehuse. Om van die staatshulp gebruik te kan maak, moes hierdie biblioteke aan die volgende voorwaardes voldoen: 'n aparte lokaal en voldoende voorraad boeke in beide Fins en Sweeds moet voorsien word, die biblioteek moet sekere vasgestelde ure oop wees en dienslewering moet deur 'n opgeleide bibliotekaris behartig word. Hierdie standaard was egter te hoog en hulle moes sodanig gewysig word dat, in plaas van biblioteke, depots in tehuise met minder as 50 inwoners gestig word en dat die vereistes vir elke groot inrigting individueel oorweeg word. Daar is ondervind dat, waar een van die inrigting se personeel die depot behartig, die diens nie bevredigend gelewer word nie. On= gelukkig is geen staatshulp vir 'n diens aan die huisgebondenenes be= skikbaar nie en daar is dan ook nog nie veel in hierdie verband ge= doen nie. <sup>5)</sup>

## 7.5 Swede

In Swede is die benadering dat die ingeperktes aanspraak mag maak op

5) NYBERG, M. Library service for old people's homes in Finland. Libri, 19: 261 - 3, 1969.

'n goeie biblioteekdiens en dat opgeleide personeel met hierdie lesers kontak moet hê. Vrywilligers se dienste word op 'n beperkte skaal en net onder toesig van opgeleide personeel gebruik. Die openbare biblioteek van Malmö was die pionier wat tuisdienste betref en lewer 'n diens van hoë gehalte.<sup>6)</sup>

## 7.6 Ander lande

In Australië word blykbaar slegs deur die openbare biblioteek van Sydney besondere dienste aan bejaardes gelewer. In Nieu-Seeland word feitlik nog niks in hierdie verband gedoen nie, hoewel die National Library of New Zealand van mening is dat dit 'n saak is wat aangepak behoort te word.<sup>7)</sup>

In Kanada word daar vermoedelik van die kant van die biblioteke nie veel vir bejaardes gedoen nie, want in 'n bibliografie oor gerontologie, opgestel deur die Canadian Library Association, word daar melding gemaak van 'n hele paar konferensies oor bejaardesorg maar nie 'n enkele publikasie of tydskrifartikel oor biblioteekdienste aan bejaardes is ingesluit nie.<sup>8)</sup>

6) THULIN, K. op.cit., p.254 - 9.

7) Persoonlike korrespondensie met die Library Association of Australia en die National Library of New Zealand respektiewelik.

8) CANADIAN LIBRARY ASSOCIATION. Occasional paper no.64 Part I. Canadian books, pamphlets and documents on gerontology in the Library of Parliament; Part II. Articles on Aging indexed in the Canadian Periodical Index, 1948 - 1965.

## 7.7 Suid-Afrika

In hoofstuk drie is 'n oorsig gegee van die aktiwiteite van kommissies van ondersoek en konferensies oor bejaardesorg, waaruit blyk dat die belangrike saak van die versorging van die bejaarde gedurende die afgelope jare in Suid-Afrika ernstige aandag geniet. Ongelukkig kom daar in die verslae van die kommissies en van besprekinge en besluite op konferensies geen beduidende verwysing na die waarde van die boek en van lees vir die bejaarde, of na die bydrae van die openbare biblioteek en sy dienste voor nie. Ook op die jongste Nasionale Konferensie oor Bejaardesorg, wat in Maart 1971 in Pretoria gehou is, is geen plek aan biblioteekdienste op die program gegee nie. Die ondersoekster het egter tydens die bespreking oor vryetydsbesteding, waar biblioteke ook glad nie genoem is nie, die geleentheid gekry om die waarde van lees in bejaardesorg en die dienste wat die openbare biblioteke aan bejaardes kan lewer, onder die aandag van die afgevaardigdes te bring.

Met leedwese moet ook vermeld word dat die saak van dienste aan bejaardes selfs in biblioteekkringe in die Republiek nog nie die nodige aandag geniet nie, soos blyk uit 'n oorsig van ons biblioteeklektuur en uit die feit dat, met die uitsondering van die jongste konferensie van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, die saak nog nooit op konferensies van die Vereniging indringende aandag geniet het nie. Daar word dan ook nog in die Republiek glad nie genoeg aandag deur biblioteke aan hierdie diens bestee nie. Slegs 'n paar openbare biblioteke in die Republiek lewer dienste wat spesiaal op bejaardes gerig is. Die Johannesburgse Openbare Biblioteek bedien ongeveer 180 huisgebondenes. Elke leser word deur 'n opgeleide bibliotekaresse al om

die ander week besoek, en met die oog op lesersgidisdienste, word rekord gehou van sy belangstellings en sy leessmaak. In Bloemfontein word 'n tuisdiens op beperkte skaal gelewer deur 'n groep vrywilligers wat die boeke by die Openbare Biblioteek afhaal en aan die huisgebondenenes aflewer. Die Openbare Biblioteek van Vereeniging lewer die afge=lope vyf jaar 'n tuisdiens aan 'n beperkte getal individuele bejaardes en aan ouetehuse deur middel van die reisende biblioteek. Die diens aan bejaardes deur die Stadsbiblioteekdiens van Kaapstad sal na verwagting eersdaags heelwat uitbrei. 'n Betrekking van senior bibliotekaris vir diens aan ouetehuse is reeds geskep en 'n diens aan huisgebondenenes word tans oorweeg. Die Stadsbibliotekaris het ook 'n studie van sodanige dienste gemaak gedurende sy onlangse oorsese reis. Die Openbare Biblioteek van Oos-Londen het spesiale aandag aan bejaardes bestee met die beplanning van die nuwe biblioteekgebou se leeslokaal. Die Pretoriase Openbare Biblioteek en enkele ander openbare biblioteke help swaksienende bejaardes om die dienste van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te gebruik soos in hoofstuk nege beskryf word. Die Stadsraad van Pretoria het ook reeds sy goedkeuring verleen aan die instelling van 'n diens aan huisgebondenenes vanaf Julie 1971. In die leenafdeling van die Pretoriase Openbare Biblioteek word spesiale voorsiening vir bejaarde lesers gemaak deur die inrigting van 'n snuffelhoekie met gemakstoel en lae rakke waarin 'n versameling boeke geplaas word. Met die beplanning van die nuwe openbare biblioteekgebou vir Pretoria word spesiale aandag aan die behoeftes van die bejaarde gebruikers geskenk. Alle stedelike openbare biblioteke en ook plattelandse openbare biblioteke wat met die provinsiale biblioteekdienste geaffilieer is, voorsien grootdrukboeke in Afrikaans en in Engels. Verder word

bejaardes in 'n groot aantal ouetehuse, klubs vir bejaardes en diens=sentra bedien deur depots van stedelike openbare biblioteke en van die provinsiale biblioteekdienste.

Die diens aan ouetehuse in die Republiek kom egter glad nie tot sy reg nie, veral omdat die diens gewoonlik deur een van die inwoners van die tehuis gelewer word. Daar is feitlik geen sprake van aanmoediging en leiding aan die inwoners, of leserkundige hulp aan die gebruikers van die depot nie. Die diens bestaan in der waarheid net uit, soos dit orals in die tehuise bekend is, „die uitgee van boeke”. In Johannesburg word sommige tehuise op hierdie manier bedien, terwyl 'n paar deur die Biblioteek se personeel bedien word. Die ondersoekster het van die personeel verneem dat hulle dit as belangrik beskou dat opgeleide personeel die diens lewer. In Nederland word die diens deur=gaans deur opgeleide bibliotekarisse gelewer. Kaapstad se diens word ook sedert onlangs deur 'n opgeleide bibliotekaresse gelewer.

Die huisvesting van die depots is nog 'n faktor wat bydra tot die onbevredigende diens aan die ouetehuse in Suid-Afrika. Dikwels is daar net 'n klein vertrek met 'n paar rakke beskikbaar en in verskeie gevalle word daar volstaan met 'n boekkas in die sitkamer. Die lesers moet of in die sitkamer onder die gesels van die ander inwoners, of in hulle slaapkamers sit en lees. In die Departement van Gemeenskapsbou se Behuisingskode word die volgende in verband met die voorsiening van biblioteekgeriewe in ouetehuse gestel: „Biblioteek: Ruimte vir die berging van boeke word toegelaat maar die oppervlakte word nie voorgeskryf nie. Fondse word ook nie spesiaal daarvoor beskikbaar gestel nie, maar dit word aan organisasies oorgelaat om volgens die behoefte en grootte van die tehuis en binne die maksimum

toelaatbare per capita oprigtingskoste en leningsbedrag daarvoor te beplan."<sup>9)</sup> Hierdie voorsiening is voorwaar 'n kontras met dié van sekere oorsese lande waar ruimte vir 'n biblioteek 'n vereiste vir die registrasie van 'n ouetehuis is.

Die biblioteekprofessie en die instansies wat met bejaardesorg te doen het, behoort ten nouste saam te werk soos wat vandag in Amerika reeds op die hoogste vlak gebeur. As die biblioteekprofessie sou sorg dat die departemente, wat met bejaardesorg belas is, goed ingelig word oor die bydrae wat die biblioteek in bejaardesorg kan lewer en, as daar 'n meer dinamiese biblioteekdiens aan die ouetehuisse gelever sou word, sou die staatsdepartemente nie 'n biblioteekdiens so onbelangrik beskou as wat blyk uit die bogenoemde behuisingskode nie.

Baie van die ouetehuisse beskik ook nog nie oor 'n biblioteekdepot nie, gewoonlik omdat die tehuis nie die nodige ruimte vir die huisvesting van die depot het nie, of omdat die persoon in beheer nie genoeg in 'n biblioteekdiens belangstel om aansoek om 'n depot te doen nie. Hierdie tehuisse het wel 'n versameling boeke wat deur geskenke opgebou is, maar dit is meesal ou boeke en, aangesien daar nie gedurig vernuwing van die voorraad is nie, en die inwoners gewoonlik vir 'n hele aantal jare in die tehuis is, is hulle soms genoodsaak om dieselfde boeke oor en oor te lees.

9) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Handleiding oor die versorging van bejaardes in ouetehuisse. (Bylae met uittreksels uit die Departement van Gemeenskapsbou se Behuisingskode.) p. 121.

Wanneer die heersende regeringsbeleid in Suid-Afrika deurgevoer word dat net sorgbehoewendes in tehuise opgeneem word, sal die diens aan tehuise baie meer beperk wees, veral omdat 'n groot persentasie van die inwoners 'n baie hoë ouderdom sal hê. Die lesers sal dan ook hoofsaaklik in hulle kamers bedien word, soos tans met hospitaalsiënte geskied. Die bejaardes wat selfstandig genoeg is, sal dan in behuisingskemas met dienssentra woon. Dieselfde diens wat aan ouetehuse gelewer word, sal hier gelewer moet word, behalwe dat die gebruikers meesal self die biblioteek sal kan besoek, en net tydens ongesteldheid tuis sal hoef bedien te word.

Uit hierdie oorsig van die dienste wat die Suid-Afrikaanse biblioteke aan bejaardes lewer, is dit duidelik dat die hele veld nog feitlik braak lê en dat die instelling, uitbreiding en verbetering van sodanige dienste ernstige oorweging verg.

## 8 Agtergrondsinligting oor bejaardes in Pretoria

Om aan die bejaardes van Pretoria 'n doeltreffende biblioteekdiens te kan lewer, is dit belangrik om 'n duidelike beeld te hê van hierdie groep inwoners, onder andere, van hulle opvoedkundige peil, hulle ekonomiese standaard, beroepsverband, verenigingslewe en hulle belangstellings. Elkeen van hierdie faktore het in mindere of meerdere mate 'n invloed op die leessmaak en biblioteekbehoefte, en dus op die biblioteekdiens wat gelewer moet word. Daar mag gevra word wat, byvoorbeeld, die woonplek van 'n persoon met 'n biblioteekdiens te make het. Die woonplek is wel belangrik omdat diegene wat in ouetehuse woon, dikwels toegang tot 'n biblioteekdepot in die tehuis het, en omdat persone wat kamers huur gewoonlik vereensaam is en 'n groter behoefte aan 'n tuisdiens het as die bejaardes wat by hulle kinders inwoon, of dié wat in woonstelle in die middestad woon.

Om hierdie agtergrondsinligting te bekom, is 'n opname van Pretoria se bejaardes onderneem soos in hoofstuk twee uiteengesit.

### 8.1 Ouderdom

Uit die 450 gevalle wat ondersoek is, is 27,3% in die ouderdomsgroep 65 tot 69 jaar, 24,2% in die groep 70 tot 74 jaar, 22,9% in die groep 75 tot 79 jaar, 16,2% in die groep 80 tot 84 jaar, 6,5% in die groep 85 tot 89 jaar en 2,9% is 90 jaar en ouer. In tabel II word 'n ontleding van hierdie gegewens verstrek.



## BEJAARDES VOLGENS OUDERDOM

| Ouderdom   | Getal mans | Getal dames | Getal mans<br>en dames | % mans en<br>dames |
|------------|------------|-------------|------------------------|--------------------|
| 65-69 jaar | 42         | 81          | 123                    | 27,3               |
| 70-74 "    | 31         | 78          | 109                    | 24,2               |
| 75-79 "    | 33         | 70          | 103                    | 22,9               |
| 80-84 "    | 27         | 46          | 73                     | 16,2               |
| 85-89 "    | 10         | 19          | 29                     | 6,5                |
| 90 + "     | 5          | 8           | 13                     | 2,9                |
|            | 148        | 302         | 450                    | 100                |

## Tabel II

Ouderdom het wel 'n invloed op die leesbehoefte van bejaardes. Hoe ouer die mens word hoe groter is die gevaar van seniliteit en swak-sigtigheid. Daarenteen is die jonger bejaardes gewoonlik nog redelik aktief en het hulle ander aktiwiteite wat hulle besig hou. Hulle het dus nie soveel tyd vir lees as die onaktiewes nie. Volgens die opname bestee die bejaardes veral vanaf hulle 85ste jaar baie minder tyd aan lees as voorheen. Tabel III toon aan watter persentasie feitlik die hele dag aan lees bestee.

BEJAARDES WAT FEITLIK DIE HELE DAG LEES  
VOLGENS OUDERDOM

|            |       |            |       |
|------------|-------|------------|-------|
| 65-69 jaar | 13,9% | 80-84 jaar | 19,2% |
| 70-74 jaar | 20,2% | 85-89 jaar | 6,9%  |
| 75-79 jaar | 18,6% | 90 + jaar  | 3,8%  |

### Tabel III

Dieselfde tendens is waargeneem wat die ander belangstellings van die bejaardes betref. Tabel IV toon aan watter persentasie van elke ouderdomsgroep belangstel in enige van die onderwerpe wat in die vraelys onder „belangstellings" genoem word.

BEJAARDES, WAT NOG ENIGE BELANGSTELLING HET,  
VOLGENS OUDERDOM

|            |       |            |       |
|------------|-------|------------|-------|
| 65-69 jaar | 27,6% | 80-84 jaar | 16,8% |
| 70-74 jaar | 23,3% | 85-89 jaar | 6,6%  |
| 75-79 jaar | 22,7% | 90 + jaar  | 3%    |

### Tabel IV

Volgens die opname het die ouderdom van die bejaardes nie 'n groot invloed op hulle leesmaak nie. Die tipe boeke wat hulle op 65 jaar

lees, verskil nie veel van dié wat hulle op 90 jaar geniet nie soos blyk uit tabel V. Die gewildheid van tydskrifte en koerante neem wel af namate die ouderdom styg, waarskynlik as gevolg van die klein druk van die publikasies en die verswakte gesigsvermoë van die hoogbejaardes. Daarenteen lees die bejaardes meer christelike boeke, hoe ouer hulle word. Die leessmaak van die bejaardes word vollediger in paragraaf 8.13 behandel.

## 8.2 Huwelikstaat

Hoewel daar nie veel verband tussen die huwelikstaat van die bejaardes en die biblioteekdiens aan hulle is nie, kan die huwelikstaat van die gebruikers tog tot 'n mate die biblioteekdiens beïnvloed. Een van die huwelikmaats kan, byvoorbeeld, die ander een aanmoedig om te lees, of die een lees vir die ander een wat swaksiende is voor. Vereensaming kom minder voor waar albei nog lewe. Dames wat nooit getroud was nie, het gewoonlik 'n loopbaan gehad, terwyl baie van die getroude dames in die ondersoekgroep nooit iets anders gedoen het as om net voltyds huisvrou te wees nie.

Die volgende het uit die opname geblyk: 6,1% mans en 5,3% dames was nooit getroud nie; 76,4% mans en 32,6% dames was ten tye van die opname getroud; 16,9% mans was wewenaars en 61,1% dames was weduwees. Die geskeides was minimaal, naamlik 0,7% wat beide mans en dames betref. Van die 450 gevalle was 239 enkellopend. Dit is 'n belangrike rede waarom daar so baie vereensaamde bejaardes is.

LEESSMAAK VAN BEJAARDES VOLGENS OUDERDOM  
(PERSENTASIE BEJAARDES IN ELKE OUDERDOMSGROEP  
WAT 'n SEKERE GENRE LEES)

| Ouderdom                  | 65-9 | 70-4 | 75-9 | 80-4 | 85-9 | 90 + |
|---------------------------|------|------|------|------|------|------|
| Romans                    | 44,3 | 41,3 | 44,1 | 37,0 | 44,8 | 30,8 |
| Speurverhale              | 37,7 | 33,9 | 38,2 | 30,1 | 27,6 | 15,4 |
| Avontuurverhale           | 32,0 | 30,3 | 29,4 | 26,0 | 13,8 | 23,1 |
| Wetenskap-fiksie          | 9,0  | 0,9  | 4,9  | 5,5  | 0,0  | 0,0  |
| Wilde Weste-stories       | 9,8  | 3,7  | 8,8  | 5,5  | 6,9  | 7,7  |
| Biografie                 | 24,6 | 34,9 | 41,2 | 37,0 | 27,6 | 53,8 |
| Reisverhale               | 30,3 | 32,1 | 38,2 | 32,9 | 10,3 | 30,8 |
| Historiese werke          | 32,0 | 26,6 | 42,2 | 30,1 | 44,8 | 46,2 |
| Christelike boeke         | 64,8 | 64,2 | 62,7 | 71,2 | 75,9 | 76,9 |
| Gedigte                   | 11,5 | 11,9 | 12,7 | 9,6  | 6,9  | 15,4 |
| Dramas                    | 10,7 | 7,3  | 9,8  | 2,7  | 0,0  | 7,7  |
| Ander letterkundige werke | 6,6  | 9,2  | 9,8  | 5,5  | 6,9  | 15,4 |
| Tydskrifte                | 65,6 | 63,3 | 63,7 | 50,7 | 44,8 | 38,5 |
| Koerante                  | 67,2 | 67,0 | 70,6 | 49,3 | 41,4 | 46,2 |
| Foto- en prenteverhale    | 13,9 | 14,7 | 11,8 | 6,8  | 10,3 | 7,7  |

## Tabel V

### 8.3 Huistaal

Die huistaal van die gebruikers is een van die faktore wat belangrik is in die lewering van 'n biblioteekdiens veral aan die huidige geslag bejaardes. Die rede hiervoor is dat die meeste van vandag se bejaar=

des van die platteland afkomstig is,<sup>1)</sup> waar Engels selde gepraat is, en waar die onderwysfasiliteite baie beperk was. Waar die jonger geslag Afrikaanssprekendes gewoonlik geen probleme met die tweede taal ondervind nie, is baie van die ouer geslag nie in staat om Engels met gemak te lees nie.

Volgens 'n landswye opname van Louw is 74,9% van die bejaardes in ouetehuse Afrikaanssprekend, 22,74% Engelssprekend, 0,2% het Engels en Afrikaans as huistaal en 2,15% is andertalig.<sup>2)</sup> Hierdie resultate toon 'n ooreenkoms met die bevindings van die ondersoekster wat Pretoria se bejaardes, binne en buite die ouetehuse, betref. Die Afrikaanssprekende bejaardes is ook hier baie ver in die meerderheid, naamlik 76,8% teenoor die 13,8% Engelssprekendes, 7,8% wat Afrikaans en Engels as huistaal het en 1,6% andertaliges. In die ouetehuse is 77,3% van die inwoners Afrikaanssprekend en 12,7% Engelssprekend. Buite die ouetehuse is 76,3% Afrikaanssprekend en 14,7% Engelssprekend. In die voorstad Wonderboom-suid, wat een van Pretoria se ou voorstede is, is die verhouding Afrikaanssprekendes teenoor Engelssprekendes 25 tot een, terwyl dit in Sentraal Pretoria twee tot een is. In Arcadia/Sunnyside/Muckleneuk is daar feitlik eweveel Engels- en Afrikaanssprekendes. Gebiede soos Danville, Erasmia en East Lynne het in die opname feitlik geen Engelssprekendes opgelewer nie. Die konsekwensie is dat in sekere dele van

1) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, op.cit., p.26 - 7.

2) LOUW, D. Die rol en betekenis van ouetehuse in die versorging van bejaardes in Suid-Afrika, p.261.

Pretoria baie meer Afrikaans as Engels gelees sal word.

#### BEJAARDES VOLGENS HUISTAAL

| Huistaal               | Getal mans | Getal dames | Getal mans<br>en dames | % mans<br>en dames |
|------------------------|------------|-------------|------------------------|--------------------|
| Afrikaans              | 116        | 230         | 346                    | 76,8               |
| Engels                 | 19         | 43          | 62                     | 13,8               |
| Afrikaans<br>en Engels | 10         | 25          | 35                     | 7,8                |
| Ander tale             | 3          | 4           | 7                      | 1,6                |
|                        | 148        | 302         | 450                    | 100,0              |

**Tabel VI**

#### 8.4 Onderwyspeil

Daar is reeds genoem dat 76,8% van die bejaardes in Pretoria Afrikaanssprekend en 13,8% Engelssprekend is en dat die meeste van die Afrikaanssprekendes van die platteland afkomstig is. In hierdie geslag bejaardes se kinderdae was skole, veral hoërskole, op die platteland skaars, vervoer was primitief, die paaie was swak en die opvatting was dat die kind moes kon lees en skryf en 'n bietjie rekenkunde doen. Verder moes hy die boerematriek slaag en dan gaan boer. Daar was ook nie verpligte onderwys nie. In die stede was die toestande heeltemal anders en was ruim onderwysfasiliteite tot die beskikking van die kind. Uit die opname het hierdie verskil tussen die onderwys=

# ONDERWYSPEIL VAN BEJAARDES VOLGENS HUISTAAL

| Huistaal               | Geen<br>skool |      | Laer<br>as St. 6 |      | St. 6-8    |      | St. 9-10   |      | Onderwys-<br>diploma |      | Universi-<br>teitsgraad |      | Ander      |      | Totaal     |     |
|------------------------|---------------|------|------------------|------|------------|------|------------|------|----------------------|------|-------------------------|------|------------|------|------------|-----|
|                        | Ge-<br>tal    | %    | Ge-<br>tal       | %    | Ge-<br>tal | %    | Ge-<br>tal | %    | Ge-<br>tal           | %    | Ge-<br>tal              | %    | Ge-<br>tal | %    | Ge-<br>tal | %   |
| Afrikaans              | 9             | 2,6  | 116              | 33,5 | 143        | 41,3 | 36         | 10,4 | 20                   | 5,8  | 19                      | 5,5  | 3          | 0,9  | 346        | 100 |
| Engels                 | 0             | 0,0  | 9                | 14,5 | 29         | 46,8 | 17         | 27,4 | 3                    | 4,9  | 2                       | 3,2  | 2          | 3,2  | 62         | 100 |
| Afrikaans<br>en Engels | 0             | 0,0  | 13               | 37,2 | 9          | 25,7 | 5          | 14,3 | 4                    | 11,4 | 4                       | 11,4 | 0          | 0,0  | 35         | 100 |
| Ander tale             | 1             | 14,3 | 1                | 14,3 | 1          | 14,3 | 3          | 42,8 | 0                    | 0,0  | 0                       | 0,0  | 1          | 14,3 | 7          | 100 |
|                        | 10            | 2,2  | 139              | 30,9 | 182        | 40,4 | 61         | 13,6 | 27                   | 6,0  | 25                      | 5,6  | 6          | 1,3  | 450        |     |

Tabel VII

peil van die Afrikaans- en Engelssprekende dan ook duidelik na vore gekom. Soos uit tabel VII blyk, was 2,6% van die Afrikaanssprekendes nooit op skool nie, terwyl daar geen sodanige geval onder die Engelsprekendes voorgekom het nie; 33,5% Afrikaans- en 14,5% Engelsprekendes het nie standerd ses geslaag nie; 41,3% Afrikaans- en 46,8% Engelssprekendes het standerd ses, sewe of agt geslaag; 10,4% Afrikaans- en 27,4% Engelssprekendes het standerd nege of tien geslaag; 5,8% Afrikaans- en 4,9% Engelssprekendes het 'n onderwysdiploma verwerf; 5,5% Afrikaans- en 3,2% Engelssprekendes het 'n universiteitsgraad behaal.

Uit hierdie gegewens blyk dit dat 'n groter persentasie Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes geen formele onderwys nie, of net 'n laerskoolopleiding gehad het. Ten opsigte van universiteitsopleiding en onderwyskwalifikasies is daar nie 'n groot verskil tussen die twee taalgroepe nie. Slegs 'n klein groepie van elkeen het so ver gevorder.

Dit is 'n bekende feit dat die onderwyspeil van die mens gedurig styg. Oor 'n paar dekades behoort die meerderheid bejaardes gematrikuleerd te wees, en as gevolg van verpligte onderwys behoort daar baie min persone te wees wat nie standerd ses geslaag het nie. Hierdie styging van die onderwyspeil blyk ook uit die vergelyking in tabel VIII tussen die gegewens van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike navorsing se opname van 1959<sup>3)</sup> en die ondersoekster se 1970-opname.

3) SUID-AFRIKA (Republiek). Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, op.cit., p.55.



'n Opname van Anderson in 1965 toon dat 10,8% van die bejaardes in Pretoria geen skoolopleiding gehad het nie,<sup>4)</sup> terwyl daar met die onderhawige opname bevind is dat 2,2% nooit die skool besoek het nie. Dit is moeilik om verdere vergelykings te tref tussen die resultate van Anderson se opname en van die huidige een want die groepe is anders ingedeel. Selfs die vergelyking tussen die 1959- en die 1970-opname hieronder kan maar net 'n algemene tendens aantoon, omdat die 1959-opname 'n nasionale projek, wat diegene 60 jaar en ouer in= gesluit het, was, terwyl die 1970-opname tot persone 65 jaar en ouer in Pretoria beperk is.

#### OPVOEDKUNDIGE PEIL VAN BEJAARDES IN 1959 EN 1970

|                        | 1959  | 1970  |
|------------------------|-------|-------|
| Laer as standerd ses   | 45%   | 33,1% |
| Standerd ses tot agt   | 41,1% | 40,4% |
| Standerd nege tot tien | 7%    | 13,6% |
| Hoër as standerd tien  | 6,9%  | 12,9% |

### Tabel VIII

Met die voorsiening van 'n biblioteekdiens moet die verwagting dat die onderwyspeil van bejaardes voortdurend mag styg, in die oog

4) ANDERSON, W.W. Die behuising van bejaardes in Pretoria, p.275.

gehou word.

Hoewel so 'n groot persentasie van die onderzoekgroep nie verder as standaard ses gevorder het nie, is die onderzoekster getref deur die wye kennis wat die bejaardes, met wie sy onderhoude gehad het, uit onder= vinding en deur lees bygebring het.

## 8.5 Inkomste

Hoewel daar nie 'n opname van die inkomste van die onderzoekgroep gemaak is nie, is daar vasgestel dat 52,1% van die groep ouderdoms= pensioen trek. 35,8% van die groep mans is ouderdomspensioentrek= kers en van die dames 60,1%. Die mans het feitlik almal voor aftrede in 'n beroep gestaan terwyl 67,1% dames nooit loonarbeid verrig het nie.

Uit die bogenoemde gegewens kan die afleiding gemaak word dat 'n rapsie meer as die helfte van die bejaardes dit finansiëel nie breed het nie en dat die mans se finansiële posisie oor die algemeen baie beter as dié van die dames is. Volgens Anderson se opname het 38,2% bejaardes 'n gesinsinkomste van minder as R59 per maand gehad, wat nie voldoende was vir hulle basiese behoeftes nie.<sup>5)</sup> In die Minis= ter van Finansies se begroting vir 1971 word daar in verskeie opsig= te geldelike verligting vir die bejaardes aangekondig.

5) ANDERSON, W.W. Ibid., p.515.

Amerika is ook verontrus oor die geldgebrek van sy bejaardes, van wie-25% 'n inkomste uit werk, voltyds of deelyds, het, terwyl 50% tot 60% se inkomste nie groter as \$1 000 per jaar is nie.<sup>6)</sup>

Dit is belangrik om in dié verband daarop te wys dat die vrye openbare biblioteek, sonder enige uitgawe vir die individu, in die leesbehoefte van die bejaarde wat graag lees, maar wat nie die vermoë het om boeke aan te koop nie, kan voorsien. Die subekonomiese posisie van baie bejaardes is verder 'n belangrike rede waarom hulle van boetegelde vrygestel behoort te word.

#### 8.6 Beroepsverband

Die bejaarde wat nog werk, behou sy selfvertroue en selfrespek. Hy geniet ook die geselskap van sy kollegas met wie hy saamwerk en van die publiek wat hy bedien. Hoe ouer 'n mens word, hoe minder vriende het jy, want sommige is reeds oorlede en jy het ook nie meer die noue kontak met vriende op sport- en sosiale gebied nie. Daarom is dit belangrik dat daar soveel werkgeleenthede as moontlik vir bejaardes geskep word. Die talente, vaardighede, ondervinding en kennis van hierdie groep behoort soveel as moontlik benut te word, want daardeur bly hulle produktief en terselfdertyd help dit hulle om gesond te bly. Daar moet egter spesiale werkgeleenthede geskep word, sodat die bejaarde nie op die oop mark hoef te kompeteer nie. In 'n hele

6) UNITED STATES. Department of Health, Education and Welfare. Free time activities, p.11.

aantal biblioteke in die Verenigde State van Amerika word die dienste van bejaardes, in verskeie gevalle met steun uit fondse onder die Older Americans Act, met groot vrug vir 'n verskeidenheid take gebruik.

Met die oog op die lewering van biblioteekdienste aan die bejaarde is kennis van sowel sy huidige as vorige beroepsverband ook van belang omdat dit verband mag hou met sy belangstellings, wat weer sy lees=smaak en -behoeftes mag beïnvloed.

Uit die onderhawige opname blyk dit dat 79,1% van die mansgroep nie meer in 'n betrekking staan nie, dat 5,4% deelyds en 15,5% nog vol=tyds werk. 96,3% dames werk nie meer nie, 1% werk voltyds en 2,7% het deelydse werk. Van die 31 mans wat nog werk, is sewe in die staatsdiens, vyf tree op as wagte of opsigters of skoonmakers, vier is klerke en twee is aan die sakelewe verbonde, terwyl die res 'n verskeidenheid ander beroepe beoefen. Van die 13 dames wat nog werk, is meer as die helfte opsigters van woonstelle, een is 'n skryf=ster en die res is klerke.

Voor aftrede was die 148 mans in die ondersoekgroep aan die volgende beroepsrigtings verbonde:

|             |    |                             |    |
|-------------|----|-----------------------------|----|
| Boerdery    | 33 | Onderwys                    | 7  |
| Staatsdiens | 24 | Nywerheidswese              | 6  |
| Spoorweë    | 18 | Polisiediens                | 5  |
| Boubedryf   | 12 | Ander professionele beroepe | 11 |
| Handel      | 9  |                             |    |

Die res het andersoortige beroepe soos seilmaker, lettersetter en vragmotorbestuurder beoefen.

Van die 302 dames was 202 huisvrouens wat nooit loonarbeid verrig het nie. Die 100 wat wel 'n loopbaan gehad het, het die volgende poste beklee:

|                 |    |                |   |
|-----------------|----|----------------|---|
| Onderwys        | 33 | Tikwerk        | 5 |
| Klerklike poste | 14 | Matrone        | 4 |
| Verpleging      | 10 | Handel         | 4 |
| Staatsdiens     | 8  | Biblioteekwerk | 3 |
| Kleremaak       | 7  | Musiekonderwys | 2 |

Die res het andersoortige werk verrig.

Uit hierdie gegewens kan afgelei word dat die meerderheid van die manlike bejaardes in Pretoria aan die boerdery of betrekkings in die staatsdiens verbonde was, terwyl dames, wat nie huisvrouens was nie, hoofsaaklik die onderwys beoefen het.

## 8.7 Woonplek

Volgens die Amerikaanse President's Task Force on the Aging, het bejaardes behuisingsbehoeftes wat eie aan die groep is, om redes soos verminderde inkomste, minder aktiwiteite en sosiale kontakte, minder energie, beperkte mobiliteit, swakker gesondheid, weduweenskap en langdurige siekte. As gevolg van hierdie faktore bring baie bejaardes die heeldag in hulle huise deur. Met die oog hierop word dan ook aanbeveel dat daar vir die aktiewe bejaardes geskikte behuisingskemas voorsien moet word, vir diegene wat nie meer so mobiel is nie,

tehuise en vir die heel swakkes verpleeginrigtings. 7)

Resultate van die opname in Pretoria toon dat 48% mans en 32,2% dames van die nie-tehuisbewoners in hulle eie huise woon, 16,3% mans en 12,4% dames in huurhuise, 15,3% mans en 17,3% dames in woonstelle, 14,3% mans en 17,8% dames in huurkamers, 1% mans en 4% dames loseer en 5,1% mans en 16,3% dames by hulle familie= lede, gewoonlik by kinders, inwoon.

Baie van die jonger geslag bejaardes, naamlik diegene tot 74 jaar, woon in hulle eie huise, huurhuise of woonstelle, maar van diegene wat ouer as 74 jaar is, is die persentasie wat nog selfstandig woon, baie laag. Die hoogbejaardes is meesal in tehuise of hulle woon by hulle kinders in.

In hoofstuk drie is die regeringsbeleid in verband met die behuising van bejaardes behandel en is gewys op die implikasies daarvan in die lewering van biblioteekdienste.

## 8.8 Mobiliteit

Hoewel alle bejaardes nie noodwendig sieklik is nie, verswak die lig= gaamskragte en neem die gesondheid gewoonlik algaande af. Daar= mee gaan 'n afname in beweeglikheid gepaard.

7) UNITED STATES. President's Task Force on Aging, op.cit., p.38 - 9.

## MOBILITEIT VAN BEJAARDES

| Geslag        | Daaglikse stad toe |      | Tenminste weeklikse stad toe |      | Seldse of ooit stad toe |      | Totaal |     |
|---------------|--------------------|------|------------------------------|------|-------------------------|------|--------|-----|
|               | Getal              | %    | Getal                        | %    | Getal                   | %    | Getal  | %   |
| Mans          | 24                 | 16,2 | 33                           | 22,3 | 91                      | 61,5 | 148    | 100 |
| Dames         | 7                  | 2,3  | 50                           | 16,6 | 245                     | 81,1 | 302    | 100 |
| Mans en dames | 31                 | 6,9  | 83                           | 18,4 | 336                     | 74,7 | 450    | 100 |

**Tabel IX**

Uit die gegewens van die ondersoek, soos in tabel IX verstrekk, blyk dat net 16,2% van die mans en 2,3% van die dames nog daaglikse stad toe gaan. 22,3% van die mans en 16,6% van die dames gaan tenminste eenkeer per week stad toe, terwyl 61,5% van die mans en 81,1% van die dames seldse of ooit stad toe gaan. Dit wil dus voorkom of die mans oor die algemeen meer gesond en lewenskragtiger as die dames van dieselfde ouderdom is. Die mobiliteit van die bejaardes is 'n faktor waarmee rekening gehou moet word in die lewering van 'n biblioteekdiens aan hulle.

### 8.9 Gesigsvermoë

Gesigsvermoë het 'n direkte invloed op die leesvermoë van bejaardes en derhalwe ook op die lektuurvoorsiening aan hulle. Daarom was dit nodig om vas te stel of die respondente, wat in die opname betrek is, nog gewone druk of net grootdruk kan lees en of hulle op fonoboekke

vir hulle leesstof aangewese is.

Anderson het bevind dat 6,2% van die bejaardes in Pretoria swak gesigsvermoë het.<sup>8)</sup> Uit die ondersoekster se opname is vasgestel dat 68,9% van Pretoria se bejaardes gewone druk kan lees, 25,8% net grootdruk en dat 5,1% van die ondersoeksgroep se oë te swak is om enige druk te lees. (Kyk tabel X.) 31,1% van die bejaardes kan dus nie die gewone boeke lees nie.

## GESIGSVERMOË VAN BEJAARDES

| Geslag        | Kan gewone druk lees |      | Kan net grootdruk lees |      | Kan net prenteeboeke lees |     | Kan glad nie lees nie |     | Totaal |     |
|---------------|----------------------|------|------------------------|------|---------------------------|-----|-----------------------|-----|--------|-----|
|               | Getal                | %    | Getal                  | %    | Getal                     | %   | Getal                 | %   | Getal  | %   |
| Mans          | 110                  | 74,3 | 27                     | 18,3 | 0                         | 0   | 11                    | 7,4 | 148    | 100 |
| Dames         | 200                  | 66,2 | 89                     | 29,5 | 1                         | 0,3 | 12                    | 4,0 | 302    | 100 |
| Mans en Dames | 310                  | 68,9 | 116                    | 25,8 | 1                         | 0,2 | 23                    | 5,1 | 450    | 100 |

## Tabel X

### 8.10 Klub- en verenigingslewe

Die opname toon dat die bejaardes in Pretoria in die reël nie aktief

8) ANDERSON, W.W. op.cit., p.517.



aan klub- en verenigingslewe deelneem nie. Tabel XI toon 'n ontleding van hierdie gegewens.

#### BEJAARDES SE DEELNAME AAN KLUB- EN VERENIGINGSLEWE

|                            | Mans | Dames |
|----------------------------|------|-------|
| Professionele vereniging   | 6    | 2     |
| Liefdadigheidsvereniging   | 1    | 10    |
| Kaartspeelklub             | 1    | 2     |
| Landbou-unie               | 1    | 1     |
| S.A. Vrouefederasie        | -    | 6     |
| Sportklub                  | 7    | 2     |
| Klub vir bejaardes         | -    | 10    |
| Kerkvereniging             | 7    | 39    |
| Ander klubs of verenigings | 6    | 10    |

### Tabel XI

Die gebrekkige deelname deur Pretoria se bejaardes aan klubs en verenigings bring mee dat die resultate van die opname in hierdie geval geen beduidende waarde vir die vasstelling van belangstelling en leesbehoefte het nie. Dit dui egter sonder twyfel op die rol wat die openbare biblioteek kan speel om hierdie leemte in die bejaarde se lewe deur die instelling van biblioteekprogramme te vul.

## 8.11 Vryetydsbesteding

Vryetydsbesteding speel 'n baie belangrike rol in die lewe van elke mens. Die filosoof Irwin Edman beklemtoon hierdie bewering soos volg: „The best test of the quality of civilization is the quality of its leisure. Not what the citizens of the Commonwealth do when they are obliged to do something by necessity but what they do when they can do something by choice, is the criteria of a people's life.”

Een van die belangrikste probleme van bejaardheid is daarin geleë dat die individu in die reël, op die stadium wanneer hy die verantwoordelikste betrekking beklee en die drukste lewe lei, homself by aftrede skielik in die posisie bevind waar hy baie vrye tyd tot sy beskikking het. Daar is bereken dat 'n persoon wat in 'n voltydse betrekking staan, reeds meer vrye tyd as die tyd wat hy aan sy werk bestee, het, en dat hy by aftrede op 65 jaar, vir sy verwagte jare van rus nog 30 000 uur vrye tyd sal hê.<sup>9)</sup>

Vryetydsbesteding word dan ook deur sommige as 'n uiters belangrike aspek van voorbereiding vir aftrede beskou. Die volgende verklaring oor hoe die lewe van die bejaardes, wat vryetydsbesteding betref, in vooruitsig gestel word, is vir die White House Conference on Aging van 1961, opgestel: „By the 1980's the very concept of 'retirement' will have changed its meaning from that of withdrawal to transition or shift to any one of a variety of self-satisfying acti-

9) UNITED STATES. Department of Health, Education and Welfare. Free time activities, p.35.

vities chosen by the individual entirely on his own initiative - though often with the aid of avocational counselling services widely available in adult schools, activity centers, and community information services.

Older people in the 1980's will be engaged in a variety of leisure pursuits already noted in the reports from the States. Education will be lifelong as colleges and schools come to recognize the desires of older people to pursue intellectual interests and keep abreast of the times. Hundreds of thousands will be engaged in various forms of self-expression in the fine arts and crafts. Activity centres, especially designed for the use of older people, together with neighborhood social and recreational facilities, will afford ample opportunity for developing new associates and friends in retirement. Many thousands of middle-aged and older people will be giving voluntary services to their communities, serving on advisory boards, and participating in the affairs of political parties. Reading, contemplation, and relaxation will engage the time of many, as will travel and attendance at concerts, galleries and museums."<sup>10</sup> In 1970 het die United States President's Task Force on the Aging ook soos volg hieraan aandag in sy verslag geskenk: Die meeste bejaardes het te kampe met siekte, laer inkomste en die verlies van ou vriende en familieledes. Die persoonlike ontwikkeling om hierdie probleme die hoof te kan bied deur 'n vol lewe te lei, is die belangrikste voorbe- reiding vir aftrede - baie belangriker as om vir die finansiële be-

10) Ibid., p.41 - 2.

hoeftes voorsiening te maak.<sup>11)</sup>

Sinnvolle vryetydsbesteding na aftrede is so belangrik dat die mens van jongs af daarvoor opgelei behoort te word. Daar behoort 'n doelbewuste benadering by die opvoeding te wees wat aftrede in gedagte hou en wat elkeen daardeur vir sy oudag voorberei. As 'n kind geleer word om handwerk soos leerwerk, pottbakkerie, houtwerk en naaldwerk te doen, om stokperdjies soos seëlversameling, fotografie, hengel en voëlwaarneming te beoefen, om aan sport deel te neem, om kunste soos ballet, toneel, musiekuitvoerings en kunsuitstallings te waardeer, en om self kunste soos die skilderkuns te beoefen, kan hy na aftrede 'n lewe vol belangstellings lei. Selfs al sou hy nie meer aan al die aktiwiteite soos krieket, tennis of rugby kan deelneem nie, kan hy baie genotvolle ure langs die veld of voor die radio deurbring. As hy van jongs af die leesgewoonte aangekweek het en geleer het om die goeie boek te geniet en te waardeer, sal lees vir hom dwarsdeur sy lewe 'n aangename en lonende tydverdryf bly.

Dit is verblydend dat Suid-Afrika daadwerklike aandag aan die sinvolle vryetydsbesteding van sy jongmense bestee. Die Minister van Nasionale Opvoeding het onlangs 'n Komitee van Onderzoek met die volgende opdrag saamgestel:

„Om met inagneming van die algemene sosio-kulturele persoonlikheidsontwikkelingspeile wat in ons tyd van die samelewing vereis word ten einde o.m. sy geestelike weerbaarheid te versterk, en die toene=

11) UNITED STATES. President's Task Force on the Aging, op.cit., p.46.

mende behoefte aan en belangstelling in kulturele vryetydsbestedings=  
aktiwiteite as gevolg van die geleidelike daling in die aantal ure werk=  
tyd, ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen oor:

1. Die noodsaaklikheid, al dan nie, daarvan om, in die belang van ons  
naskoolse jeug, en volwassenes, kultuurverspreiding onder Blankes in  
stede, die dorpe en die platteland deur middel van informele vorming  
wat bekend staan as opvoeding buite skoolverband, in teenstelling met  
formele onderwys, uit te brei en stelselmatiger en doeltreffender te  
organiseer.

2. Indien gevind word dat sodanige noodsaaklikheid wel bestaan

(a) die vorm wat genoemde uitbreiding en organisasie behoort aan te  
neem; en

(b) die koste, as daar is, wat sodanige uitbreiding en organisasie vir  
die Staat sal meebring, en die wyse waarop dit gefinansier behoort te  
word.

3. Enige ander aangeleentheid wat met die voorgaande in verband  
staan."<sup>12)</sup>

Hierdie Komitee het wel nie voorbereiding vir aftrede as een van sy  
doelstellings nie, maar vrugbare resultate met die sinvolle vrye=  
tydsbesteding van jongmense sal, soos reeds genoem is, 'n waar=  
devolle bydrae tot voorbereiding vir aftrede wees.

Skilder is 'n baie aangename stokperdjie veral vir diegene wat aanleg

12) DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. Omsendbrief A.6/4/5/3  
van 2 April 1971, p.1.

daarvoor het en reeds voorheen opleiding ontvang het. Dis 'n stokperdjie wat 'n mens doelbewus met die oog op aftrede kan ontwikkel, al het jy nie veel aanleg daarvoor nie. Diegene wat die joernalistiek beoefen het, kan na aftrede hulle op die skryf van artikels vir tydskrifte toelê. Maar selfs diegene wat nooit skrywers was nie, kan ondervindings en gebeurtenisse uit hulle lewe neerskryf. Dit is 'n waardevolle bydrae tot die kennis van die tydperk waarin hulle gelewe het. In een ouetehuis in Pretoria word 'n boek aangehou waarin elke inwoner episodes uit sy lewe neerskryf. Diegene wat nie in staat is om self te skryf nie, vertel van hulle lewe en een van die jongeres skryf dit neer. As elke ouetehuis en elke klub vir bejaardes so 'n boek aanhou, sal baie waardevolle inligting op rekord geplaas word.

Ongelukkig beskik die bejaardes nie altyd oor die nodige vermoë om die stokperdjies waarin hulle belangstel, te beoefen nie. Fotografie en muntversameling is duur stokperdjies, tuinmaak, stap en sport word deur swak gesondheid uitgeskakel, visvang en voëlwaarneming is nie in die stad moontlik nie, in die ouetehuisse is daar nie die geleentheid vir tuinmaak, koskook of die aanhou van troeteldiere nie en naaldwerk werk stremmend op die oë.

Hoewel vryetydsbesteding soos reeds gemeld, 'n baie belangrike rol na aftrede speel, kan die bejaarde, veral die een wat sy lewe lank 'n betrekking beklee het, nie slegs op stokperdjies en ontspanning staatmaak om 'n vol lewe na aftrede te lei nie. Dit sal nie vir hom voldoende genoegdoening verskaf nie. Selfs sy geliefkoosde gholf, waarvoor daar nooit voorheen genoeg tyd was nie, sal nie meer die genot van voorheen verskaf as daar te veel tyd daaraan bestee word nie. Daar moet ander doelgerigte aktiwiteite wees, sodat aftrede nie as die

einde van die mens se nuttige bestaan beskou word nie, maar eerder as die begin van 'n andersoortige nuttige bestaan. Mev. Z. Droskie, Direktrise van die Nasionale Raad vir Bejaardes, het hierdie saak soos volg aangeroer in haar referaat tydens die Nasionale Konferensie oor Bejaardesorg van 1971: „Die hoofdoel van aftrede is om die werker te beloon vir sy jarelange diens. Maar die gemis aan nuttig wees, verantwoordelikhede dra, gesag uitoefen, aansien geniet, ens. maak die rus baie leeg en dan voel die persoon dat hy verworpe is. Met die verhoogde lewensverwagting bly daar nog 10 tot 15 aktiewe jare na aftrede vir die meeste mense oor ... Dokters het verklaar dat daar geen geneesmiddel vir daardie mense is wat hulle eenvoudig nie na aftrede kan aanpas nie en wie se kwale hoofsaaklik voortspruit uit verveling omdat hulle geen blywende, oorheersende belangstelling in enigiets het nie, en sodoende alle lewensvreugde verloor het. Dit is gebiedend noodsaaklik dat ons ons geestelik en liggaamlik lewendig hou ... Ons moet nuwe uitdagings en nuwe geleenthede in die lewe vind ten einde ons geestes- en liggaamlike vermoëns te stimuleer.”<sup>13)</sup>

In sy boek Complete guide to retirement noem Collins 'n hele aantal moontlike aktiwiteite, onder andere, deeltydse werk soos doseer en joernalistiek, liefdadigheids- en komiteewerk, verdere studie, reise en politieke bedrywighede, wat die bejaarde, afgesien van stokperdjies, kan beoefen. Collins noem ook dat die bejaarde gewoonlik minder tyd vir stokperdjies en lees het as voor sy aftrede, want sy lewe is nou nie meer so georganiseer nie en hy werk nie teen die gedwonge hoë

13) DROSKIE, Z. Maatskaplike werk met bejaardes met besondere aandag aan die gebruikmaking van maatskaplike hulpdienste, p.25.

tempo van voorheen nie<sup>14)</sup>

Uit die resultate van die ondersoekster se opname van Pretoria se bejaardes (tabel XII) blyk dit dat die groot aantal ure, wat die meeste bejaardes elke dag ledig is, een van hulle groot probleme is. Uit die monster van 450 het 364 of 80,9% die hele dag vry, terwyl slegs 33 of 7,3% ongeveer 'n halwe dag en 48 of 10,7% 'n paar uur per dag vry het. Slegs 5 of 1,1% staan nog in betrekkings wat hulle feitlik geen vrye tyd gee nie.

#### VRYE TYD VAN BEJAARDES

| Geslag        | Hele dag vry |      | Ongeveer halwe dag vry |     | Paar uur per dag vry |      | Feitlik geen vrye tyd nie |     | Totaal |     |
|---------------|--------------|------|------------------------|-----|----------------------|------|---------------------------|-----|--------|-----|
|               | Ge=tal       | %    | Ge=tal                 | %   | Ge=tal               | %    | Ge=tal                    | %   | Ge=tal | %   |
| Mans          | 115          | 77,7 | 5                      | 3,4 | 24                   | 16,2 | 4                         | 2,7 | 148    | 100 |
| Dames         | 249          | 82,4 | 28                     | 9,3 | 24                   | 8,0  | 1                         | 0,3 | 302    | 100 |
| Mans en Dames | 364          | 80,9 | 33                     | 7,3 | 48                   | 10,7 | 5                         | 1,1 | 450    | 100 |

#### Tabel XII

Daar is blykbaar 'n verband tussen die woonplek van die bejaardes en

14) COLLINS, T. op.cit., p.147.



hulle vrye tyd. Die gegewens in tabel XIII verstrek dui daarop dat diegene wat in ouetehuse en losieshuise of hotelle woon, waar hulle geen teenprestasie vir hulle versorging lewer nie, feitlik die hele dag vry het. Die bejaardes wat in kamers woon het blykbaar net soveel vrye tyd. Daarenteen is die dae van diegene wat 'n huis of woonstel bewoon of wat by 'n familielid inwoon, baie voller beset. Dit is dan ook 'n belangrike rede waarom die bejaardes wat nog redelik gesond is, in behuisingskemas gehuisves behoort te word. Hierdie aspek is in hoofstuk 3 behandel.

#### VRYE TYD VAN BEJAARDES VOLGENS WOONPLEK

| Vrye tyd                  | Ouetehuis |      | Losies |      | Kamer  |      | Ander  |      | Totaal |      |
|---------------------------|-----------|------|--------|------|--------|------|--------|------|--------|------|
|                           | Ge=tal    | %    | Ge=tal | %    | Ge=tal | %    | Ge=tal | %    | Ge=tal | %    |
| Heeldag vry               | 140       | 93,3 | 8      | 88,9 | 47     | 94,0 | 168    | 69,7 | 363    | 80,7 |
| Ongeveer halwe dag vry    | 4         | 2,7  | 0      | 0    | 2      | 4,0  | 28     | 11,6 | 34     | 7,5  |
| Paar uur per dag vry      | 6         | 4,0  | 1      | 11,1 | 1      | 2,0  | 40     | 16,6 | 48     | 10,7 |
| Feitlik geen vrye tyd nie | 0         | 0    | 0      | 0    | 0      | 0    | 5      | 2,1  | 5      | 1,1  |
|                           | 150       | 100  | 9      | 100  | 50     | 100  | 241    | 100  | 450    | 100  |

Tabel XIII

Die belangstellings van die bejaardes, wat in noue verband staan met vryetydsbesteding, word in paragraaf 8.12 saam met die leessmaak van bejaardes behandel, omdat dit ten nouste daarmee saamhang.

## 8.12 Die belangstellings en leessmaak van bejaardes

Leessmaak, veral wat nie-fiksie betref, is tot 'n groot mate op die lesers se belangstellings gebaseer. Daarom is dit nodig om eers te bepaal waarin die bejaarde belangstel voordat 'n studie van sy lees=smaak gemaak kan word. Tabel XIV toon die belangstellings van Pretoria se bejaardes aan soos uit die opname geblyk het.

Soos aangedui in tabel XIV stel 78,2% van die ondergroep in godsdiens belang. Daar is ook bevind dat 82,6% Afrikaanssprekendes en 50,8% Engelssprekendes in godsdiens belangstel. Hiervan kan nie sonder meer afgelei word dat die Engelssprekendes minder gods=dienstig aangelê is as die Afrikaanssprekendes nie. Die Engelssprekendes het 'n leestradisie en hulle lees baie ander boeke, terwyl baie Afrikaanssprekende bejaardes nog nie 'n leestradisie ontwikkel het nie en hoofsaaklik hulle Bybel en kerklike publikasies lees.

Daar is ook 'n verband te bespeur tussen die onderwyspeil en die belangstelling in godsdiens. Die hoogste persentasie belangstelling in godsdiens, naamlik 85,5% val in die groep wat nie standerd ses behaal het nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat, as gevolg van die lae onderwyspeil, daar nie veel ander belangstellings in die jong dae was nie.

# BELANGSTELLINGS VAN BEJAARDES

| Belangstelling               | Mans       |      | Dames      |      | Mans en Dames |      |
|------------------------------|------------|------|------------|------|---------------|------|
|                              | Ge=<br>tal | %    | Ge=<br>tal | %    | Ge=<br>tal    | %    |
| Godsdiens                    | 108        | 73,0 | 243        | 80,7 | 351           | 78,2 |
| Naaldwerk                    | 2          | 1,4  | 194        | 64,5 | 196           | 43,7 |
| Diere                        | 61         | 41,2 | 120        | 39,9 | 181           | 40,3 |
| Musiek                       | 50         | 33,8 | 117        | 38,9 | 167           | 37,2 |
| Politiek en<br>wêreldgebeure | 68         | 45,9 | 90         | 29,9 | 158           | 35,2 |
| Tuinmaak                     | 59         | 39,9 | 92         | 30,6 | 151           | 33,6 |
| Kookkuns                     | 8          | 5,4  | 134        | 44,5 | 142           | 31,6 |
| Sport                        | 65         | 43,9 | 45         | 15,0 | 110           | 24,5 |
| Toneel                       | 18         | 12,2 | 55         | 18,3 | 73            | 16,3 |
| Sielkunde                    | 22         | 14,9 | 43         | 14,3 | 65            | 14,5 |
| Blommerangskikking           | 4          | 2,7  | 55         | 18,3 | 59            | 13,1 |
| Opera                        | 17         | 11,5 | 42         | 14,0 | 59            | 13,1 |
| Wetenskap                    | 32         | 21,6 | 25         | 8,3  | 57            | 12,7 |
| Ballet                       | 12         | 8,1  | 33         | 11,0 | 45            | 10,0 |
| Hengel                       | 16         | 10,8 | 6          | 2,0  | 22            | 4,9  |
| Fotografie                   | 9          | 6,1  | 5          | 1,7  | 14            | 3,1  |
| Houtwerk                     | 13         | 8,8  | 0          | 0,0  | 13            | 2,9  |
| Muntversameling              | 4          | 2,7  | 5          | 1,7  | 9             | 2,0  |
| Seëlversameling              | 2          | 1,4  | 5          | 1,7  | 7             | 1,6  |
| Metaalwerk                   | 5          | 3,4  | 0          | 0,0  | 5             | 1,1  |
| Rottangwerk                  | 0          | 0,0  | 4          | 1,3  | 4             | 0,9  |
| Piouterwerk                  | 0          | 0,0  | 2          | 0,7  | 2             | 0,4  |

## Belangstellings van bejaardes

| Belangstelling | Mans       |     | Dames      |     | Mans en Dames |     |
|----------------|------------|-----|------------|-----|---------------|-----|
|                | Ge=<br>tal | %   | Ge=<br>tal | %   | Ge=<br>tal    | %   |
| Leerwerk       | 0          | 0,0 | 2          | 0,7 | 2             | 0,4 |
| Skulpwerk      | 0          | 0,0 | 0          | 0,0 | 0             | 0,0 |
| Pottebakkery   | 0          | 0,0 | 0          | 0,0 | 0             | 0,0 |

\*

\*Argeologie en ou-geskiedenis was ongelukkig nie aanvanklik in die vraelys ingesluit nie, totdat daar tydens die opname besef is dat die bejaardes 'n besondere belangstelling daarin het, veral omdat dit agtergrondsinsligting vir die Bybel verskaf. Dit is dus nie moontlik om 'n juiste persentasie van hierdie belangstelling aan te dui nie. Wat sielkunde betref, kan daar nie op die gegewens peil getrek word nie, want dit het geblyk dat die bejaardes nie altyd 'n duidelike begrip van die betekenis van die term gehad het nie. Dit het soms gelyk of hulle meen dat sielkunde met godsdiens te doen het.

## Tabel XIV

Dit blyk ook dat daar 'n toename in belangstelling in opera, toneel en ballet is namate die onderwyspeil styg. Aangesien die getalle in die selle van die tabelle oor hierdie aspek redelik klein is, kan daaruit egter nie tendense bepaal word nie. Die belangstelling in opera, ballet en toneel is by die Engelssprekende sterker as by die Afrikaanssprekende, naamlik 28,6% teenoor 10,4% in opera, 22,2% teenoor 7,5% in ballet en 28,6% teenoor 14,2% in toneel. Die rede vir hierdie verskynsel is waarskynlik daarin geleë dat die Afrikaanssprekendes oorwegend van die platteland afkomstig is, waar daar in die

vroeër jare nie veel geneeltheid was om 'n waardering vir kultuuraan= geleenthede te ontwikkel nie, terwyl die Engelssprekendes in die stede wel die geleentheid daartoe gehad het.

Beide mans en dames stel lewendig belang in die politiek en wêreld= gebeure naamlik 45,9% mans en 29,9% dames. Daar is ook bevind dat die Afrikaanssprekendes meer as die Engelssprekendes in politiek en wêreldgebeure belangstel, naamlik 37,4% teenoor 20,6%.

Howel 24,5% in sport belangstel, neem net 2% nog aktief daaraan deel en dan feitlik net aan rolbal.

Daar kan nou oorgegaan word tot 'n ondersoek van die resultate van die opname oor die leessmaak van Pretoria se bejaardes soos in ta= bel XV verstrek word.

Boeke met 'n godsdienstige strekking is die kategorie wat die meeste deur die bejaardes van Pretoria gelees word, naamlik 66,2%. As ge= volg van die feit dat 'n groot persentasie van Pretoria se bejaardes 'n lae onderwyspeil en feitlik geen leestradisie het nie, lees hulle hoof= saaklik net hulle Bybel en godsdienstige blaaie. In ooreenstemming met die belangstellings, lees die Afrikaanssprekendes meer chris= telike lektuur as die Engelssprekendes, naamlik 73,2% teenoor 33,5%. Soos ook reeds genoem is, kan as rede hiervoor dien dat die Engels= sprekenes meesal in die stad opgegroeï het waar hulle, as gevolg van beter onderwysfasiliteite, 'n hoër ontwikkelingspeil kon bereik en 'n leestradisie kon ontwikkel. Hulle lees baie wyer as net die Bybel en noem derhalwe nie spesifiek christelike boeke as 'n kategorie waar= in hulle belangstel nie. In die voorstede van Pretoria, waar daar oor=

## LEESSMAAK VAN BEJAARDES

| Kategorie<br>leesstof                     | Mans       |      | Dames      |      | Mans en Dames |      |
|-------------------------------------------|------------|------|------------|------|---------------|------|
|                                           | Ge=<br>tal | %    | Ge=<br>tal | %    | Ge=<br>tal    | %    |
| Boeke met 'n gods=<br>dienstige strekking | 90         | 60,8 | 208        | 68,9 | 298           | 66,2 |
| Koerante                                  | 105        | 70,9 | 178        | 59,1 | 283           | 63,0 |
| Tydskrifte                                | 77         | 52,0 | 194        | 64,5 | 271           | 60,4 |
| Romans                                    | 46         | 31,1 | 142        | 47,2 | 188           | 41,9 |
| Speurverhale                              | 59         | 39,9 | 95         | 31,6 | 154           | 34,3 |
| Biografie                                 | 47         | 31,8 | 105        | 34,9 | 152           | 33,9 |
| Geskiedenis                               | 57         | 38,5 | 95         | 31,6 | 152           | 33,9 |
| Reisbeskrywings                           | 48         | 32,4 | 94         | 31,2 | 142           | 31,6 |
| Avontuurverhale                           | 46         | 31,1 | 82         | 27,2 | 128           | 28,5 |
| Foto- en prenteverhale                    | 17         | 11,5 | 37         | 12,3 | 54            | 12,0 |
| Gedigte                                   | 13         | 8,8  | 38         | 12,6 | 51            | 11,4 |
| Ander letterkundige<br>werke              | 7          | 4,7  | 29         | 9,6  | 36            | 8,0  |
| Drama                                     | 7          | 4,7  | 27         | 9,0  | 34            | 7,6  |
| Wilde Weste-stories                       | 19         | 12,8 | 13         | 4,3  | 32            | 7,1  |
| Wetenskapfiksie                           | 12         | 8,1  | 9          | 3,0  | 21            | 4,7  |

## Tabel XV

wegend Afrikaanssprekendes woon, is daar veral 'n groot belangstel=  
ling in christelike lektuur. In Wonderboom-suid, waar die verhouding  
Afrikaanssprekendes teenoor Engelssprekendes 25 tot een is, lees

77% van die inwoners christelike boeke. In Pretoria-sentraal, daar=  
enteen, waar daar net tweekeer soveel Afrikaanssprekendes as Engels=  
sprekendes, is, lees 30% christelike boeke. In Sunnyside/Arcadia,  
waar die twee taalgroepe min of meer ewe groot is, lees 42% chris=  
telike boeke. Pretoria-Noord, waar 72% van die bejaarde inwoners  
christelike boeke lees, Capital Park met 85%, Waverley met 79%,  
East Lynne met 83% en Claremont/Daspoort met 80%, is almal oor=  
wegend Afrikaanssprekende gebiede.

In die een ouetehuis waar die inwoners feitlik net Engelssprekend is,  
is 90% van die inwoners nie in christelike boeke geïnteresseerd nie.  
In die ander ouetehuse, waar die inwoners feitlik deurgaans Afrikaans=  
sprekend is, lees 81,4% christelike boeke. Hieruit vind ons verdere  
bevestiging dat die Afrikaanssprekende bejaardes baie meer chris=  
like boeke as die Engelssprekendes lees.

Koerante is tweede op die ranglys wat gewildheid betref, naamlik 63%.  
Die feit dat 35,2% in die politiek en wêreldgebeure belangstel (kyk ta=  
bel XIV), is waarskynlik een van die redes waarom so baie bejaardes  
graag koerante lees. Baie van hulle stel natuurlik ook lewendig belang  
in die plaaslike gebeure en die gewone sensasionele nuusbrokkies.

Die derde in gewildheid is tydskrifte, naamlik 60,4%. In die voorsie=  
ning van 'n biblioteekdiens aan ouetehuse, klubs vir bejaardes en  
dienssentra, sal dit sterk oorweeg moet word om ook koerante en  
tydskrifte te voorsien, want daar is blykbaar 'n groot behoefte  
daaraan.

Die volgende kategorie volgens gewildheid is romans, naamlik 41,9%.

Dan volg speurverhale, 34,3%. Dit is verbasend dat soveel van die ouer dames speurverhaalverslaafdes is.

Die bejaarde lees ook graag lewensbeskrywings, veral oor persone wat sy tydgenote was en werke oor geskiedenis, veral die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat in werklikheid 'n deel van sy lewe was.

Net so min as wat die jong geslag in persone soos Generaals De Wet, Botha of Smuts belangstel, net so min stel die ouer geslag belang in die lewensbeskrywings van die jonger figure. Elkeen lees graag oor persone en gebeurtenisse waarmee hy bekend is. Dit blyk dat reisverhale ook redelik gewild is.

Die ander kategorieë soos Wilde Weste-stories, gedigte en drama vind feitlik geen byval nie. Wetenskapfiksie is die kategorie wat heel onder aan die lys staan wat gewildheid betref. Dit is 'n tipe verhaal wat vir die bejaarde heeltemal vreemd is.

Foto- en prenteverhalwe word nie alleen baie min gelees nie, maar die meeste bejaardes het sterk gereageer op die vraag of hulle daarin belangstel. Wat hulle betref is foto- en prenteverhale uit die bose.

Daar moet daarteen gewaak word om nie op grond van die voorgaande aanduidings, soos blyk uit die opname, tot vaste gevolgtrekkings oor die leessmaak van die bejaardes in Pretoria te geraak nie. 'n Groot persentasie bejaardes het nog nie 'n leestradisie nie. Deur aanmoediging en die regte leiding en veral deur die regte boeke te voorsien, mag daar wyer as die Bybel en godsdienstige lektuur gelees word. Baie bejaardes is nog heeltemal onkundig omtrent die waarde van lees vir die oudag en omtrent die biblioteekfasiliteite wat daar tot hulle beskikking is.



Baie bejaardes is ook nie in staat om die Openbare Biblioteek se dienspunte te besoek nie en daar word nog geen diens aan die huisgebondenes gelewer nie. Wanneer hierdie tuisdiens deur 'n opgeleide bibliotekaresse, wat die moeite doen om die bejaardes se belangstelling te peil en hulle te stimuleer deur interessante boeke met die regte tema aan te beveel, gelewer word, mag die beeld heeltemal verander.

Die diens in die ouetehuse word tans deur van die inwoners gelewer. Hierdie persone is nie in staat om die bejaardes aan te moedig en te inspireer om die biblioteekdepot te gebruik nie en is ook nie bevoeg om 'n lesersgidstdiens te lewer nie.

Elke volgende geslag bejaardes se opvoedkundige peil sal na verwagting hoër as dié van die vorige geslag wees. Dit mag die leespatroon sodanig beïnvloed, dat oor 'n dekade 'n opname van Pretoria ander resultate mag oplewer.

## 9 Voorgestelde program vir biblioteekdienste aan bejaardes in Pretoria

### 9.1 Motivering vir 'n aktiewe biblioteekdiens aan bejaardes deur die Pretoriase Openbare Biblioteek

In die voorgaande hoofstukke is aangedui watter belangrike hydrae die boek in die lewe van die bejaarde kan speel om die eensame ure van sy vrye tyd aangenaam en nuttig te bestee, om nuwe belangstellings te wek en om sy lewe te verryk. Daar is ook gewys op die belangrike rol wat die openbare biblioteek in bejaardesorg behoort te speel.

Aangesien die openbare biblioteek van die stad Pretoria sy taak as volwaardige openbare biblioteek slegs kan vervul as hy in die biblioteekbehoefte van sy hele gemeenskap voorsien, is dit sy plig om sy dienste ook aan die ongeveer 15 000 Blanke bejaarde inwoners te lewer.

Dit is verder die plig van die stad se Openbare Biblioteek om dieselfde gehalte diens, wat die gewone gebruikers geniet, aan elkeen van sy bejaardes, wat nog waarde uit 'n boek kan put, te lewer. Daar bestaan geen rede waarom die Republiek se hoofstad nie ook soos talle Amerikaanse en ander oorsese stede, sy openbare biblioteek se dienste binne bereik van al sy bejaardes, hetsy huisgebondenens, inwoners van ouetehuse of hospitaalsiënte, kan stel nie.

Uit 'n ontleding van die gegewens wat tydens die opname gelê is, blyk

dit dat net 25% van al die bejaardes in Pretoria, dit wil sê, diegene binne en buite die ouetehuse, van 'n biblioteekdiens gebruik maak. Die Openbare Biblioteek het dus nog 'n groot taak om te vervul teen= oor ongeveer 75% van Pretoria se bejaardes, naamlik om deur leiding en aanmoediging die waarde van lees vir die oudag by die bejaarde tuis te bring en om die nodige dienste te voorsien sodat elke potensieële leser in staat gestel kan word om sy dienste te gebruik.

Volgens die Buro vir Statistiek was die Blanke bevolking van Pretoria in 1970 325 923. Ongelukkig is nog geen gegewens van die getal be= jaardes of die getal inwoners van ouetehuse in Pretoria vir 1970 beskikbaar nie. Volgens gegewens vir 1960 is die Blanke bevolking 226 612, die bejaardes 10 475 en die bejaardes in inrigtings 807. Die toename in die bevolkingsyfer vanaf 1960 tot 1970 is 43,9%. As die= selfde tempo van toename op die bejaardes van toepassing is, dan word beraam dat Pretoria in 1970 15 073 bejaarde inwoners het. Volgens Anderson se opname van 1965 is 8,4% van Pretoria se bejaardes in ouetehuse.<sup>1)</sup> Daarvolgens is ongeveer 1 300 bejaardes in tehuse en 13 700 daarbuite.

Volgens die ondersoekster se opname gebruik 57,3% van die bejaardes in die ouetehuse die biblioteekdiens, terwyl net 6,2% van diegene buite die ouetehuse van die Openbare Biblioteek se dienspunte gebruik maak. Die feit dat die inwoners van die tehuse meer vrye tyd het as diegene wat in huise woon, kan nie vir hierdie groot verskil verantwoordelik wees nie, veral omdat net 10,5% van diegene buite die tehuse minder

1) ANDERSON, W.W. op.cit., p.67.

as die helfte van die dag vry het. (Kyk tabel XIII.) Die enigste logiese rede vir die groot verskil in die gebruik van 'n biblioteekdiens tussen die tehuisbewoners en die ander, is dat die biblioteekfasiliteite vir laasgenoemde nie so maklik bereikbaar is as vir die eersgenoemde nie. Daar is geen rede waarom dieselfde persentasie van diegene buite die tehuise as die tehuisbewoners nie ook die diens sal gebruik nie.

Dit hou in dat 57,3% van die nie-tehuisbewoners ook in biblioteekdiens belang sal stel as dit binne hulle bereik gebring word. Daar is dus meer as 7 000 potensiële bejaarde biblioteekgebruikers vir die tuisdienste.

Hierdie gegewens is redelik in ooreenstemming met die 52% van die ondersoekgroep wat in die opname die begeerte uitgespreek het om 'n tuisdiens te ontvang.

## 9.2 Huidige stand van dienste aan bejaardes

Die Pretoriase Openbare Biblioteek het tans nog geen definitiewe program vir 'n diens aan bejaardes nie. Die Openbare Biblioteek het eers op 1 Julie 1964 tot stand gekom en moes in die afgelope sewe jaar sy diens vir Blankes, Kleurlinge, Asiërs en Bantoes feitlik uit die grond opbou. Tans word die Blankes in Pretoria bedien deur 'n hoofbiblioteek, 13 takbiblioteke, 30 depots vir geslote gemeenskappe en twee reisende biblioteke wat 36 stilhouplekke bedien. Vir die Nie-blankes word voorsiening gemaak deur een takbiblioteek vir Kleurlinge, twee takbiblioteke vir Asiërs en drie takbiblioteke vir Bantoes. 'n Vierde takbiblioteek vir Bantoes word eersdaags geopen en 'n der=

de reisende biblioteek is in aanbou.

Die Biblioteek het verder nog geen doelmatige biblioteekgebou nie.

Die hoofbiblioteek se dienspunte is tans in 'n deel van die Staatsbiblioteek se gebou gehuisves, en die ander afdelings moes in die Stadsraad se hoofkantoor, Munitoria, onderdak vind. Daar is tans dus net ruimte vir die heel basiese dienste. Die nuwe gebou vir die Pretoriase Openbare Biblioteek word beplan en is tans tot op sketsplanstadium. Daar in word wel voorsiening gemaak vir die behoeftes van die bejaardes.

Die volgende is die enigste dienste wat op hierdie stadium aan bejaardes gelewer word:

Agt ouetehuse en een klub vir bejaardes het biblioteekdepots van die Openbare Biblioteek. Hulle word al om die ander maand besoek en 'n deel van die boekevoorraad word met elke besoek omgeruil. Spesiale aanvrae vir boeke word gereeld voorsien. Die diens word deur van die inwoners van die tēhuse, en in twee gevalle deur vrywilligers van buite, behartig.

Die reisende biblioteke bedien weekliks die bejaardes van twee behuissingskemas. Slegs die lesers wat nog in staat is om self boeke by die reisende biblioteek uit te neem, kan hierdie diens gebruik.

Grootdrukboeke in Afrikaans en Engels word in al die dienspunte vir al die rassegroepe voorsien.

Die diens van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes word deur die Openbare Biblioteek aan die blinde lesers van Pretoria, waaronder ook bejaardes, beskikbaar gestel. Die Biblioteek bepaal die be-

hoeftes van die blindes in Pretoria, ondersoek die verdienstelikheid van elke geval en stel vas wat die lesers se belangstellings en leessmaak is. Die kassettespelers en fonoboeke word dan van die Biblioteek vir Blindes aangevra en deur die personeel van die Openbare Biblioteek aan die lesers voorsien. Die Openbare Biblioteek tree slegs op as die skakel om die diens van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes aan die blinde lesers van Pretoria beskikbaar te stel en om die spesifieke boeke wat aangevra word te verkry. Dit is dus 'n uitbreiding van die Openbare Biblioteek se interbiblioteekleendiens.

Die volgende is die voordele verbonde aan hierdie stelsel waardeur die blinde lesers deur die plaaslike openbare biblioteek die dienste van die Biblioteek vir Blindes in Grahamstad gebruik in plaas daarvan om 'n direkte diens per pos te ontvang: Die diens is nog baie onbekend aan die blindes buite Grahamstad. Die plaaslike bibliotekaris is beter daartoe in staat om die blinde lesers te werf deur samewerking met predikante, welsynswerkers, geneeshere, hospitale, die plaaslike pers, die nuusbrief van die stadsraad, ens. Die plaaslike bibliotekaris kan die verdienstelikheid van elke geval ondersoek. Die gesertifiseerde blindes lewer geen probleem op nie, maar in die geval van swaksiendes is dit wel nodig om vas te stel of die persoon nie nog van die grootdrukboeke gebruik kan maak nie. Die bejaarde swaksiende lesers ondervind soms, veral in die beginstadium, probleme om die kassettespelers te verstaan, hoewel die apparaat uiters eenvoudig is. Die biblioteekpersoneel verleen hiermee hulp. Die plaaslike bibliotekaris help die lesers met die keuse van boeke, sodat die blinde leser dieselfde lesersgidstdiens as die gewone leser ontvang. Hierby is die katalogus van die Biblioteek vir Blindes met sy opsom-

mings 'n waardevolle hulpmiddel. Deurdat die openbare biblioteek 'n paar kasette in voorraad hou, wat dadelik voorsien kan word terwyl daar op die aangevraagde boeke gewag word, is die leser nooit sonder leesstof nie. Hierdie is 'n belangrike faktor want vir die blinde bejaarde is lees en die radio feitlik die enigste twee vorms van tydverdryf. Die diens aan blinde lesers, net soos die diens aan die huisgebondenenes, is 'n individuele diens. Die persoonlike kontak met die biblioteekpersoneel is van groot belang, want daardeur voel die leser dat hy, net soos alle ander lesers, by sy plaaslike biblioteekdiens ingeskakel is, en dit dra daartoe by om hom 'n normale lewe te laat lei. Blinde bejaardes het soms ook probleme om die kasette gepos te kry.

In die hoofbiblioteek is daar 'n hoekie met gemakstoel spesiaal met die oog op die bejaardes se behoeftes ingerig, waar populêre boeke in lae rakke uitgestal word. In die takbiblioteke en by die reisende biblioteke word daar ook spesiale aandag aan die bejaarde gebruikers geskenk, wat beide die voorraad en dienste betref.

Hoewel daar nog weinig sprake van 'n doelgerigte biblioteekdiens vir bejaardes is, besoek 'n klompie van die ouer mense, wat nog beweeglik is, gereeld die Openbare Biblioteek se dienspunte terwyl vriende en familieledes vir sommige bejaardes die boeke by die dienspunte uitneem.

### 9.3 Voorgestelde dienste

#### 9.3.1 Algemeen

Net soos wat dit feitlik onmoontlik is om tans die gewone biblioteek=

diens vooruit te beplan as gevolg van die fenomenale bevolkingsuitbreiding wat die stad Pretoria in die afgelope tyd ondergaan het, net so onmoontlik is dit om enigsins akkuraat vir die biblioteekdienste aan bejaardes vooruit te beplan. Dit is nie net moeilik om kwantitatief te beplan nie maar die bejaardes se leespatroon verander ook algaande. Die volgende geslag bejaardes mag meer en ook baie meer krities lees as die huidige geslag, as gevolg van die gedurige styging van die onderwyspeil en die ontwikkeling van 'n leestradisie.

Soos reeds genoem is, kan die Openbare Biblioteek gedurende die volgende paar jaar, tot tyd en wyl die nuwe biblioteekgebou voltooi is, nie veel nuwe dienste instel nie. 'n Saak wat egter nou reeds oorweging behoort te geniet is die vrystelling van boetegelde vir bejaardes op die volgende gronde:

- i Die ouer mense vind dit soms moeilik om die biblioteek gereeld te besoek, veral omdat hulle so dikwels nie gesond voel nie en ook omdat hulle nie altyd oor vervoer beskik nie.
- ii Hulle het gewoonlik nie 'n groot inkomste nie. Tydens die opname is daar bevind dat meer as die helfte van Pretoria se bejaardes, naamlik 52,1%, ouderdomspensioentrekkers is en dit dus nie juis baie breed het nie.
- iii Daar bestaan reeds 'n reëling dat bejaardes in ouetehuse en die huisgebondenenes nie boetegelde betaal nie.

Hierdie vergunning sal nie 'n groot aantal van die biblioteekgebruikers raak nie, want net 6,2% van die bejaardes neem tans boeke by een van die Openbare Biblioteek se dienspunte uit.



Oriëntasie in dienslewering aan bejaardes behoort 'n deel van alle professionele personeellede se indiensopleiding en van die formele kursusse wat die Biblioteek vir hulle aanbied, te vorm.

### 9.3.2 Diens in die Hoofbiblioteek

Daar is geen aanbevelings vir verbetering van die diens in die huidige gebou nie. In die beplanning van die nuwe gebou behoort die behoeftes van die bejaarde gebruikers in ag geneem te word veral wat betref die ingange tot die gebou, sodat tenminste een ingang vir rystoelgebruikers geskik is. Die vertikale vervoer behoort sodanig te wees dat die bejaardes al die afdelings vir volwassenes maklik kan bereik; trappe moet tot 'n minimum beperk word en daar moet genoeg gemakstoele in die leenafdeling en in die leeskamer vir volwassenes voorsien word. Goeie beligting en voorsiening dat boeke maklik gesien en bereik kan word, is elemente van geboubeplanning wat vir alle gebruikers belangrik is.

Daar moet nie 'n aparte afdeling vir die ouer lesers wees nie. Hulle moet, soos tans, ingeskakel bly by die dienste vir volwassenes met die nodige voorsiening van die regte literatuur en die individuele aandag van die personeel.

### 9.3.3 Dienste buite die Hoofbiblioteek

Afgesien van die dienste in die Hoofbiblioteek, moet daar in die bejaardes se behoeftes voorsien word deur dienslewering aan ouetehuse,

dienssentra, klubs vir bejaardes, huisgebondenenes en hospitaalpasiënte.

#### 9.3.3.1 Organisasie en boekevoorraad


Die dienste buite die Hooftbiblioteek moet organisatories ingeskakel word by die Seksie vir Tak- en Reisende Biblioteke, wat uitgebrei moet word om dienste aan huisgebondenenes in te sluit. Organisasie= kaart nommer 1 hieronder toon die huidige organisasiestruktuur (net die hoofindelings) van hierdie seksie aan, en nommer 2 die voorge= stelde struktuur.

Indien die diens sodanig uitbrei dat die dienste vir die depots en vir die huisgebondenenes nie meer elk deur een assistent-biblioteekaresse behartig kan word nie, kan die depots en die huisgebondenenes ook elk in 'n oostelike en 'n westelike gebied, soos in die geval van die Tak- en Reisende Biblioteke, verdeel word.

Die keuring van die boeke vir bejaarde lesers behoort, net soos tans, deel van die gewone keuringsproses te vorm. Die senior biblioteka= resse in beheer van die Seksie vir Tak- en Reisende Biblioteke is lid van die Boekkeuringskomitee en hou die behoeftes van al haar lesers in gedagte met die keuring van boeke. Die assistent-bibliotekaresses, wat met die diens aan die depots en die huisgebondenenes belas is, en wat dus direk vir die dienste aan bejaardes verantwoordelik is, moet met die boekkeuring behulpsaam wees en deurgaans hulle lesers se behoeftes stel en aanbevelings vir boekaankope maak.


Tans is daar twee boekversamelings in hierdie seksie, naamlik die

## BESTAANDE ORGANISASIESTRUKTUUR (net hoofdelings)



## Organisasiekaart no. 1

## VOORGESTELDE ORGANISASIESTRUKTUUR (net hoofdelings)



## Organisasiekaart no. 2

voorraad vir die reisende biblioteke en die sentrale voorraad vir tak-biblioteke, hospitale en depots. Daar behoort 'n derde versameling opgebou te word, naamlik vir die bejaardes. Hierdie voorraad moet gebruik word vir die ouetehuse, dienssentra, klubs vir bejaardes, behuisingskemas vir bejaardes en bejaarde huisgebondenenes. Die afdeling vir bejaardes moet, waar nodig, boeke aan en van die ander afdelings leen. Die hele boekevoorraad van die Openbare Biblioteek moet tot die beskikking van die bejaardes vir spesiale aanvrae wees, en nie-fiksie, wat nie in voorraad is nie, moet van ander biblioteke geleen word. Die grootdrukboeke en fonoboeke behoort 'n deel van die boekevoorraad vir bejaardes te vorm.

### 9.3.3.2 Diens aan ouetehuse

Daar bestaan tans 16 geregistreeerde ouetehuse in Pretoria wat ongeveer 8,4% van Pretoria se bejaardes huisves. 'n Verdere paar tehuse word tans beplan of is reeds in aanbou. Agt van die bestaande tehuse het elk 'n biblioteekdepot van die Openbare Biblioteek. Uitbreiding van die biblioteekdiens aan ouetehuse hang nie soveel van die getal tehuse en hulle inwoners af nie, as van die belangstelling wat die besture van die tehuse in 'n biblioteekdiens het. 'n Depot kan alleen gestig word indien die bestuur van die tehuis daarom vra, en hier moet nog baie oortuigingswerk deur die Openbare Biblioteek gedoen word. Maar, soos in die geval van die ander dienste aan bejaardes, sal die diens aan die ouetehuse eers werklik gepropageer kan word wanneer die Biblioteek oor die nodige ruimte en fasiliteite beskik om 'n volwaardige diens te lewer.

Soos reeds voorheen gemeld is, kom die diens aan ouetehuse glad nie tot sy reg nie. Daar word aanbeveel dat die diens soos volg uitgebrei word: Daar moet op hoë vlak met die Departemente van Volkswelsyn en Pensioene en Gemeenskapsbou onderhandel word, om dit as 'n vereiste te stel dat geen ouetehuis of dienssentrum, sonder doelmatige voorsiening vir die huisvesting van 'n biblioteekdepot, beplan mag word nie. Die inrigting moet ook 'n geskikte persoon benoem wat verantwoordelik vir die depot is. Die depot word dan so dikwels as moontlik, vir 'n periode soos deur die aantal gebruikers bepaal word, vir die lesers oopgestel, waartydens 'n opgeleide personeellid (die assistent-biblioteekaresse belas met die diens aan depots) die diens kom lewer. Sy lewer dan die nodige lesersgidstdiens, inligtingsdiens, ens., ontvang aanvrae vir spesifieke boeke, wat nie in die depot beskikbaar is nie en, indien enigsins moontlik, voorsien sy hulle reeds die volgende week. Sy bedien ook die bejaardes wat aan hulle kamers gekluister is of tydelik die bed moet hou. Die inwoner wat vir die depot verantwoordelik is, help met die roetinetake soos kaartjies liasseer, boeke uitreik en terugontvang, boeke wegpak en lank uitstaande boeke terugkry. Sy lig ook die biblioteekaresse in omtrent nuwe intrekkers, gebruikers wat ongesteld is, sterfgevälle, potensiële lesers wat swaksiende is, ens.

Die biblioteekaresse moet sorg dat sy die lesers se belangstellings en leessmaak peil sodat die regte boeke voorsien kan word. Sy moet die diens bekendstel deur by geleentheid die inwoners toe te spreek en deur nuwe inwoners te besoek. Dit sal hoofsaaklik van die biblioteekaresse afhang hoe dinamies die diens sal wees.

Privaat tehuise, wat net 'n paar inwoners het, kan by die diens aan

huisgebondenenes ingesluit of deur die reisende biblioteke bedien word.

#### 9.3.3.3 Diens aan klubs vir bejaardes

Pretoria het tans twee klubs vir bejaardes, naamlik die Harmonie-klub en die Op-en-Wakkerklub. Albei die klubs het 'n depot van die Openbare Biblioteek gehad. Laasgenoemde se depot moes egter, tot groot spyt van die bestuur van die klub, gesluit word, omdat geen geskikte persoon gevind kon word om die depot te behartig nie. Dit is te betreur, want die meeste van die lede is vereensaamde bejaardes wat alleen woon. Indien die diens een keer per week deur die biblioteekpersoneel gelewer kan word, behoort dit goeie vrugte af te werp. Daar word dus aanbeveel dat die diens aan klubs op dieselfde manier behartig word as die diens aan ouetehuse.

#### 9.3.3.4 Diens aan behuisingskemas en dienssentra

Pretoria beskik nog oor geen behuisingskema met 'n dienssentrum nie. Twee van die ses behuisingskemas, waar die bejaardes in eie woonstelle of huisies woon, word tans deur die reisende biblioteke bedien, terwyl een 'n depot het. Daar word aanbeveel dat die depots op dieselfde manier as die depots in tehuise en klubs behartig word. Die behuisingskemas wat tans deur die reisende biblioteke bedien word, het nie geskikte huisvesting vir 'n depot nie. Daar word aanbeveel dat die reisende biblioteke voortgaan om hulle te bedien, maar dat die diens uitgebrei word sodat die personeel diegene, wat nie meer mobiel is nie, tydens die besoek van die reisende biblioteek in

hulle huise of woonstelle bedien.

As gevolg van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se beleid om die bejaardes so lank as moontlik selfstandig in hulle eie wonings te laat bly, kan daar groot uitbreiding in die voorsiening van hierdie tipe behuising verwag word. Die Openbare Biblioteek moet van die Stadsraad se Departement Beplanning vroegtydig vasstel waar behuisingskemas en dienssentra opgerig gaan word, en dienste daarvoor beplan.

'n Dienssentrum behoort 'n biblioteekdepot en 'n aparte leeskamer met koerante en tydskrifte te hê. Die depot moet, net soos die depots van tehuise en klubs, geadministreer word, terwyl die leeskamer onder toesig van een van die lede daaglik tot die beskikking van die lesers behoort te wees.

#### 9.3.3.5 Diens aan huisgebondenenes

Soos reeds gemeld is, het Pretoria meer as 7 000 potensiële gebruikers van die tuisdiens. Vanselfsprekend sal hulle nie almal verdienstelike gevalle wees nie. Die Openbare Biblioteek sal ook nie aanvanklik vir so 'n groot getal kan beplan nie, maar behoort te begin met een personeellid wat hoogstens 200 lesers kan bedien. Namate die diens bekend word en die aanvraag toeneem, sal die diens geleidelik uitgebrei moet word om in die behoeftes te voorsien.

Daar is met die opname bevind dat daar 'n verband is tussen die woonplek van die bejaardes en hulle begeerte om 'n tuisdiens te ontvang.

Van diegene wat in woonstelle woon of loseer, verlang tussen 24% en 35% 'n tuisdiens, terwyl die persentasie van dié wat, in huise of kamers of by hulle kinders inwoon, wissel van 50% tot 58%. Die bejaardes wat in hotelle of losieshuise inwoon, is nog mobiel en hulle is dus gewoonlik nog in staat om die biblioteek of die reisende biblioteek of die klub vir bejaardes wat 'n depot het, te besoek. Die woonstelle is gewoonlik naby die middestad geleë, en die bewoners kan dan óf 'n dienspunt van die Openbare Biblioteek óf die depot van hulle klub gebruik. Die groot behoefte aan 'n tuisdiens bestaan, volgens die opname, in sommige van die voorstede. 'n Ontleding van die getal bejaardes, wat 'n tuisdiens verlang, volgens die gebied waar hulle woon, bevestig dit want in Pretoria-sentraal stel net 3% van die bejaardes in 'n tuisdiens belang teenoor 80% en meer in Capital Park, Rietondal, Riviera, East Lynne, Erasmia en Valhalla. 33% van die totale getal persone, wat 'n tuisdiens verlang, woon in Wonderboom-suid, Rietfontein en Villieria; 8% in Arcadia, Sunnyside en Muckleneuk, terwyl die hele res van Pretoria vir die oorblywende 59% gevalle verantwoordelik is. Hierdie inligting is belangrik vir die beplanning van die diens aan huisgebondenenes.

Die tipe materiaal wat nodig is om die huisgebondenenes te bedien, moet in gedagte gehou word met die beplanning van hierdie diens. Daar is bevind dat 68,9% van die bejaardes gewone druk kan lees; 25,8% net grootdruk kan lees; 0,2% net prenteboeke kan lees en 5,1% op fonoboeke aangewese is (kyk tabel X).

Daar moet vanselfsprekend nie uit die oog verloor word dat die diens aan huisgebondenenes nie slegs vir bejaardes bedoel is nie. Met die uitsondering van die blinde lesers, wat heelwat jongeres insluit, sal die



oorgrote meerderheid egter bejaard wees.

Samevattend kan gekonstateer word dat:

i daar werklik 'n behoefte aan 'n diens vir die huisgebondenes in Pretoria bestaan omdat daar meer as 7 000 potensiële gebruikers is, waarvan almal egter nie noodwendig verdienstelike gevalle sal wees nie;

ii dit raadsaam is om die diens op 'n klein skaal te begin en dan, namate die aanvraag toeneem, dit geleidelik uit te brei;

iii die gebied Wonderboom-suid, Rietfontein, Villieria die grootste konsentrasie van potensiële gebruikers van hierdie diens het en dus die eerste aandag behoort te geniet, en dat die sentrale dele van die stad tot die laaste gelaat kan word, behalwe waar spesifieke aansoeke om die diens ontvang word;

iv die grootste persentasie bejaardes nog gewone druk kan lees, maar dat vir ongeveer 26% van die gebruikers grootdrukboeke voorsien sal moet word, en dat daar ongeveer 400 blindes is wat op fonoboeke aangewese sal wees.

Daar word aanbeveel dat, soos reeds deur die Stadsraad goedgekeur is, die diens aan huisgebondenes in die boekjaar 1971/72 ingestel word met een personeellid en een voertuig om ongeveer 200 lesers te bedien en dat die diens daarna geleidelik uitgebrei word namate die aanvraag daarvoor toeneem.

Dit is belangrik dat die betrokke personeellid baie versigtig gekeur

moet word, want sy moet nie net 'n bekwame bibliotekaresse met 'n goeie boekekennis wees nie, maar sy moet ook die regte benadering teenoor die bejaarde hê. Sy moet ook bereid wees om haar kennis van die bejaarde en sy probleme uit te brei. Sy moet 'n deeglike indiensopleiding ontvang, en 'n handleiding met die basiese inligting, wat deur bejaardes benodig mag word, moet vir haar gebruik voorsien word. Hierdie aangeleentheid is vollediger in paragraaf 6.3.3.4 bespreek.

Geskikte vervoer is baie belangrik vir hierdie diens. Die voertuig moet klein wees, omdat dit net in die stad gebruik word en veral met die oog op parkeerprobleme en die feit dat 'n dame dit moet bestuur. 'n Ligte paneelwa met 'n hoë dak en voorsien van rakke, word aanbeveel, sodat die boeke in groepe georden kan word, byvoorbeeld grootdrukboeke, ligte romans, gesofistikeerde romans, speurverhale en biografie. Dit is egter nie nodig om 'n groot voorraad boeke in die voertuig te hê nie, want in 'n voor- of namiddag sal nie meer as ongeveer 10 persone bedien kan word nie. Die bibliotekaresse behoort haar lesers se behoeftes te ken en haar voertuig met inagneming daarvan te laai.

Lede vir die tuisdiens kan soos volg gewerf word: Die 157 persone wat tydens die opname die begeerte uitgespreek het om die diens te ontvang en diegene wat reeds daarom aansoek gedoen het, moet almal as potensiële lede van die diens beskou word. 'n Groot deel van die werwing is dus reeds afgehandel. Die ondersoekgroep was egter net 'n steekproef, en daarom moet die diens onder die aandag van die publiek gebring word om die belangstellendes, wat nie by die ondersoek betrek was nie, die geleentheid te gee om ook die diens

te kan gebruik. Daar is talle maniere om die diens bekend te stel, onder andere, 'n artikel in die plaaslike pers en die Stadsraad se nuusbrief, wat saam met die water- en ligterekenings uitgestuur word, en 'n berig oor die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie se streeknuus; deur samewerking met welsynswerkers, predikante en liefdadigheidsorganisasies en ook die Streeksraad van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir die Welsyn van Bejaardes, wat in noue voeling met die behoeftige bejaardes, wat alleen in kamers en losieshuise woon, is, en wat inligting oor verdienstelike gevalle kan verstrek; deur 'n brosjure oor die diens in hospitale en in die dienspunte van die Openbare Biblioteek te versprei en deur praatjies oor die diens aan vroue- en ander organisasies te lewer. Volgens die bibliotekaresse wat die tuisdiens van die Johannesburgse Openbare Biblioteek lewer, word goeie reklame gedoen deur die gebruikers van die diens wat hulle vriende daarvan in kennis stel.

Wanneer die bibliotekaresse kennis van 'n persoon wat in die tuisdiens belangstel, ontvang, besoek sy hom om in 'n onderhoud vas te stel of hy die diens behoort te ontvang en, indien wel, om die volgende inligting in te win: hoe ver hy op skool gevorder het; waar hy grootgeword het en wat sy beroep was; wat sy belangstellings en stokperdjies is; watter tipe boeke hy graag lees; wie sy geliefkoosde skrywers, indien enige, is; in watter tale hy leesstof verlang en watter vorm lektuur aan hom voorsien moet word, naamlik boeke in gewone of grootdruk, of fonoboeke. 'n Rekord van hierdie inligting word vir elke leser opgestel. Die bibliotekaresse bepaal dan verder, in oorlegpleging met die leser en met inagneming van haar rooster, vasgestelde tye waarop sy die leser sal besoek. Sy tref ook verdere

reëlins in verband met die diens, onder andere, die getal boeke wat die leser op 'n keer wil ontvang. Huisgebondenenes behoort binne redelike perke soveel boeke uit te neem as wat hulle verlang.

Die leserkundige hulp wat die bibliotekaresse aan haar lesers gee, word op die inligting, wat sy aanvanklik ingewin het, gebaseer en op wat sy met elke besoek van haar lesers leer. Omdat dit 'n individuele diens is, behoort sy haar lesers naderhand so goed te ken dat sy presies sal weet wat om vir elkeen aan te beveel.

Dit is nie nodig dat die huisgebondenenes belas word om lidmaatskapkaarte te voltooi nie. Die bibliotekaresse moet self 'n ledelys vir rekorddoeleindes opstel.

Daar is verskillende uitreikmetodes, wat vir 'n tuisdiens van hierdie aard, geskik is. Die vereistes vir so 'n uitleenstelsel is dat daar 'n rekord moet wees met die leser se naam en adres, sy registrasienommer, sy gebrek, sy belangstellings, die tipe literatuur waarin hy belangstel ten opsigte van beide die fisiese vorm en die inhoud, hoeveel boeke hy op 'n keer wens uit te neem en enige verdere inligting wat kan bydra om 'n doeltreffende diens te lewer.

Dit is belangrik dat die bibliotekaresse, met die uitsoek van boeke vir haar lesers, kan vasstel of 'n boek reeds voorheen aan 'n leser uitgereik was. Dit kan bewerkstellig word deur of 'n strokie met al die lesers se registrasienommers daarop voor in elke boek te plak en dan, wanneer 'n gebruiker 'n boek uitneem, sy nommer deur te haal, of deur die leser se nommer by uitreiking van 'n boek, op die strokie voorin die boek te skryf, of deur op die leser se kaart 'n

rekord te hou van elke boek wat hy uitneem.

Daar is geen beperking op die leentydperk van boeke nie, en boete=gelde word nie gehef nie. Die lederegister, hetsy op kaarte of in 'n boek, word op kantoor gehou terwyl die uitreikkaarte en die rekord=kaart van die leser tydens besoeke saamgeneem word. Die statistiek van uitreikings volgens fiksie en nie-fiksie word tydens elke besoek opgeteken.

#### 9.3.3.6 Hospitaaldiens

Die Openbare Biblioteek lewer tans 'n diens aan twee privaat hospitale in Pretoria. Gedurende 1971/72 neem die Openbare Biblioteek die diens aan die provinsiale hospitale in Pretoria oor van die Transvaal=se Provinsiale Biblioteekdiens. Die bejaardes wat hulle in hospitale of geriatriese klinieke bevind, behoort net soos enige van die hospi=taalpasiente, 'n biblioteekdiens te ontvang.

#### 9.3.4 Biblioteekprogramme

Die idee van 'n klub is vir baie bejaardes heeltemal vreemd omdat hulle nooit in hulle jong dae daaraan behoort het nie. Dit was egter vir die ondersoekster 'n openbaring dat so baie bejaardes, selfs die=gene wat nie veel in lees belang gestel het nie, maar alte gretig was om programme wat in die biblioteek aangebied kan word, by te woon.

Volgens die opname van Anderson, woon slegs 21,4% van die bejaar=

des tenminste een keer in twee weke buitenshuise vermaaklikhede soos filmvertonings, musiekkonserte, toneelopvoerings, opvoedkundige lesings, operas, balletuitvoerings en debatsverenigings by, terwyl 39% die begeerte uitgespreek het om meer aan hierdie bedrywighede te kan deelneem. 2,8% van sy steekproef het aan 'n klub vir bejaardes behoort, terwyl 54,6% graag daaraan sou wou behoort indien die geleentheid hom voordoen en indien hulle in staat sou wees om die klub te bereik.<sup>2)</sup> Uit hierdie ondersoek het dit dus geblyk dat 'n groot persentasie van die bejaardes graag aan aktiwiteite soos dié wat met 'n biblioteekprogram beoog word, sou wou deelneem.

Die huidige ondersoek het die volgende resultate oor biblioteekprogramme vir bejaardes opgelewer: 54,7% van die ondersoeksgroep stel in programme belang, mits vervoer voorsien word. Die 45,3% wat nie belangstel nie, sluit in die bedlêendes, die blindes en diegene wat nog so aktief is dat hulle funksies kan bywoon. 'n Baie klein persentasie het geen belangstelling in die programme getoon nie. Van diegene wat wel in programme belangstel, wil 16% weekliks, 75% maandeliks en 9% kwartaalliks dit bywoon. Meer as die helfte van die bejaardes stel dus in programme belang en driekwart van hulle verkies 'n maandelikse aanbieding.

Dit is interessant dat, hoewel die Engelssprekendes baie meer as die Afrikaanssprekendes in die kunste soos opera en ballet belangstel soos in paragraaf 8.12 genoem is, die twee taalgroepe feitlik eweveel belangstelling in die programme toon, naamlik 44,6% van die Engelssprekendes teenoor 44,4% van die Afrikaanssprekendes.

Uit die opname blyk dit dat daar nie juis 'n verband is tussen die woon-

2) Ibid., p.454 - 9.

plek van bejaardes en hulle begeerte om programme by te woon nie. Van diegene wat in hulle eie huise woon, stel 54,5% daarin belang om die programme by te woon, 65,9% wat in huurhuise woon, 62,7% woonstelbewoners, 50% wat in kamers woon, 33,3% wat loseer, 53% wat inwoners van ouetehuse is en 52,6% van diegene wat by hulle kinders inwoon. 'n Mens sou verwag dat die laasgenoemde groep minder behoefte aan die bywoning van programme sou hê, omdat hulle nie vereensaam is nie en wel soms deur hulle kinders uitgeneem word. Maar dit wil voorkom of 'n groot persentasie van alle bejaardes graag hierdie programme wil bywoon.

Die resultate van die opname het ook getoon dat daar geen verband tussen die woongebied van die bejaardes en hulle behoefte om programme by te woon is nie. Die minste belangstelling is in East Lynne, waar slegs 33% van die bejaardes die programme wil bywoon. In Arcadia/Sunnyside stel 59% belang, in Pretoria-wes 63%, in Booysen/Claremont 64%, in Erasmia en Silverton elk 83% en in Wespark 86%. In al die ander voorstede stel ongeveer die helfte van die bejaarde inwoners in programme belang.

Die biblioteekprogramme vir bejaardes behoort 'n deel van die Openbare Biblioteek se groeppaktiwiteite te vorm. Daar word tans egter geen aandag aan groeppaktiwiteite bestee nie, as gevolg van die gebrek aan ruimte. In die nuwe biblioteekgebou sal daar lokale van verskillende groottes en met die nodige fasiliteite vir groeppaktiwiteite wees. Die bibliotekaris in beheer van die groeppaktiwiteite behoort dan verantwoordelik te wees vir die reël van die biblioteekprogramme. Die volgende skema word in die vooruitsig gestel: Die instelling van die programme moet, net soos in die geval van die diens aan huisgebon-

denes, bekend gestel word. Aanvanklik moet daar 'n kwartaallikse aanbieding wees en indien die gewildheid daarvan dit regverdig, kan oorweeg word om dit meer gereeld aan te bied. Die program vir 'n vergadering behoort 'n praatjie en/of filmvertoning, 'n musiekitem of spellesing of 'n ander uitvoering in te sluit en daar moet geleentheid vir bespreking, hetsy van die film of praatjie, wees. Dit is van basiese belang dat daar altyd 'n boekuitstalling oor die tema van die vergadering sal wees en 'n paar boeke oor die onderwerp van die volgende vergadering aanbeveel word. Daar moet nooit uit die oog verloor word nie dat, sover dit die Biblioteek aangaan, die enigste doel van die biblioteekprogramme is om die gebruik van die boek te bevorder.

Die bejaardes moet soveel as moontlik by die organisasie van die programme betrek word, deurdat voorstelle tydens elke vergadering gevra word vir temas en ander items vir toekomstige programme en deur soveel van hulle as moontlik te laat optree en aan die besprekings te laat deelneem.

Verversings moet tydens die vergaderings bedien word, en gratis vervoer na die Biblioteek en terug moet verskaf word.

Wanneer die programme goed gevestig is, behoort besprekingsgroepe volgens belangstelling ingestel te word. Om hierdie groepe in te stel sonder om die rooster te swaar te laai, kan die algemene vergadering periodiek deur die groepbesprekings vervang word.



### 9.3.5 Inligtingsdiens

Tans bestaan die Openbare Biblioteek se inligtingsdiens aan bejaardes daaruit dat boekuitstallings oor bejaardheid en vir bejaardes soms aangebied word en dat die personeel by geleentheid konferensies en vergaderings oor die waarde van lees vir bejaardes en die beskikbare biblioteekdienste vir hierdie ouderdomsgroep toespreek. Die gewone inligtingsdiens, wat vir alle gebruikers beskikbaar gestel word, word ook aan bejaardes gelewer. Boeke oor bejaardesorg word vir beide die naslaanvoorraad en die voorraad van die hoof- en takbiblioteke se leenafdelings aangekoop.

Die Openbare Biblioteek behoort 'n doelgerigte inligtingsprogram, wat op die bejaarde en sy behoeftes toegespits is, in te stel. Instansies wat met bejaardesorg gemoeid is, trouens die hele gemeenskap, moet ingelig word oor die dienste wat die Biblioteek vir die ouer mense aanbied. Inligtingsbronne oor die bejaarde en sy probleme moet gereeld onder die aandag van nywerhede, staatsdepartemente en ander werkgewers gebring word. Maar dis nie net die instansies wat met bejaardes te doen het, wat 'n inligtingsdiens moet ontvang nie. Daar moet vir die bejaarde self ook 'n diens gelewer word waar deur hy inligting oor mediese, welsyns- en ander dienste kan bekom. Die bejaarde en sy probleme en belangstellings behoort gereeld aandag in die Biblioteek se boekuitstallings te geniet.

'n Doeltreffende inligtingsprogram oor en vir bejaardes is een van die vereistes vir 'n kwalitatiewe dienslewering aan hierdie ouderdomsgroep.

## 10 Slotopmerking

Hierdie ondersoek na die biblioteekbehoefte van bejaardes was vir die ondersoekster persoonlik van groot waarde. Die opname van Pretoria se bejaardes was 'n besondere belewenis. Orals is die ondersoekster baie gulhartig ontvang en die bejaardes het die grootste waardering getoon vir die feit dat hulle behoeftes aandag geniet. Baie waardevolle inligting, wat nie in die voltooië vraelyste weer=spieël word nie, is ook ingewin. Daarbenewens was dit voorwaar 'n aangename ondervinding om kennis te maak met interessante persoonlikhede, interessante staaltjies en interessante benaderings. Die ondersoekster is onvermydelik deur die opname verruk.

Afgesien van die persoonlike baat wat die ondersoekster by die studie gevind het, het dit ook praktiese resultate opgelewer, naamlik:

- Die Pretoriase Openbare Biblioteek help nou blinde lesers om die dienste van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes in Grahamstad te gebruik.
- 'n Versoek is tot die Afrikaanse kerke gerig om die publikasie van tydskrifartikels in grootdruk te oorweeg. Nuusbriewe in grootdruk is sedertdien deur sommige kerke uitgegee en preke in grootdruk is in ouetehuse beskikbaar gestel.
- Verhoë is tot die uitgewers van die Afrikaanse boeke in grootdruk gerig om die boeke in kleiner formaat te laat verskyn en om titels,

wat meer geskik vir bejaardes is, in grootdruk uit te gee.

- Die Stadsraad van Pretoria het die instelling van 'n diens aan huisgebondenenes goedgekeur.
- As gevolg van die opname is 'n aantal nuwe depots by ouetehuse gestig.

Die volgende sake rakende die diens aan bejaardes is aanhangig gemaak:

- 'n Mosie vir die daarstelling van 'n vaste komitee vir biblioteekdienste aan bejaardes word by die eerskomende jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ingedien.
- Tydens die onlangse Nasionale Konferensie oor Bejaardesorg is 'n voorstel, dat 'n populêre tydskrif in grootdruk spesiaal vir bejaardes uitgegee word, ingedien.
- Leemtes in die standaard vir Suid-Afrikaanse openbare biblioteke wat bejaardes raak, is onder die aandag van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging se onderkomitee belas met die hersiening van die standaard gebring. Op versoek van hierdie komitee het die ondersoekster 'n stel standaard vir biblioteekdienste aan bejaardes opgestel en vir oorweging voorgelê.

Dit moet beklemtoon word dat die opname op die huidige behoeftes van Pretoria se bejaardes toegespits is. Dieselfde opname in 'n ander gemeenskap of op 'n ander tydstip, sal hoogswaarskynlik ander resultate oplewer.

DIE BIBLIOTEEKBEHOEFTE VAN BLANKE  
PERSONE 65 JAAR EN OUER

VRAELYSNOMMER

1 Geslag

| Manlik | Vroulik |
|--------|---------|
| 1      | 2       |

1

2 Ouderdom

| 65-69 | 70-74 | 75-79 | 80-84 | 85-89 | 90 + |
|-------|-------|-------|-------|-------|------|
| 1     | 2     | 3     | 4     | 5     | 6    |

2

3 Huwelikstaat

| Nooit<br>getroud | Getroud | Wewenaar/<br>Weduwee | Geskei |
|------------------|---------|----------------------|--------|
| 1                | 2       | 3                    | 4      |

3

4 Huistaal

| Afrikaans | Engels | Afrikaans<br>en Engels | Ander<br>(spesifiseer) |
|-----------|--------|------------------------|------------------------|
| 1         | 2      | 3                      | 4                      |

4

5 Wat is u hoogste opvoedkundige kwalifikasie?

| Was nie op<br>skool nie | Laer as<br>St. 6 | St. 6-8 | St. 9 | St. 10 |
|-------------------------|------------------|---------|-------|--------|
| 1                       | 2                | 3       | 4     | 5      |

| 'n Onderwys=<br>diploma | 'n Universi=<br>teitsgraad<br>of -diploma | 'n Universi=<br>teitsgraad en<br>onderwys=<br>diploma | Ander<br>(spesifiseer) |
|-------------------------|-------------------------------------------|-------------------------------------------------------|------------------------|
| 6                       | 7                                         | 8                                                     | 9                      |

5

7 Ontvang u 'n ouderdomspensioen?

| Ja | Nee |
|----|-----|
| 1  | 2   |

6

8 Werk u tans? Indien wel, watter soort werk doen u?

|                                                |   |
|------------------------------------------------|---|
| N.v.t., werk nie, is 'n huisvrou, het afgetree | 1 |
| Soort werk (spesifiseer)                       | 2 |

7

Indien respondent tans werk

9 Staam u heeltyds of deeltys in 'n betrekking?

| N.v.t., werk nie | Heeltyds | Deeltyds |
|------------------|----------|----------|
| 1                | 2        | 3        |

8

Indien respondent reeds afgetree het

10 Watter soort werk het u voor u aftrede gedoen?

|                                                    |   |
|----------------------------------------------------|---|
| N.v.t., respondent het nooit loonarbeid verrig nie | 1 |
| Soort werk (spesifiseer)                           | 2 |

9

11 In watter van die volgende soort wonings woon u?

|                        |   |
|------------------------|---|
| 'n Eie huis            | 1 |
| 'n Huurhuis            | 2 |
| 'n Woonstel            | 3 |
| 'n Kamer(s) in 'n huis | 4 |
| 'n Hotel of losieshuis | 5 |
| 'n Ouetehuis           | 6 |
| Ander (spesifiseer)    | 7 |

10

12 Behoort u aan enige van die onderstaande soorte klubs of verenigings?

|    |                             | Ja                            | Nee |    |
|----|-----------------------------|-------------------------------|-----|----|
| a) | 'n Professionele vereniging | 1                             | 2   | 11 |
| b) | 'n Musiekvereniging         | 1                             | 2   | 12 |
| c) | 'n Kunsvereniging           | 1                             | 2   | 13 |
| d) | 'n Liefdadigheidsvereniging | 1                             | 2   | 14 |
| e) | 'n Leesunie                 | 1                             | 2   | 15 |
| f) | 'n Kaartspeelklub           | 1                             | 2   | 16 |
| g) | Die Vroue-Landbou-unie      | <u>N.v.t., is 'n man</u><br>1 |     | 17 |
| h) | S.A. Vrouefederasie         | <u>N.v.t., is 'n man</u><br>1 |     | 18 |
| i) | 'n Sportklub                | 1                             | 2   | 19 |
| j) | 'n Klub vir bejaardes       | 1                             | 2   | 20 |
| k) | 'n Kerklike vereniging      | 1                             | 2   | 21 |

13 Behoort u aan enige ander soort klub of vereniging as by 12 vermeld? Indien wel, sal besonderhede waardeer word.

|                                  |   |    |
|----------------------------------|---|----|
| Nee                              | 1 |    |
| Klub of vereniging (spesifiseer) | 2 | 22 |

14 Stel u belang in

|                           | Ja | Nee |    |
|---------------------------|----|-----|----|
| Sielkunde                 | 1  | 2   | 23 |
| Gosdiens                  | 1  | 2   | 24 |
| Politiek en wêreldgebeure | 1  | 2   | 25 |
| Wetenskap                 | 1  | 2   | 26 |
| Diere                     | 1  | 2   | 27 |

Stel u belang in:

|                                      | Ja | Nee |    |
|--------------------------------------|----|-----|----|
| Kookkuns                             | 1  | 2   | 28 |
| Naaldwerk (hekel-, brei-, kralewerk) | 1  | 2   | 29 |
| Sport                                | 1  | 2   | 30 |
| Hengel                               | 1  | 2   | 31 |
| Tuinmaak                             | 1  | 2   | 32 |
| Blommerangskikking                   | 1  | 2   | 33 |
| Seëlversameling                      | 1  | 2   | 34 |
| Muntversameling                      | 1  | 2   | 35 |
| Metaalwerk                           | 1  | 2   | 36 |
| Houtwerk                             | 1  | 2   | 37 |
| Piouterwerk                          | 1  | 2   | 38 |
| Pottebakkery                         | 1  | 2   | 39 |
| Leerwerk                             | 1  | 2   | 40 |
| Rottangwerk                          | 1  | 2   | 41 |
| Skulpwerk                            | 1  | 2   | 42 |
| Fotografie                           | 1  | 2   | 43 |
| Musiek                               | 1  | 2   | 44 |
| Opera                                | 1  | 2   | 45 |
| Ballet                               | 1  | 2   | 46 |
| Toneel                               | 1  | 2   | 47 |

15 Lees u graag die volgende soorte leesstof?

|                 | Ja | Nee |    |
|-----------------|----|-----|----|
| Romans          | 1  | 2   | 48 |
| Speurverhale    | 1  | 2   | 49 |
| Avontuurverhale | 1  | 2   | 50 |

Lees u graag die volgende soorte leesstof?

|                                      | Ja | Nee |    |
|--------------------------------------|----|-----|----|
| Wetenskapfiksie                      | 1  | 2   | 51 |
| Wilde Weste-stories                  | 1  | 2   | 52 |
| Lewensbeskrywings                    | 1  | 2   | 53 |
| Reisverhale                          | 1  | 2   | 54 |
| Geskiedenis                          | 1  | 2   | 55 |
| Boeke met 'n godsdienstige strekking | 1  | 2   | 56 |
| Gedigte                              | 1  | 2   | 57 |
| Drama                                | 1  | 2   | 58 |
| Ander letterkundige werke            | 1  | 2   | 59 |
| Tydskrifte                           | 1  | 2   | 60 |
| Koerante                             | 1  | 2   | 61 |
| Foto- en prenteverhale               | 1  | 2   | 62 |

16 Wie is u gewildste skrywer/skryfster?

Naam van skrywer/skryfster? . . . . .

17 Ondervind u enige probleme met u oë om te lees? Indien wel, kan u slegs prenteboeke of slegs grootdrukboeke lees of is u oë te swak om enige iets te lees?

|                                     |   |    |
|-------------------------------------|---|----|
| Geen probleme, kan gewone druk lees | 1 |    |
| Kan slegs grootdrukboeke lees       | 2 |    |
| Kan slegs prenteboeke lees          | 3 |    |
| Kan glad nie lees nie               | 4 | 63 |



18 Hoeveel vrye tyd het u?

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| Ek het die hele dag vry         | 1 |
| Ongeveer die helfte van die dag | 2 |
| 'n Paar uur per dag             | 3 |
| Ek het byna geen vrye tyd nie   | 4 |

64

19 Hoe gereeld lees u?

|                                   |   |
|-----------------------------------|---|
| Die grootste gedeelte van die dag | 1 |
